83-1598

jeugwerk: PROGRAM-SKETSE

KITAL

Jeugwerk: Programsketse

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1983

ISBN 0 7986 0950 8

Geset, gedruk en gebind deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria

Inhoudsopgawe

A	Sien jy die voorsienigheid en heerlikheid van God in die natuur om jou raak? (Saamgestel deur ds. J.C. van der Merwe)	1
B	Die Christen en sport (Saamgestel deur ds. W.J. Steyn)	6
C	Wedergeboorte (Saamgestel deur ds. J.P. Naudé)	11
D	Bekering (Saamgestel deur ds. J.P. Naudé)	14
E	Die keuse van 'n huweliksmaat (Saamgestel deur ds. A.P.J. Beukes)	17
F	Die Bybel – die enigste norm vir ons geloof en ons lewe (Saamgestel deur dr. M.J. du P. Beukes)	22
G	Die Kerklike Tug (Saamgestel deur ds. P.J. van Staden)	28
H	Wat sê die Bybel oor die hel (Saamgestel deur ds. J.P.J. Fourie)	33
I	Satanisme (Saamgestel deur ds. W.H. Swart)	42
J	Doop met die Heilige Gees (Saamgestel deur ds. C.J.H. Steenkamp)	47
K	Pasifisme, veral m.b.t. diensplig (Saamgestel deur ds. G.P.J. Grobler)	53
L	Reïnkarnasie, Hindoeïsme en Boeddhisme (Saamgestel deur ds. J.P. Naudé)	58
M	My verhouding tot my besittings (Saamgestel deur ds. T. Snyman)	67
N	Wat verwag die Kerk van sy jongmense (Saamgestel deur ds. W.J. Slabbert)	74
O	Dienswerk van die gelowige (Saamgestel deur ds. J. Coetzee)	81
P	Lewe na die dood (Saamgestel deur ds. J.M. Delport)	84
Q	Beroep (arbeid) as roeping (Saamgestel deur ds. J. Coetzee)	89
R	Aborsie (Saamgestel deur ds. R.M. Naudé)	95
S	Nagmaal (Saamgestel deur dr. M.J. du P. Beukes)	99
T	Die wederopstanding van die vlees (Saamgestel deur ds. H.J. Botes)	104
U	Vanwaar die voorleser in die erediens? (Saamgestel deur ds. J.H. van Heerden)	109

V Christenskap en Afrikanerskap (Saamgestel deur prof. S.J. Botha) 115
W Die Christen en Televisie (Saamgestel deur ds. P.J. van Staden) 119
X Kerk en Sekte (Saamgestel deur ds. W.J. Slabbert) 123

KITAL

A Sien jy die voorsienigheid en heerlikheid van God in die natuur om jou raak?

SAAMGESTEL DEUR DS. J.C. VAN DER MERWE

Doel

Om jongmense bewus te maak om die voorsienigheid en heerlikheid van God in die natuur om 'n mens raak te sien.

Voorbereiding

1. Reël met 'n predikant om die bespreking waar te neem.
2. Die lesing en Bybelstudiestuk moet gedupliseer word sodat dit ter geleëner tyd aan kursusgangers oorhandig kan word.
3. Papier en skryfbenodigdhede moet beskikbaar wees vir diegene wat dit nie saamgebring het nie.
4. Die gebruik van 'n blaaibord is nodig. Sorg dat dit beskikbaar is.
5. *Lokaalinrigting:* tafels en stoele moet op so 'n wyse gerangskik word dat teenwoordiges die kursusleier en die blaaibord wat hy gaan gebruik, sonder moeite sal kan volg.
6. Kleingroepverdeling kan wissel van 5–8 in 'n groep.
7. Dit is wenslik om 'n staptog direk na afloop van hierdie "lesingdeel" van die program aan te pak. Dit sal dus noodsaaklik wees dat die staptog reeds volledig gereël is tydens die aanbieding van hierdie "lesinggedeelte".

Verloop van program

1. Die kursusleier bied die lesing "Sien jy die Voorsienigheid en heerlikheid van God in die natuur om jou raak?" aan die kursusgangers aan. (15 min)
2. Die kursusgangers verdeel nou in kleingroepe. Die groepleier laat hulle 5 faktore in hulle eie lewe identifiseer waarin hulle onkunde of onverskilligheid of albei met betrekking tot die natuur as God se skepping en God se onderhouding daarvan na vore gekom het.

   Dit moet telkens teen die agtergrond van die lesing geëvalueer word. Daarom sal dit goed wees indien die vooraf aangewese groepleiers betyds 'n afskrif van die lesing vir bestudering kan ontvang.

   (Sake wat veral geïdentifiseer moet word ten opsigte van onkunde of onverskilligheid is –

* Brood, melk en daaglikse voedsel word los gesien van God se sorg.
* Natuurverskynsels soos 'n "skielike" en "lastige" reënbui of seisoenswisselings word gesien as lastighede.
* Die onverskillige verhouding ten opsigte van natuurbewaring.
* Die probleem wat morsjorse veroorsaak as gevolg van onkunde.
* Die gevaar van onkunde met betrekking tot die lewe van plante, diere en voëls.) (20 min.)

3. Grootgroep kom voorts onder leiding van kursusleier byeen. Die faktore wat die kleingroep geïdentifiseer het, word kortliks genoem en in die lig van lesing se inhoud bespreek en geëvalueer. (15 min.)

   'n Blaaibord is hier 'n vereiste en soos wat die faktore genoem word, word dit aangeteken.

4. Na afloop hiervan verdeel die kursusgangers weer in die kleingroepe en vertrek so in die kleingroepe op die vooraf goedbeplande staptoer. (Die area sal die vorm van staptoer bepaal.)

   Groepleiers moet vooraf goed ingelig wees ten opsigte van die roete en wat op die roete aangetref sal word, bv. bome, grassoorte, vee, 'n waterstroom, berge, ens.

   Sorg dat die groepleiers vooraf ten minste 5 bome en/of plante kan identifiseer en uitwys. Die besondere funksie van humis (beesmis, skaapmis, verrottende plante, ens.) moet uitgewys word. Indien beskikbaar, moet eetbare plante en/of vrugte uitgewys word en moet fonteinwater gedrink word. (Tydsduur 1 uur.)

5. *Bybelstudie:* Dit kan êrens op die roete gedoen word, eerder as wat dit by die basis gedoen word. Elke kursusganger moet 'n voorafopgestelde handleiding (sien meegaande voorbeeld) ontvang en elke groep moet 1 of meer Bybels en skryfgereedskap hê. In 30 min. word Bybelstudie aan die hand van die handleiding deur die kleingroep onder leiding van die groepleier gedoen. Daarna word geleentheid gegee om in die grootgroep terug te rapporteer ten opsigte van die Bybelstudie en om te konsolideer. (20 min.) Dit geskied onder leiding van die kursusleier.

Lesing: SIEN JY DIE VOORSIENIGHEID EN HEERLIKHEID VAN GOD IN DIE NATUUR OM JOU RAAK?

Johannes Calvyn het eenmaal gesê: die hoogste doel van 'n gelukkige lewe is om God te ken. Vir niemand is dit onmoontlik om God te ken nie. God het behalwe dat Hy in die hart van die mense die saad van die Godsdiens gelê het, Homself in die hele bouwerk van die wêreld so geopenbaar dat die mens God kan sien elke keer as hy sy oë oopmaak.

Met ander woorde, waarna jy ookal mag kyk, nêrens in die natuur is daar 'n deeltjie waarin jy nie enige vonkies van die heerlikheid van God sien skitter nie.

Maar voor ons verder gaan, moet ons een ding baie goed verstaan. Want as ons dit níe verstaan nie, of as ons dít vergeet, sal ons in 'n groot dwaling beland. En dit wat ons moet verstaan is: As ons so van die openbaring van God in die natuur praat, beteken dit nie dat ons nou in die *natuur* moet gaan kyk om iets meer van God te ken nie – dit kan *nie gebeur* nie. God het Hom volledig aan ons bekend gemaak (geopenbaar), in die lewende Woord, Jesus Christus; en die getuienis aangaande hierdie volledige openbaring lees ons in die Heilige Skrif (die Bybel). Alles wat ons moet weet is in die Bybel aan ons gegee.

Maar die vraag bly, hoe moet ons dan die natuur sien? Kom ons kyk na dit wat die Bybel self daaroor sê. Vir hierdie spesifieke saak kyk ons na Ps. 19. Hierdie Psalm begin só: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend." Gaan lees gerus weer hierdie Psalm, dan sal jy sien dat hoewel God Homself in die Bybel bekendmaak as die Skepper, die Verlosser en die Trooster dit tog logies is dat sy handewerk sy handtekening sal dra. Die skepping, hierdie natuur om jou, dra dus iets van die Skepper.

Kyk bv. na Ps. 19. Ps. 19 wil sê: Jy wat in Genesis lees dat God die Hemel en die aarde en alles daarin gemaak het, jy wat God in sy Woord leer as die Skepper – kyk na die nagtelike Hemel en sien die sterremenigte van die uitspansel, en weet dit is die werk van Sy hande. Daarom moet ons die Skepper loof want Hy het dit groots gemaak.

Dr. Gerrit Velthuysen het eenmaal hiervan gesê: Wanneer ons tussen die veldblomme loop kan ons Hom prys omdat Hy dit mooi gemaak het; wanneer ons op die bergtop staan en uitkyk oor die deining van die bos en veld en klowe; wanneer ons die miere sien beur; wanneer ons die gang van die arend sien; die glinstering van 'n vis in die bergpoel; die kraailag van 'n babatjie in 'n wieg; hiervoor mag ons Hom dank omdat Hy alles wonderlik gemaak het. Sy werke getuig van die werk van Sy goeie hande.

'n Mens kan moeilik 'n beter beskrywing van God se Mag gee as wat Calvyn dit gedoen het. Hy het gesê: "Daar is ook nog God se Mag wat ons uit die Skepping leer ken. Dit getuig tog van groot krag om hierdie geweldige gevaarte van hemel en aarde, alléén deur 'n Woord te onderhou; om net deur 'n wenk te gee die hemele te laat bewe deur die gerommel van die donder, die lug een vlam van weerlig te maak, die see in bedwang te hou en sy golwe opgesweep deur die wind weer te kalmeer. Dit is die weg om God te soek. Ons moet die lyne volg wat sy beeld oral vir ons teken. Sy almag lei ons weer om sy ewigheid te bedink.

En as daar gevra word waarom God dit alles gemaak het, is daar maar net een antwoord – Sy goedheid, Ps. 145:9 – Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.

Ons het dus geen bewys nodig om die majesteit van God aan te toon nie. Al die bewyse, so sê Calvyn, lê so voor die hand dat dit maklik met die oë gesien en met die vingers aangewys kan word.

Maar hoewel dit alles waar is, mag ons nooit vergeet dat God Homself volkome in sy Woord bekend gemaak het nie. Dieselfde Calvyn wat van God se openbaring in die natuur gepraat het, sê ook: "Hoewel daar vir die ondankbaarheid van die mense geen verontskuldiging is nie en hoewel God Hom in die skepsels aan almal sonder uitsondering openbaar, is dit tog noodsaaklik dat daar ander en beter hulpmiddels bykom wat ons op die regte manier by die Skepper van die wêreld sal bring. Dit is die lig van Sy Woord sodat ons Hom tot Saligheid sal ken. Hierdie voorreg het hy hulle waardig geag wat Hy nader om Hom wil versamel."

Ek wil nie aan die natuur 'n belangriker plek toeken as wat dit behoort te hê nie. Ek wil ook nie vir julle leer dat God in die Natuur te vinde is nie. Al wat ek graag wil hê, is dat julle elkeen sal verstaan: Ons het die voorreg dat God se Skepping aan ons gegee is tot ons voordeel en tot ons vreugde en so moet ons dit met dankbaarheid gebruik en geniet. Al wat ons moet doen, is om ook aan God se handewerk sy Grootheid en Troue Sorg raak te sien en voorts moet ons die nodige eerbied vir al die skoonheid van God se Skepping betoon.

Wat julle netnou in die kleingroepe kan doen, is om bietjie te dink oor al die maniere waarop mense en miskien onsself ook onverskillig en oneerbiedig teenoor God se skepping is, bv. morsjorsigheid, onverskilligheid teenoor natuurbewaring, ens.

BYBELSTUDIEGEDEELTE

Onthou: Die Bybel wil iets met jou bereik. As jy vra wat prakties die doelstellings is wat die Bybel in jou lewe wil bereik, is die antwoord – om die aandag op Jesus Christus te vestig. Maarten Luther het eenmaal gesê: "Soos 'n moeder na die wiegie gaan *net* om haar kind daar te vind, gaan ons na die Bybel net om Christus te vind. Die hoofdoel van die Bybel is om die mens na sy Verlosser te lei deur geloof aan te wakker."

Dit is ook die doel van hierdie Bybelstudie.

1. Lees Genesis 1 en 2 aandagtig deur.
   Lees ook Eksodus 20:11, Job 33:4, Hand. 4:24, Hand. 14:15 en Ps. 33:6.

   Opmerking:

   Die groot drama van die oorsprong van alle dinge begin by God. In eenvoudige, helder taal word die wonder en rykdom van die skepping uit die vormloosheid tot vrugbare lewe beskryf. Maar dit is meer as net mooi beskrywing. Dit vertel ons wat nodig is om te weet sodat ons onsself en die wêreld om ons kan begryp.

   Watter teksverse uit Genesis 1 en 2 sou mens kon aanhaal om die volgende te vind?:

(a) Die ontstaan van die wêreld en van die lewe was geen toeval nie. Daar is 'n Skepper: God .....
(b) God het alles wat bestaan gemaak .....
(c) Alles wat God gemaak het was goed .....
(d) Die hoogtepunt van al God se skeppingsdade was die skepping van die mens .....
(e) Die mensdom word in twee opsigte van alle ander skepsele onderskei:
* hy alleen is na die beeld van God self geskape en
* hy is oor al die ander aangestel
(f) Die ses "dae" waarin God sy skeppingswerk verrig het, gevolg deur 'n "dag" van rus, bepaal die arbeidsritmes van die mens.

2. Lees die volgende verse noukeurig deur en beantwoord die volgende vraag:
Het God die wêreld, nadat Hy dit geskape het, sommer net aan homself oorgelaat, of onderhou en regeer God die wêreld van die begin af tot nou toe? Waarom sê jy so?
Hebr. 1 :3; Ps. 104:24–30; Ps. 115:3; Matt. 10:29 en Ef. 1:11.
3. Hoe raak God se voorsienigheid en sorg jou?
Lees die volgende verse deur en skryf dan die belangrikste verse neer waarom jy sal sê dat God jou met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg:
Ps. 55:23; Matt. 6:25–26 en Luk. 12:22.
4. Sê in jou eie woorde wat Matt. 6:32–33 en Matt. 7:7–11 leer?
5. Wat glo jy van die almagtige en alomteenwoordige krag van God? Voordat jy jou vraag beantwoord, lees eers Hand. 17:25–28; Jer. 23:23–24; Jes. 29:15–16 en Eseg. 8:12.
6. Wat glo jy van God se onderhouding en regering?:
6.1 dat God net "toesig" hou oor 'n "outomatiese" wêreld? òf
6.2 dat God hemel en aarde en al die skepsels met sy hand onderhou en nog regeer?
Lees eers: Heb. 1:3.
7. Is dit per toeval dat daar lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alle dinge is, of kom hierdie dinge uit sy Vaderhand?
Hoe sou jy antwoord as jy die volgende gedeeltes gelees het: Jer. 5:24; Hand. 14:17; Joh. 9:3; Spr. 22:2; Matt. 10:29 en Spr. 16:33?
Skryf alles waaraan jy kan dink neer waaraan jy God se almag en heerlikheid in die natuur kan raaksien.

B Die Christen en sport

SAAMGESTEL DEUR DS. W.J. STEYN

Doel

Om die Christen-jongmens op die positiewe sowel as negatiewe faktore van sportbeoefening te wys.

Voorbereiding

1. Reël met 'n kundige (predikant/ouderling) om die bespreking waar te neem.
2. Daar kan van 'n oorhoofse projektor gebruik gemaak word om die SAMEVATTING aan die gehoor oor te dra.
3. Genoegsame eksemplare van die Waar/Onwaar-vraelys moet beskikbaar wees vir die teenwoordiges.
4. *Lokaalinrigting:* genoeg tafels en stoele vir die verwagte aantal moet beskikbaar wees wat in groepies van 5–8 geplaas word.

Verloop van program

1. Plaas die toehoorders in kleingroepe.
2. Open met paslike Skriflesing, gebed en sang.
3. Deel aan elke toehoorder 'n Waar/Onwaar-vraelys uit.
4. Elke individu kry 5 min. geleentheid om die Waar/Onwaar-vraelys te voltooi.
5. Elke stelling word nou in die kleingroepe bespreek. By die eenstemmige stellings word die motivering ook bygeskryf. (30 min.)
   In die plek van 4 en 5 (verloop van die program) kan die volgende werksopdrag ook gevolg word:
   (4) Elke individu indentifiseer, volgens sy/haar oordeel, die vyf vernaamste oorsake van georganiseerde sport op Sondag (5 min.)
   (5) Binne die kleingroepe word oplossings gevind vir die bekamping/voorkoming van georganiseerde Sondagsport (30 min.)
6. Kleingroepe kry geleentheid om kortliks hulle groep se eenstemmige stellings aan die grootgroep oor te dra (15–30 min.) terwyl die byeenkomsleier kommentaar lewer (toelig, byvoeg, ens.) waar nodig.
7. Kundige spreker lewer die lesing.
8. Verrigtinge sluit met sang en gebed.

KITAL

WAAR/ONWAAR-VRAELYS

	Waar	Onwaar
1. Om sport te beoefen, is slegs vir skoliere en studente bedoel	☐	☐
2. Die absolute minimum tyd mag aan sport spandeer word	☐	☐
3. Sport se waarde strek net tot die duur van die spel self	☐	☐
4. Dit is verkeerd en sondig om altyd die wenner te wil wees	☐	☐
5. Die Tien Gebooie praat nêrens daaroor dat ek my liggaam moet versorg nie	☐	☐
6. 'n Mens se *gewete* sal vir jou sê of jy op 'n Sondag aan sport mag deelneem of nie	☐	☐
7. 'n Mens mag maar voor 'n wedstryd tot God bid	☐	☐
8. 'n Mens mag God nie vra dat jy die wenner sal wees nie	☐	☐
9. Die kerk het niks te sê oor hoe en wanneer ek my sport beoefen nie	☐	☐
10. Dit is sondige afgodery om 'n sportheld te hê en sy foto in jou kamer te hang	☐	☐

ÒF

(i) Identifiseer die vyf vernaamste oorsake van georganiseerde sport op Sondag.
(ii) Vind oplossings hiervoor.

DIE CHRISTEN EN SPORT

Inleiding

Ons leef in 'n land wat met sy ideale weersomstandighede hom by uitnemendheid leen tot die beoefening van sport en ontspanning. Die hele jaar deur, winter en somer, kan die een of ander sportsoort of ontspanning beoefen word.

Dit is dan ook heel begryplik dat sport en ontspanning 'n belangrike deel van ons lewenswyse uitmaak en groot prominensie in die openbare media soos pers, radio en televisie geniet. Die bewering word selfs gemaak dat dit te veel prominensie geniet en dat ons mense in Suid-Afrika "sportmal" is.

Soms kan 'n mens nie anders as om in 'n groot mate saam te stem nie. Ons sal die saak dus van albei kante moet bekyk. Ons sal moet kyk na die positiewe sowel as negatiewe kant van sport en ontspanning.

Goddelike ordening

Geen mens kan dag in en dag uit, 24 uur uit 24 uur, 7 dae in 'n week, net werk nie.

Dit was ook nie God se bedoeling nie. In Sy alwysheid het God dit juis so verorden dat die dag deur die nag afgewissel sou word en dat een dag in die week 'n rusdag sou wees. God wil dus dat die mens soms van sy taak en roeping moet rus.

Verder is dit algemene kennis dat geen mens altyd sy beste kan lewer as hy net gedurig werk op sy brein het nie. Juis met die oog daarop dat jy tot jou volle potensiaal sal arbei, is dit nodig dat die mens hom van tyd tot tyd van sy werk sal terugtrek om te ontspan en die een of ander stokperdjie of sport beoefen.

Soos wat 'n mens na 'n vakansie weer met nuwe moed en lus en ywer jou taak aanpak, so is dit noodsaaklik dat jy ook op hierdie manier jouself weer "regkry" en motiveer vir jou dagtaak.

Positiewe waarde

Die positiewe waarde van sport kan nog verder uitgebrei word.

1. Die bekendste is seker die ou bekende gesegde dat in 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees woon. Dit is redelik vanselfsprekend dat jy harder sal kan werk en langer sal kan konsentreer op jou werk as jy fiks is as wanneer jy onfiks is; dat jy verantwoordelikheid beter sal kan dra, spanning beter sal kan verwerk, druk beter sal kan vat, kortom, jou werk beter en effektiewer sal kan doen as jy fiks is as wanneer jy onfiks is. Die gesonde en fiks persoon kan dus die samelewing ook beter dien vanweë harder en produktiewer werk.
2. Deur sport kan 'n mens se karakter en persoonlikheid ook positief ontwikkel en gevorm word. Op 'n heel besondere manier word sekere belangrike lewensfeite en 'n lewenshouding immers aangeleer. Sport leer jou byvoorbeeld om binne die reëls te wedywer, want jy kan nie wen as jy nie volgens die reëls van die spel gespeel het nie. So word jy dan geleer om eerlik te wees en om binne die reëls die beste te bereik waartoe jy in staat is.
3. Sport kan jou ook leer om vinnig en korrek op te tree; om binne sekondes planne te maak en die regte besluite te neem. Dit kan jou ook leer om tussen die belangrike en die onbelangrike te onderskei. Dit leer jou immers om die situasie onder oë te sien en te evalueer. Dit leer jou

om nie alleen jou teenstander op te som en deur te kyk nie, maar om ook die swak plekke in jou eie mondering raak te sien en daar werk van te maak.

4. Sport kan jou ook leer om hard te werk. Jy sal immers nie die oorwinning behaal of die hoogste louere inoes as jy nie bereid is om ure te oefen en nogmaals te oefen nie.
5. Hiermee saam leer sport jou ook om ter wille van die einddoel sekere opofferings te maak. 'n Mens kan nie maar op jou stuitjie bly sit en hoop dat alles na jou verlange en wense sal verloop nie.
6. Verder kan sport jou ook leer om te veg, om nie te gaan lê of tou op te gooi as daar teleurstellings en teëspoed en selfs neerlae kom nie en aan die ander kant hoe om juis sulke teëspoed teenslae, teleurstellings en neerlae te verwerk. 'n Bekende sportman het dan ook onlangs gesê dat 'n mens nie waarlik kan wen as jy nie geleer het wat dit is om te verloor nie.
7. Sport kan jou ook leer hoe om met ander mense saam te werk; om ander mense se opinies en besluite te respekteer; dat ons nie almal eenders is en eenders dink nie. Jy leer ook dat jy as individu altyd deel uitmaak van 'n groter groep, 'n skool, 'n volk en 'n land en dat jy in daardie verband 'n rol kan en moet speel. Sport kan dus 'n ongesonde individualisme asook alle egosentriese en selfsugtige neigings by die wortel afbreek. So kan sport jou leer dat eie belang en voordeel nie altyd voorop moet staan nie.
8. Nog een van die groot waardes van sport is dat dit jou kan leer om nie hoog- of grootmoedig nie, maar altyd nederig te wees. Hoe word mens nie soms hard aarde toe gebring sodra jy jouself begin verbeel dat jy "iets" is nie.
9. Op 'n heel besondere manier kan sport jou selfs leer om jou afhanklikheid van God te besef. Watter sportman of -vrou het nie al voor 'n belangrike wedstryd of wedloop of toernooi die oë gesluit en om krag gebid nie.
10. Sport kan dus 'n leerskool in die ware sin van die woord wees want die ervaring op die sportveld opgedoen, kan met groot vrug op byna elke lewensterrein gebruik word.

Die negatiewe

1. Aan die negatiewe kant moet beslis gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van sport. Sport mag darem nooit 'n te groot deel van ons lewe opeis of te veel tyd in beslag neem nie. Die doel van sport, het ons gesê, is dat ons met nog groter ywer en lus ons taak en roeping sal kan vervul. Daarom moet altyd daarteen gewaak word dat sport inbreuk maak op ons werk en dat dit ons gedagtes en gesprekke heeltemal oorheers. Ons mag nie van sport 'n afgod maak nie.

2. Dikwels lei sportbeoefening ook tot oortreding van die vierde gebod. Dan bly mense selfs van die erediens af weg om hulle sport of spel te beoefen.
3. Nog iets waarteen gewaak moet word, is dat die wenmotief so 'n belangrike rol speel dat die spel self skade ly. Niemand neem seker deel met die doel om te verloor nie, maar aan die ander kant moet steeds onthou word dat die doel van sport is om die mens se liggaam en gees te verfris sodat hy weer liggaamlik en geestelik fiks sal wees vir sy werk.

Samevattend

Samevattend wil ons dus volstaan deur te sê dat sport 'n relatief belangrike plek in ons lewe kan en mag inneem.

Dit is immers 'n besliste hulpmiddel om te ontspan sodat ons weer met nuwe ywer en moed en lus ons roeping sal vervul.

Tweedens hou dit ons liggaamlik gesond en fiks sodat ons effektiewer kan werk. Derdens help dit op verskeie maniere ons karakter en persoonlikheid vorm. Vierdens is dit 'n leerskool waarvan die ervaring vir ons van groot hulp en waarde kan wees in die gewone lewe van elke dag.

Aan die ander kant moet ons egter dringend wys op die gevaar dat sport 'n te groot plek op ons rooster kan inneem en dat sport ons selfs van God en sy kerk kan vervreem.

C Wedergeboorte

KITAL

SAAMGESTEL DEUR DS. J.P. NAUDÉ

Doel

Om kursusgangers duidelik te laat verstaan wat *wedergeboorte* is.

Voorbereiding

1. 'n Predikant moet as gespreksleier voorgaan in die hantering van dié onderwerp.
2. Genoeg eksemplare van die lesing tesame met die kontrolevrae moet gedupliseer word om ter geleëner tyd aan toehoorders uit te deel.
3. Papier en skryfbenodigdhede moet beskikbaar wees.
4. Die gebruik van 'n blaaibord om die hoofgedagtes van die lesing neer te skryf, sal waardevol wees.
5. *Lokaalinrigting:* tafels en stoele moet op so 'n wyse gerangskik word dat almal die kursusleier en die hulpmiddele wat hy aanwend gemaklik sal kan sien.

Verloop van program

1. Plaas teenwoordiges in kleingroepe en laat hulle hulle plekke om die tafels inneem.
2. Open met paslike Skriflesing, sang en gebed. (5 min.)
3. Die lesing word aangebied *(Bylaag 1)* (20 min.) en 'n blaaibordopsomming van die hoofpunte word aan toehoorders aan die einde van die lesing, ter samevatting, vertoon en toegelig. (5 min.)
4. Die deelnemers ontvang nou elk die nodige kontrolevrae vir individuele voltooiing. (15 min.) *(Bylaag 2)*
5. Hierna word dit in die kleingroepe bespreek (10 min.) en die groepleier rapporteer die groep se antwoorde terug aan die besprekingsleier wat die antwoorde in die regte perspektief plaas. (10 min.)
6. Sluit af deur saam te sing en met gebed uit mekaar te gaan. (5 min.)

NOTA Die lesing moet saam met die vrae aan die toehoorders uitgedeel word vir raadpleging en bewaring.

BYLAAG 1

Lesing: WEDERGEBOORTE

Jesus, en ná Hom ook die skrywers van die Nuwe Testament, het dikwels van modelle gebruik gemaak om bepaalde geloofswaarhede uit te druk. Paulus het byvoorbeeld in sy interpretasie van die kruisdood van Jesus van juridiese en ekonomiese modelle gebruik gemaak. Daarom verwys hy na Jesus se kruisdood as 'n losprys of 'n skuldbrief.

Wanneer Jesus volgens Johannes 3 met Nikodemus in gesprek verkeer, maak ook Hy van 'n model gebruik om iemand wat tot geloof kom, te beskrywe. Die model wat Jesus gebruik, is afkomstig uit die biologiese lewe van die mens. Hy benut die model van geboorte om 'n geloofswaarheid by Nikodemus tuis te bring.

'n Mens se oorsprong bepaal jou wese en jou eindbestemming. Die mens se oorsprong lê in sy geboorte uit 'n vrou. Hierdie geboorte-oorsprong van die mens word deur die Bybel as 'n sondige oorsprong beskrywe. Elke mens wat gebore word, word as sondaar gebore. Die sondige geboorte bepaal die mens se sondige natuur. En meer nog! Dit bepaal ook die mens se eindbestemming, nl. die ewige dood (of die ewige godverlatenheid).

Jesus se koms na die wêreld en sy ontmoeting met die mens, het ten doel om hierdie verskriklike eindbestemming van die mens te verander. Hy wil verhoed dat ons in die godverlatenheid gewerp sal word. Hy wil ons na die ewige lewe by God, na die hemel toe, lei.

Hiervoor is dit nodig dat die mens se oorsprong gewysig moet word. Hy moet weer 'n keer gebore word sodat hy van nuuts af kan begin met 'n nuwe eindbestemming voor hom.

Hierdie tweede geboorte (of wedergeboorte) is nie soos die mens se eerste geboorte, 'n biologiese gebeurtenis nie. Dit is 'n geestelike gebeurtenis wat deur God te weeg gebring word. Die wedergeboorte vind plaas wanneer 'n persoon op grond van die prediking wat hy hoor en deur die getuienis van die Heilige Gees in sy hart, tot geloof kom. Die geloof dat Jesus van Nasaret die Verlosser is, is die tweede geboorte wat aan die mens 'n nuwe oorsprong, 'n nuwe wese en eindbestemming gee.

Die nuwe oorsprong lê in die geloof wat verkry is. So 'n persoon is nou na sy wese 'n verlosde sondaar en sy eindbestemming is die ewige lewe.

Elke mens wat glo dat Jesus Christus die Verlosser is, is 'n wedergebore mens. Om in Jesus Christus te glo en om wedergebore te wees, is een en dieselfde saak.

Daar bestaan dus nie in die kerk twee soorte gelowiges nie. Party mense onderskei 'n "A-tipe" Christen (die wat wedergebore is) van 'n "B-tipe" Christen (die wat net in Jesus glo). Hierdie onderskeid is onbybels.

Jesus sê: "Wie in My glo, het die ewige lewe." 'n Gelowige is 'n geredde sondaar, hy is 'n wedergebore mens. Sy oorsprong, sy wese en sy eindbestemming is deur Jesus heilsaam verander.

BYLAAG 2

VRAE

1. Noem 3 modelle wat in die Nuwe Testament gebruik word om geloofswaarhede oor te dra.
2. Watter model gebruik Jesus in Johannes 3 om iemand wat gelowig raak te beskrywe?
3. Hoedanig is die ongelowige mens se oorsprong, wese en eindbestemming?
4. Hoedanig is die gelowige se tweede geboorte (oorsprong), wese en eindbestemming?
5. Sommige mense onderskei twee soorte Christene in die wêreld. Noem hierdie 2 klasse en sê of dit 'n Bybelse onderskeiding is?
6. Is daar 'n onderskeid tussen 'n gelowige mens en 'n wedergebore mens?
7. Is jý 'n *wedergebore mens?*

D Bekering

SAAMGESTEL DEUR DS. J.P. NAUDÉ

Doel

Om kursusgangers duidelik te laat verstaan wat *bekering* is.

Voorbereiding

1. 'n Predikant moet as gespreksleier voorgaan in die hantering van dié onderwerp.
2. Genoeg eksemplare van die lesing tesame met die kontrolevrae moet gedupliseer word om ter geleëner tyd aan toehoorders uit te deel.
3. Papier en skryfbenodigdhede moet beskikbaar wees.
4. Die gebruik van 'n blaaibord om die hoofgedagtes van die lesing neer te skryf, sal waardevol wees.
5. *Lokaalinrigting:* tafels en stoele moet op so 'n wyse gerangskik word dat almal die kursusleier en die hulpmiddele wat hy aanwend gemaklik sal kan sien.

Verloop van program

1. Plaas teenwoordiges in kleingroepe en laat hulle hulle plekke om die tafels inneem.
2. Open met paslike Skriflesing, sang en gebed. (5 min.)
3. Die lesing word aangebied *(Bylaag 1)* (20 min.) en 'n blaaibordopsomming van die hoofpunte word aan toehoorders aan die einde van die lesing, ter samevatting, vertoon en toegelig. (5 min.)
4. Die deelnemers ontvang nou elk die nodige kontrolevrae vir individuele voltooiing. (15 min.) *(Bylaag 2)*
5. Hierna word dit in die kleingroepe bespreek (10 min.) en die groepleier rapporteer die groep se antwoorde terug aan die besprekingsleier wat die antwoorde in die regte perspektief plaas. (10 min.)
6. Sluit af deur saam te sing en met gebed uit mekaar te gaan. (5 min.)

NOTA: Die lesing moet saam met die vrae aan die toehoorders uitgedeel word vir raadpleging en bewaring.

BYLAAG 1

Lesing: BEKERING

Die woord "bekering" beskryf 'n belangrike handeling wat voortdurend

deur die gelowige uitgevoer moet word. Ongelukkig het hierdie woord, nes 'n hele paar ander belangrike woorde, in die kerk 'n misbruikte woord geword. Die woord "bekering" het 'n sinistere betekenis gekry wat na 'n lewensstyl verwys wat onnatuurlik is en wat beheers word deur talle "moets en moenies".

Gewoonlik het iemand 'n bekering uit dans, drink, rook en vloek na 'n kwaai krisis beleef. 'n Persoon het byvoorbeeld baie gedans, gedrink en gerook, maar het na 'n motorongeluk tot bekering gekom. Sy nuwe lewe ná bekering bestaan uit 'n volgehoue onthouding aan drank, dans en rook én daarby om almal wat 'n dansie dans, 'n pypie rook of 'n glasie wyn geniet, as sondaars te tipeer. 'n "Ware bekeerling" rook nie, drink nie, dans nie, ensovoorts.

Die *oorsaak* van hierdie bekering is gewoonlik een of ander krisis. Die *gevolg* is 'n onnatuurlike lewe wat negatief beheer word deur "moets en moenies".

Hierteenoor leer die Bybel dat die *oorsaak* van 'n Bybelse bekering altyd God is wat na die mens roep. Die *gevolg* is altyd die positiewe doen van die wil van God deur die mens wat God se roep gehoor het.

Die *oorsaak* van 'n gelowige se bekering sal altyd dieselfde bly. Dis altyd die roepende God wat die mens tot bekering roep.

Die *gevolge* van die bekering varieer egter van persoon tot persoon en van dag tot dag. Soms moet 'n persoon hom uit afgodery tot die aanbidding van die ware God bekeer. 'n Ander keer moet 'n persoon hom uit die onderdrukking van arm volksgenote bekeer tot barmhartige optrede teenoor sy mense. Paulus het hom weer uit vervolging van die gemeentes van Jesus bekeer tot geestelike versorging van daardie gemeentes.

Bekering verwys dus na 'n daad waarin die mens in opdrag van God hom uit 'n wandaad of wantoestand losmaak om die regte ding te gaan doen. Oorsigtelik beteken die woord bekering "'n terugdraai na God toe" en baie keer ook "om jou gedagtes m.b.t. God se aansprake te verander". As ons in gedagte hou dat God altyd die *oorsaak* van bekering is en dat die gevolg van bekering voortdurend varieer, kan bekering soos volg gedefinieer word: *Bekering is 'n daad van die gelowige waarin hy sy lewe voortdurend in die lig van die Woord van God korrigeer.*

In *Mark. 1:14* sê Jesus: "Die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."

Die *oorsaak* van bekering is "die tyd het aangebreek en die koninkryk van God het naby gekom". Hierdie woorde verwys na die teenwoordigheid van die Seun van God in die wêreld wat die heerskappy van God oor die mens aankondig en werklikheid maak. Omdat God ons lewens wil beheers, volg die opdrag "bekeer julle". Die positiewe inhoud van die bekering is "en glo die evangelie". Om te glo, beteken om te hoor wat God sê (dit is die *oorsaak* van die bekering) én om te doen wat Hy beveel (dis die gevolg van die bekering).

Hierdie voorafgaande sin beskryf niks anders nie as 'n doodgewone geloofslewe. Daarom is bekering ook niks anders nie as 'n verwysing na die normale strewe van die gelowige om sy lewe in lyn te bring met die wil van dáárdie God wat die heil van sy lewe voor oë het.

Nie die negatiewe "moets en moenies" nie, maar die positiewe doen van die wil van God lê op die voorgrond van die betekenis van die woord "bekering".

BYLAAG 2

VRAE

1. Watter negatiewe eienskappe is kenmerkend van die hedendaagse gebruik van die woord "bekering"?
2. Wat is gewoonlik die *oorsaak* en *gevolg* van hierdie negatiewe bekering?
3. Wat is die *oorsaak* en *gevolg* van bekering in Bybelse sin?
4. Wat leer Jesus se uitspraak in Mark. 1:14 ons oor die woord "bekering"?
5. Watter 2 betekenisse word oorsigtelik deur die Bybel aan die woord "bekering" toegeken?
6. Hoe sal jy bekering in Bybelse sin definieer?
7. Sê watter *positiewe bekering* 'n persoon te weeg moet bring in die volgende gevalle. Dui dus die oorsaak en gevolg van die bekering aan:
   (a) 'n Persoon besoek nooit die erediens nie.
   (b) 'n Persoon sê in elke tweede sin "God".
   (c) 'n Persoon steel af en toe.
   (d) 'n Persoon pleeg egbreuk.
   (e) 'n Persoon vertel aanmekaar onwaarhede.

E Die keuse van 'n huweliksmaat

SAAMGESTEL DEUR DS. A.P.J. BEUKES

Wenk

Dit sal wenslik wees as hierdie bespreking voorafgegaan kan word deur 'n behandeling van die huweliksformulier om agtergrond te verkry oor die wese van die huwelik.

Doel

Om onder Christengelowige-jongmense se aandag te bring dat die keuse van 'n huweliksmaat die kwaliteit van 'n huwelik in 'n baie groot mate gaan bepaal.

Voorbereiding

1. Dit is verkieslik dat 'n predikant hierdie tema hanteer.
2. Genoeg eksemplare van die vraelys wat na afloop van die lesing aan toehoorders uitgedeel word vir bespreking.
3. Papier en skryfbenodigdhede vir diegene wat nie saamgebring het nie.
4. Indien beskikbaar sal blaaiborde, 'n oorhoofse projektor met die nodige vooraf voorbereide transparent/e, 'n filmprojektor en 'n film wat huwelik*songeluk* uitbeeld nuttige hulpmiddels wees.
5. *Lokaalinrigting:* genoeg tafels en stoele moet beskikbaar wees vir die verwagte aantal toehoorders. Stoele moet in groepies van 5–8 rondom die tafels gerangskik word, op so 'n wyse dat almal die kursusleier gemaklik sal kan sien sowel as die skerm, indien 'n film vertoon word. Indien daar blaaiborde is, moet 'n blaaibord by elke tafel geplaas word.

Verloop van program

1. Plaas toehoorders in kleingroepe en laat hulle hulle plekke om die tafels inneem.
2. Open met paslike Skriflesing, sang en gebed. (5 min.)
3. Die lesing word nou aangebied (bylaag 1). Indien dit beskikbaar is, kan 'n film ook nou vertoon word wat huweliksongeluk uitbeeld, bv. 'n egpaar wat mekaar nie respekteer nie. Die vertoning van die film terwyl die lesing aangebied word, het ten doel om op praktiese wyse te demonstreer wat met sommige van die riglyne bedoel word. Kernpunte van die lesing kan ook, indien beskikbaar, d.m.v. die oorhoofse projektor vertoon word. (30 min.)

4. Die besprekingsvrae (bylaag 2) word nou aan die toehoorders uitgedeel vir individuele voltooiing. (12 min.)
5. Hierna word die vragies in die kleingroep bespreek om 'n kleingroepantwoord te verkry. Die kleingroepterugrapporteerder rapporteer die groep se antwoorde nou terug aan die kursusleier wat kortliks kommentaar lewer en saamvat. (15 min.)
6. Sluit die samekoms met sang en gebed.

BYLAAG I

Lesing: KEUSE VAN DIE HUWELIKSMAAT

Die keuse van 'n huweliksmaat bepaal in die grootste mate wat die kwaliteit van jou huwelik gaan wees. Die verkeerde keuse gaan nie net jou kanse op huweliksgeluk benadeel nie, maar gaan in 'n groot mate jou beroepsukses bepaal. Die spreekwoord, agter elke suksesvolle man staan daar 'n goeie vrou, is in 'n groot mate waar.

Wanneer dit kom by die keuse van 'n huweliksmaat, is die tradisionele en logiese redenasie dat liefde en fisiese aanvaarbaarheid al is wat noodsaaklik is voordat ek my in 'n huwelik begewe. Sonder hierdie twee elemente het 'n huwelik nie juis veel hoop op sukses nie. Dit is heeltemal waar, maar dan het ons nog maar oppervlakkig oor die huwelik gedink.

As gelowiges moet ons altyd vanuit die Bybel oor die huwelik besin. Daarna moet ons ook oor die praktiese implikasies van die huwelik besin. By die keuse van 'n huweliksmaat moet ons dan die volgende in gedagte hou:

Bybelse eise by die keuse van 'n huweliksmaat

1. Die Bybel gee nêrens duidelike voorskrifte oor die eienskappe wat by 'n persoon aanwesig moet wees voordat jy 'n keuse van 'n huweliksmaat maak nie.
2. Die Bybel is egter baie duidelik oor die feit dat die huwelik 'n instelling van God is en in dié verband word vir ons redelike duidelike riglyne van die verantwoordelikheid van man en vrou binne die huwelik gegee. Van hierdie riglyne kan en moet dan toegepas word reeds by die keuse van 'n huweliksmaat. Die volgende is in hierdie verband belangrik:

   * *Onderdanigheid*

     Man en vrou moet mekaar respekteer. Skrifgedeeltes wat in die verband belangrik is, is Ef. 5:21–30, Kol. 3:18–19 en 1 Pet. 3:1–6. As daar nie reeds voor die huwelik respek vir mekaar is nie, kan dit beswaarlik na die huwelik kom. Hierdie onderdanigheid of respek vir mekaar

KITAL

word veral in Ef. 5 gegrond op die liefde van Jesus Christus vir sy gemeente. Om mekaar te respekteer is dus eintlik niks anders nie as om Jesus Christus te respekteer.

* Volgens 1 Pet. 3:4 moet die eienskappe van vrouens dié wees van innerlike skoonheid, blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Hierdie eienskappe moet dus ook voor die huwelik aanwesig wees.
* Volgens Titus 2:6 moet mans hulle verstandig gedra. Roekeloosheid ten opsigte van alles, bv. geld, die lewe, ens. is beslis nie 'n positiewe eienskap nie, maar juis een wat gevaar inhou vir die huwelik.

Kerkverband

1. Man en vrou behoort as gelowiges voor en na die huwelik aan die Kerk van Jesus Christus.
2. Hierdie Kerk van Jesus Christus is egter in verskillende Kerkverbande georganiseer met elk sy eie leerstellinge wat hy op grond van Bybelse insigte aanhang.
3. Hierdie leerstellinge het 'n geweldige invloed op 'n mens se lewe. Jy word in jou bepaalde kerk se leerstellinge onderrig en dit word as die waarheid aan jou voorgehou sodat dit nie anders kan as om 'n invloed op jou lewensbeskouing te hê nie. Waar twee mense met uiteenlopende godsdienstige beskouinge trou, kan dit tot ernstige probleme lei.
4. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n mens voor die huwelik nie net alleen oor die huwelik as instelling van God nie, maar oor die breë terrein van die godsdiens eenstemmigheid sal bereik. As 'n mens op godsdienstige terrein uit mekaar dryf, hou dit ernstige gevolge vir die huwelik in. Veral kinders lei daaronder omdat hulle godsdienstig verward raak.

Praktiese oorweginge

1. Agtergrond en kultuur

Twee mense wat trou se persoonlikhede en lewensbeskouing is gevorm deur die huislike omstandighede waarbinne hulle groot geword het en die kulturele agtergrond binne en buite die huis. As hierdie agtergrond verskil, kan dit tot ernstige probleme lei binne die huwelik. As jy bv. met 'n andertalige trou, kan daar onmiddellik 'n taalprobleem ontstaan.

2. Intellek

* Kommunikasie binne die huwelik is uiters belangrik. Dit is as 't ware die paspoort tot beter kennis van jou huweliksmaat. As huweliksmaats nie kan kommunikeer nie is dit baie moeilik om begrip vir mekaar te ontwikkel.

* Om sinvol te kommunikeer, is dit nodig dat ons onderwyspeil nie te veel sal verskil nie, sodat ons darem oor dieselfde dinge kan gesels.

3. *Belangstellings*

* Dit is vir enige huwelik goed as huweliksmaats min of meer in dieselfde dinge belangstel. Hierdie saak kan soms ook tot ernstige probleme lei as die belangstellings te wyd uiteenlopend is en elkeen so in sy belangstellings opgaan dat hulle bymekaar verby leef.
* Uiteenlopende belangstellings hoef egter nie tot 'n probleemsituasie te lei as daar wedersyds begrip bestaan nie en as daar die nodige balans is.
* Wanner ek 'n keuse maak vir 'n huweliksmaat, moet daar vooraf oor hierdie dinge besin word op 'n indringende wyse.

4. *Aanpasbaarheid*

* Hoewel nie altyd voor die huwelik moontlik nie, moet 'n mens tog probeer vasstel of jou waarskynlike keuse as 'n huweliksmaat bereid is om van sy of haar kant af aan te pas by 'n huweliksopset. Is dit moontlik om te gee of wil die persoon uit selfsug net altyd neem?
* As een van die huweliksmaats net altyd wil neem en nie bereid is om te gee nie, kan dit tot ernstige probleme lei.

5. *Liefde*

* Afgesien van die Bybelse eis van liefde vir jou naaste, is dit sekerlik ook belangrik dat ek fisies aangetrokke sal voel tot die persoon wat ek as huweliksmaat wil kies.
* As die fisiese aanvaarbaarheid ontbreek, kan dit lei tot probleme op seksuele gebied wat van groot belang is vir 'n gesonde huweliksverhouding.
* Dit beteken egter nie dat ek deur 'n proefhuwelik hiervan seker moet maak nie, of dat ek die liefdespel verby die grense van welvoeglikheid moet voer nie.

Daar sou nog 'n hele paar ander vereistes hierby gevoeg kon word. Hierdie is egter in breë trekke die belangrikste riglyne wat in gedagte gehou moet word by die keuse van 'n huweliksmaat.

BYLAAG 2

VRAE VIR BESPREKING

1. Deur harde werk kan 'n huwelik tussen 'n Protestantse Christen en 'n Islam slaag? (Motiveer u antwoord.)

2. Godsdienstige verskille is nie so problematies in die huwelik nie want 'n mens moet mekaar respekteer. (Waar/Onwaar?) (Motiveer u antwoord.)
3. Dit is nie nodig om my huweliksmaat voor die tyd goed te ken nie, want ons sal mekaar in elk geval in die huwelik leer ken. (Motiveer u antwoord.)
4. Is agtergrond en kultuurverskille werklik so 'n bedreiging vir die huwelik? (Motiveer u antwoord.)

F Die Bybel – die enigste norm vir ons geloof en ons lewe

SAAMGESTEL DEUR DR. M.J. DU P. BEUKES

Doel

Om jeuggroeplede in staat te stel om aan te toon dat die Bybel die enigste norm vir hulle geloof en lewe is.

Voorbereiding

1. Reël vooraf met 'n persoon om die inhoudelike gedeelte oor die onderwerp te bestudeer met die oog om dit aan die kursusgangers oor te dra.
2. Dupliseer die lesing om aan die einde van die geleentheid aan kursusgangers uit te deel.
3. Dupliseer eweneens die vraelys om ter geleëner tyd aan kursusgangers uit te deel.
4. Die aanbieder kan van 'n oorhoofse projektor gebruik maak. 'n Blaaibord en skryfmateriaal is nodig.
5. Wat *lokaalinrigting* betref, kan oorweeg word om die byeenkoms in 'n kerksaal, konsistorie, ens. aan te bied – waar dus genoeg ruimte, stoele, ens. is.
6. Maak voorsiening dat kursusgangers in groepe (±7) om 'n tafel sit.
7. Rangskik die tafels en die blaaibord sodanig dat al die kursusgangers die spreker kan sien.

Verloop van program

1. Kursusgangers verdeel in groepe en neem by die tafels plaas.
2. Skriflesing, gebed en sang.
3. Die aangewese persoon lewer die lesing met 'n samevatting wat op 'n transparant vertoon word. (15 min.)
4. Die vraelyste word aan kursusgangers uitgedeel vir individuele voltooiing en bespreking in die kleingroep. Die kleingroep wys 'n persoon aan om ter geleëner tyd aan die inleier terug te rapporteer. (30 min.)
5. Antwoorde word aan grootgroep teruggerapporteer, aantekeninge word op blaaibord gemaak, en inleier lewer kommentaar en vat saam. (45 min.)
6. Slotsang.
7. Sluit af met gebed.

Lesing: DIE BYBEL – DIE ENIGSTE NORM VIR ONS GELOOF EN ONS LEWE

Hier is *vier* sake aan die orde: Die Bybel, norm, geloof en lewe. Die klem val op "Bybel" en "enigste norm". Die opskrif, net soos hy staan, skep baie probleme. Die belangrikste probleem is die feit dat geloof en lewe geskei word asof dit twee verskillende sake is. Aangesien die Bybel ons leer dat geloof en lewe vir die Christen dieselfde is, sal ons hierdie twee begrippe as 'n eenheid behandel.

Die begrip norm is 'n begrip wat aan ons almal goed bekend is. Dit is ook 'n baie ou bekende begrip in die kerklike lewe. Hoewel die woord norm nie baie in die Bybel voorkom nie, is die saak daarvan voortdurend aan die orde van die dag. Ons kan die woord norm net so goed vertaal met standaard, maatstaf, reël en rigsnoer. Ons betoog is dan: Die Bybel is die standaard, die maatstaf, die reël, die rigsnoer vir ons geloof en ons lewe. Met hierdie uitspraak sê ons: *'n Gelowige kan nie op enige wyse glo en leef nie. Die gelowige se lewe moet bepaal word deur die Bybel – deur die Bybel alleen.* Die mens wil hierdie uitspraak nie sonder meer aanvaar nie. Vir die mens is die sentrum van alles die mens self – die mens met sy eie verstand, sy eie gevoel, sy eie gewete, sy eie krag, tegnologie, ens. Omdat die mens self in die middelpunt van alles wil staan, is hy voortdurend besig om iets in homself te verhef tot die norm vir sy geloof en lewe. Vir die een mens is die norm sy eie gewete. Vir die ander mens is die norm sy eie gevoel. Vir die ander een is die norm sy eie verstand. (Ons ken mos in die kerk die uitsprake: Ek handel so omdat ek so voel, omdat ek so dink of omdat my gewete vir my so sê.) Die Bybel ken nie die hoë dink wat ons van onsself en ons eie vermoëns het nie. Die Bybel leer ons dat die mens met die sondeval geheel en al, van kop tot tone, verdorwe geraak het. Daar het niks ongeskonde in die mens oorgebly nie. Selfs die "sentrum" van ons liggaam, ons hart, het geword tot 'n funksie wat net sonde baar. Deur die sondeval het die mens homself geheel en al ellendig gemaak. (Heidelbergse Kategismus vraag 5.8, Nederlandse Geloofsbelydenis 14, 15 en 17 – Dit is die boodskap van die hele Bybel.) Na die sondeval is daar absoluut niks in die mens wat hom die regte pad kan aanwys nie. As ons die regte pad bewandel, is dit nie as gevolg van ons eie gevoel, verstand of gewete se leiding nie. Die Heidelbergse Kategismus vra die vraag: "Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?" Hy antwoord: "Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word". (Heidelbergse Kategismus 8.) Die Heidelbergse Kategismus antwoord op dieselfde trant die vraag wat goeie werke is. Goeie werke is net dit wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, alleen tot sy eer gedoen word en nie dit wat uit ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie. (Heidelbergse Kategismus 91.) Met die sondeval het die mens al die kennis van die waarheid verloor. Met die sondeval het die mens ook die vermoë

om self die regte te doen, volkome verloor. Die mens ken alleen die waarheid as God dit vir hom sê. Die mens kan ook alleen die regte doen as God hom met sy Gees die krag daartoe gee.

Na die sondeval leer ons die waarheid net op een plek ken en dit is in die Bybel

"Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo om gered te word, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop ons God volgens sy eis moet dien, daarin geheel en al uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer as wat ons alreeds geleer word deur die Heilige Skrifte..." (Nederlandse Geloofsbelydenis 7.)

Dit is duidelik: Die gelowige se norm is nie hyself of enige willekeurige iets in die wêreld nie. *Ons norm is die Bybel alleen.* Dit is ons norm: want dit is die middel wat *God self* in die besonder wil gebruik om ons geloof te stig en te bou, om ons die weg te wys wat ons in die lewe moet gaan. (Heidelbergse Kategismus 65. Sien Rom. 10:17, Handelinge 2 en Handelinge 8.)

Ons sê die Bybel is ons enigste norm vir ons geloof en ons lewe. Wat is geloof?

Die antwoord op hierdie vraag is nie so voor die hand liggend nie. Die Geloofsleer sê "Geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord" (vraag 13). Die Heidelbergse Kategismus sê "'n Opregte geloof is nie alleen 'n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n hartlike vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sonde, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen op grond van die verdienste van Christus." (Heidelbergse Kategismus 21.) Dr. G.C. Velthuysen omskryf geloof soos volg: "Ware geloof is die eksistensiële betrokkenheid van die gelowigheid by die drie-enige God, en sy saak in die wêreld." Ek het iemand hoor sê: Geloof is wat ek van die drie-enige God glo en hoe ek dit wat ek van Hom glo uitleef in die wêreld.

Om geloof te beskryf, sal ek self liewers 'n paar stellings puntsgewys wil maak:

1. *Geloof is kennis van die drie-enige God soos Hy Homself in die Bybel aan my bekend maak*

(a) Ek kan alleen in God glo as ek Hom ken.
(b) Ek leer God net in die Bybel ken.
(c) As ek 'n gelowige wil wees, moet ek daarom voortdurend met die Bybel omgaan:

* Ek moet die Bybel voortdurend lees.
* Ek moet voortdurend luister na die verkondiging van die kerk.

2. *Geloof is om deur die werk van die Heilige Gees dit wat die Bybel my aangaande God leer te aanvaar as waarheid wat my persoonlik ten volle raak*

(a) Dit wat die Bybel my leer, moet ek aanvaar as gebeurtenisse wat vir my *persoonlik geld,* wat vir my *persoonlik plaasgevind* het. Dit wat in die Bybel staan moet ek aanvaar as *waarheid vir my.*
(b) Die kern wat ek moet aanvaar is:
* God is my skepper en onderhouer.
* Ek is 'n verlore sondaar.
* Jesus Christus het my gered van al my sonde.
Die Heilige Gees gee die geloof aan my, vertroos my en lei my op die regte pad met die Woord van God.
(c) Deur die aanvaarding van dit wat die Bybel my leer aangaande God is ek getroos vir tyd en ewigheid – kan ek leef sonder vrees en verskrikking.
(d) Die aanvaarding van al bogenoemde dinge is alleen moontlik deur die werking van die Heilige Gees:
* Die Heilige Gees werk in die besonder deur die Bybel wat deur die kerk verkondig word. (Rom. 10:17, Heidelbergse Kategismus 65.)

3. *Geloof is om deur die werking van die Heilige Gees alles onder alle omstandighede te doen wat God in die Bybel van my vra*

(a) Ek moet *alles* wat die Bybel my leer, doen:
(b) My geloof moet nie net 'n saak van my hart en my gevoel wees nie, dit moet ook 'n saak van my hand, oog, mond – *ja alles van my liggaam wees.*
(c) My geloof moet nie net 'n saak vir Sondag wees nie – ook 'n saak vir Maandag, Dinsdag – *elke oomblik van my lewe.*
(d) My geloof moet nie net tot uitdrukking kom in die kerk nie – ook by die werk, die skool, die politiek, die sport, in my huwelik tydens my kinderopvoeding – *onder alle omstandighede.*

Geloof is nie soos my baadjie wat ek kan uittrek of by die huis los as dit my pas nie. As ek 'n gelowige is, dan besit ek nie die geloof nie, die geloof besit my. Die geloof is dan nie 'n deel van my lewe nie, maar my hele lewe. Vir my is geloof en lewe nie meer twee sake nie, maar een.

Die Bybel is die enigste norm vir ons geloof of anders gestel: Die Bybel is die enigste norm vir ons lewe.

Dit is nodig dat ons ook 'n paar opmerkings sal maak oor die Bybel en sy hantering:

1. Die Bybel is die Woord van God wat geskryf is deur mense

In die verlede het God baie kere en op baie maniere tot die mens gespreek. In die laaste van die dae het Hy tot ons gespreek deur sy Seun Jesus Christus (Heb. 1:1). Dit wat God in die "openbaringstyd" vir die mens gesê het, het Hy laat opteken in die Bybel deur mense wat geïnspireer was met die Heilige Gees. Hierdie mense wat die inhoud van die Bybel opgeskryf het, het tydens die skryfproses nie opgehou om mense te wees nie. *Dit het tot gevolg dat hulle geskryf het in die taal en die beeld van hulle tyd.* (Byvoorbeeld die son het stilgestaan, die aarde is gegrond op pilare.) *By die taal en die beeld moet daarom verby gekyk word na die werklike boodskap.* Omdat die Bybelskrywers mense was, daarom gebeur dit dat hulle mekaar *soms weerspreek* en is dit nodig om te kyk na die *Bybel as geheel* en nie na losstaande gedeeltes nie.

In die hele proses van Bybel lees en Bybel verstaan neem die Heilige Gees 'n besondere plek in. Sonder die Gees van God kan ons niks doen nie. Sonder die werking van die Heilige Gees bly die Bybel vir ons 'n geslote boek, 'n onverstaanbare boek, 'n boek soos enige ander boek. Deur die werking van die Heilige Gees word dit egter 'n lewende boek, dié besondere boek, die boek wat getuig van God, wat dien as instrument in die hand van die Heilige Gees om ons te vernuwe, ens.

2. Die Bybel is 'n eenheid

Elke teks moet gelees word in die verband van die bepaalde perikoop. Die bepaalde perikoop moet gelees word in die verband van die hele boek. Die bepaalde boek moet weer gesien word in die raamwerk van die hele Bybel.

3. Die Bybel gee nie antwoord op alles nie

Baie vrae wat in ons tyd aktueel is, was in die tyd van die ontstaan van die Bybel nie eers ter sprake nie. In hierdie verband sal ons moet kyk na die hele Bybelse boodskap.

4. Belydenisskrifte is onontbeerlik

Elkeen kan nie die Bybel verstaan op sy eie manier nie. As lidmate van die kerk moet ons die Bybel verstaan soos die kerk hom nog altyd verstaan het. Vir die kerk was sy drie belydenisskrifte nog altyd die beste opsomming, die beste weergawe van die Bybelse boodskap.

5. Daar bestaan baie maniere om die Bybel te bestudeer

(a) Neem 'n bepaalde Bybelboek en bestudeer dit hoofstuk vir hoofstuk aan die hand van 'n goeie kommentaar.

(b) Neem 'n bepaalde Bybelse tema en bestudeer dit reg deur die Bybel aan die hand van 'n goeie dogmatiek-handboek.
(c) Neem een van die belydenisskrifte as vertrekpunt. Gaan die ter sake teksverse in die Bybel na. Lees 'n goeie kommentaar saam met dit.

VRAE

A. 1. Wat beteken die begrip norm?
2. Waarom kan ons eie gevoel, gewete of verstand nie ons norm wees nie?
3. Wat is ons enigste norm?

B. 4. Wat is geloof?
5. Is die gelowige se geloof en lewe twee sake wat teenoor mekaar staan?
6. Het my geloof iets te doen met my politiek, sport, liefde, alledaagse werk, ontspanning, ens?

C. 7. Wat beteken dit as ons sê die Bybel is die Woord van God wat geskryf is deur mense?
8. Wat beteken dit as ons sê die Bybel is 'n eenheid?
9. Gee die Bybel antwoord op al ons vrae?
10. Behoort ek die Bybel te bestudeer sonder die hulp van die belydenisskrifte?
11. Noem verskillende maniere waarop ek die Bybel kan bestudeer.

G Die Kerklike tug

SAAMGESTEL DEUR DS. P.J. VAN STADEN

Doel

Om die groeplede te laat besef dat tug 'n Bybelse opdrag is wat voortkom uit die liefdevolle sorg van God uitgeoefen deur die Kerk.

Voorbereiding

1. Reël met 'n predikant om die bespreking waar te neem.
2. Dupliseer genoegsame eksemplare van die 2 Bybelstudiestukke (bylaes 1 en 3).
3. Hulpmiddels: genoeg eksemplare van die *Nuwe Testament en Psalms*. 'n Oorhoofse projektor kan moontlik gebruik word vir die gevolgtrekkings.
4. *Lokaalinrigting:* genoeg tafels en stoele vir die verwagte getal persone. Plaas die stoele in groepies van 5 tot 8.

Verloop van program

1. Plasing van gespreksgroepe.
2. Skriflesing: 1 Kor. 5
   Gebed
   Sang: Ges. 218:2
3. Bylaag 1 (Bybelstudie: 1 Kor. 5) word aan elkeen uitgedeel. Die vrae word individueel beantwoord (10 minute) en daarna in die kleingroep bespreek (20 minute). Daarna word teruggerapporteer in die grootgroep met die gevolgtrekking (bylaag 2) (20 minute) deur die programleier.
4. Die tweede Bybelstudiestuk (Matt. 18:15–20 – bylaag 3) word nou uitgedeel. Die vrae word eers individueel net as waar of onwaar gemerk (10 minute). Daarna word in die kleingroep ooreenstemming verkry en waar moontlik gemotiveer (25 minute). Daar word dan teruggerapporteer en reggestel in die grootgroep met die gevolgtrekking (bylaag 4) daarna deur die groepleier (20 minute).

BYLAAG 1

BYBELSTUDIE 1 KOR. 5 – TUG, 'N BYBELSE OPDRAG

Paulus skryf hierdie gedeelte na aanleiding van onsedelikheid waarvan hy in die gemeente gehoor het, onder andere van die saamleef van 'n man met

sy stiefmoeder. Iets wat selfs deur die Joodse en Romeinse wette verbied word, word in die Christelike gemeente toegelaat! Hulle het 'n verwaande selftevredenheid. Hulle moet liewer daaroor treur.

1. Wat sou hulle dan gedoen het?
2. Wat is Paulus se besluit oor die man?
3. Wat is sy doel hiermee?
4. Wat is die ander rede waarom sulke persone uitgesluit moet word?
5. In 'n vorige brief het Paulus geskryf dat hulle nie met mense mag omgaan wat in onsedelikheid leef nie. Hulle het hom toe verkeerd verstaan. Wie het hy bedoel?
6. Mag gelowiges oor 'n ander oordeel?

BYLAAG 2

ANTWOORDE: BYBELSTUDIE 1 KOR. 5

1. Die man uit hulle kring verwyder het.
2. Die man aan Satan oorgee.
3. Vers 5 – om sy sondige aard te vernietig sodat hy gered kan word.
4. Sodat die ander gemeentelede nie aangesteek word nie.
5. Hy het bedoel mense wat die naam van gelowiges dra wat volhardend sonde doen.
6. Ja, oor hulle eie mense (medegelowiges). Die beswaar dat tug nie toegepas kan word omdat nie geoordeel mag word nie, geld dus nie in die geval van hardnekkige medegelowiges nie.

Gevolgtrekking:

Die hele hoofstuk handel oor die *noodsaaklikheid* van tug op die regte tyd. Ook baie ander plekke in die Bybel beklemtoon dit. Tug is een van die sleutels wat aan die Kerk toevertrou is wat hy moet gebruik. 'n Kerk sonder dissipline is nie werklik Kerk nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, een van ons belydenisskrifte, leer dat die Kerklike tug die derde merkteken van die ware Kerk is (naas die suiwer bediening van die Woord en Sakramente). Die Kerkwet stel dat die opsig en tug noodsaaklik is om die eensgesindheid en eenheid van die geloof in die Kerk te bevorder en te bewaar en ook te dien tot opbou van die Kerk.

Wat die *doel* betref: dis nooit om van iemand ontslae te raak of "uit te kry" nie. Dit moet altyd 'n middel wees om iemand te *probeer nadertrek* soos dit 'n goeie vader of moeder betaam: as praat nie help nie, moet daar harder opgetree word. Tug is bedoel om tot berou te bring (vgl. vers 5). In 2 Tess. 3:14 vra Paulus dat die gemeente hulle moet afsonder van 'n ongehoorsame en hom moet vermy sodat hy kan skaam kry. Hulle moet hom

egter nie soos 'n vyand behandel nie, maar teregwys soos 'n broer. Daarom noem Calvyn tug as 't ware 'n toom wat rem en tot bedaring bring of 'n prikkel (lat) wat aanspoor om weg te kom van die kwaad. Hierdeur word die gemeente se geloof en lewe suiwer gehou!

'n Verdere doel het ons gesien in vers 6 e.v. Dis nodig dat die vromes nie aangesteek word deur die omgang met volhardende sondaars nie – dat die bietjie suurdeeg nie die hele deeg suur maak nie.

Daarby kan gevoeg word dat dit ook voorkom dat die sakramente ontheilig word.

BYLAAG 3

BYBELSTUDIE MATT. 18:15–20

Die prosedure by kerklike opsig en tug

1. As jou medebroer verkeerd doen, gaan jy eers alleen na hom toe. Jou doel moet wees om met alles tot jou beskikking te probeer om hom terug te wen. Waar/Onwaar
2. Die getuies se taak is om alles wat hulle moontlik kan doen, te doen om die broer tot inkeer te bring. Waar/Onwaar
3. Na baie pogings word aan die gemeente gesê dat iemand sonder sensuur is. Dit beteken:
   (a) Almal moet hom vermy. Waar/Onwaar
   (b) Die hele gemeente het nou 'n verantwoordelikheid teenoor hom. Waar/Onwaar
   (c) Almal moet vir hom voorbidding doen. Waar/Onwaar
   (d) Hy moet weggehou word van die erediens. Waar/Onwaar
   (e) Hy moet weggehou word van die sakramente. Waar/Onwaar
   (f) Daar moet versigtig-bestraffend met hom omgegaan word. Waar/Onwaar
4. Die laaste stap is dat iemand soos 'n heiden en tollenaar behandel word, dit wil sê uit die gemeenskap gesluit word deur die ban of afsnyding. Dit beteken:
   (a) Daar moet vir altyd van hom vergeet word. Waar/Onwaar
   (b) Die gemeente mag geen vertroulike omgang met hom hê nie. Waar/Onwaar
5. Die tug is slegs oordeel van mense waaraan nie te veel waarde geheg moet word nie. Waar/Onwaar
6. Deur die ban word die sondaar finaal tot die ewige dood en verdoemenis veroordeel. Waar/Onwaar

BYLAAG 4

ANTWOORDE: BYBELSTUDIE, MATT. 18:15–20

1. Waar.
2. Waar.
3. (a) Onwaar.
   (b) Waar.
   (c) Waar.
   (d) Onwaar.
   (e) Waar.
   (f) Waar.
4. (a) Onwaar. Hy word uitgesluit juis met die hoop dat hy berou sal kry.
   (b) Waar. Dit wil juis die besmettende werking van die sonde beperk en die skyn vermy dat die kerk die sonde duld.

5. Onwaar.
6. Onwaar.

} Die betekenis van die ban mag nie onderskat word nie.

Die kerkraad het hierdie opdrag van Christus ontvang. Hulle mag nie geminag word nie want in die laaste instansie is dit Christus wat self deur die ampte spreek en handel.

Die ban mag ook nie oorskat word nie. Die ewige oordeel kom God toe. So iemand staan buite die kerk en Christus. Ook hierin spreek egter die liefde van God wat terugroep.

Gevolgtrekking:

Opsig en tug kan onderskei word, maar hoort tog onlosmaaklik bymekaar. Opsig is die gesprek van elke lidmaat met sy medelidmaat wat verkeerd bly doen om te vermaan en te berispe. Dit is ook die gesprek van die kerkraadslede met die lidmate wat aanspoor tot die Christelike geloof en lewe, om huisgodsdiens te onderhou, gereeld deel te hê aan die eredienste en Sakramente, offergawes te gee, kinders volgens die doopbelofte op te voed, ens.... As 'n lidmaat na vele pogings waarin werklik moeite gedoen is, nie gehoor sou gee nie, word hy opgeroep vir 'n gesprek met die kerkraad. Eers as hierdie gesprek (nog steeds onder die opsig) nie vrugte afwerp nie, kan oorgegaan word na formele tugstappe. (Daar is sekere aanstootlike sondes waar tug toegepas kan word sonder opsig – o.a. volharding in dwaalleer, wangedrag, openbare skeurmakery en 'n beroep op 'n wêreldlike hof en die verbygaan van die amptelike vergaderings.)

Tug kan uitgeoefen word alleen deur 'n amptelike vergadering (Kerkraads-, Rings- en Algemene Kerkvergadering) nadat 'n formele klag behandel is. Daar is drie moontlikhede: vermaning, ontsegging van die gebruik van sakramente vir 'n onbepaalde tydperk (sensuur) en ban of afsnyding deur die lees van die bepaalde formulier in 'n erediens.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie dat daar "eindelose geduld" (AKV 1970) moet wees wanneer van tug gepraat word. Die betrokke vergadering moet seker daarvan wees dat daar werklik met baie liefde opgetree is en moeite gedoen is. Waar ware berou is, is daar natuurlik nie sprake van verdere tugstappe nie. Alleen dan kan dit die moederlike taak (Calvyn) van die Kerk genoem word. Met die besef kan elke gelowige lidmaat sekerlik met dankbaarheid JA antwoord op die vierde vraag by die aflegging van die geloofsbelydenis, nl. "belowe u ook om waar en wanneer dit nodig mag wees, u kinderlik aan die goeie vermanings en tug van die Kerk te onderwerp".

H Wat sê die Bybel oor die hel

SAAMGESTEL DEUR DS. J.P.J. FOURIE

Doel

Om jongmense iets te wete te laat kom oor die hel.

Voorbereiding

1. Dit word verkies dat 'n predikant hierdie onderwerp hanteer.
2. Die nodige vraelyste, antwoordlyste en lesing moet vermenigvuldig word om ter geleëner tyd aan kursusgangers/toehoorders uit te deel.
3. Papier en skryfbenodigdhede moet vir dié toehoorders beskikbaar wees wat dit nie by hulle het nie.
4. Transparante wat vooraf voorberei moet word en 'n oorhoofse projektor plus 'n doek is ook nodig.
   Indien 'n blaaibord beskikbaar is, sal dit nuttig gebruik kan word.
5. *Lokaalinrigting:* genoeg tafels en stoele moet beskikbaar wees vir die verwagte aantal kursusgangers. Rangskik tafels en stoele in groepies van 5–8. Die rangskikking moet sodanig wees dat almal die besprekingsleier en doek waarop die beelde geprojekteer word met gemak kan volg.

Verloop van program

1. Kursusgangers word in kleingroepe geplaas en elke kleingroep wys 'n groepleier aan vir terugrapportering, ens.
2. Die verrigtinge word met gepaste skriflesing, sang en gebed geopen. (5 min.)
3. Die besprekingsleier skets kortliks die doel van sy aanbieding, bv.: Elkeen van ons het 'n bepaalde begrip of siening van wat die hel is, beteken en inhou. Voordat ons kyk wat die Bybelse siening van die hel is, bepaal ons eers wat weet u elkeen daarvan.
4. Deel *Bylaag 1* aan elke kursusganger uit vir individuele voltooiing om kennis en begrip van die hel te toets. (10 min.)
5. Vervolgens word die lesing aangebied met behulp van die drie vooraf gemaakte transparante wat telkens op die regte plekke geprojekteer moet word, d.w.s. na aanleiding van die uiteensetting van die begrippe. (15 min.) Aan elke kursusganger word die lesing ook nou uitgedeel.
6. *Bylaag 2* word vervolgens uitgedeel wat weer eens individueel voltooi moet word. (15 min.)

7. Die kleingroepe bespreek nou hierdie antwoorde deur konsensus op 'n *groep*antwoord te bereik. (20 min.)
8. 'n Pouse van 10 min. waartydens tee en eetgoed bedien kan word, mag nou, na die oordeel van die besprekingsleier, toegestaan word.
9. Die besprekingsleier bied aan groepleiers nou die geleentheid om hul span se antwoorde terug te rapporteer, bied die korrekte antwoord waar nodig, en teken die antwoorde op die blaaibord aan, indien hy daarvan gebruik maak. (25 min.)
10. Die antwoordstelle van die vraelyste, Bylae 1 en 2, word nou aan kursusgangers uitgedeel: *Aanhangsel A* en *Aanhangsel B*.
11. Die verrigtinge word afgesluit met sang en gebed. (5 min.)

BYLAAG 1

Vraelys oor die individuele kennis van elkeen oor die hel

1. Waar is die hel?
2. Hoe lyk die hel?
3. Wat word van die volgende mense?
   (a) Godloënaars.
   (b) Mense met berou oor sonde.
   (c) Mense sonder berou oor sonde.
4. Leer ons wel iets oor die hel in die Bybel? (Motiveer jou antwoord.)
5. Wat beteken dit dat Christus neergedaal het na die hel?
6. Hoekom dink jy leer die Bybel iets oor die hel?

Lesing: ENKELE OPMERKINGS OOR DIE "HEL"

Inleiding

In die Bybel vind ons nie duidelike gegewens oor wat en waar die hel is nie. Uit Jesus se verkondiging blyk dit egter duidelik dat die hel geen droombeeld is nie, maar 'n werklikheid. Ons lees daarom in Art. 37 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis – "Hulle (d.i. die goddeloses) sal onsterflik word, maar op so 'n wyse dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur, wat vir die duiwel en sy engele berei word. (Lees Matt. 10: 28, Matt. 25:30 en Open. 20:10.)

Jesus het dikwels oor die hel gepraat en daarom sal elkeen wat die leer oor die hel verwerp, ook die gesagswoord van God verwerp. In die O.T. vind ons een woord en in die N.T. twee woorde wat die verblyfplek van die afgestorwenes aandui.

Begrippe in die O.T. en N.T.

O.T. Sjeool:

In die O.T. vind ons slegs die begrip sjeool. Die Afrikaanse Bybel vertaal dit deurgaans met doderyk. Dit is die algemene verblyfplek van afgestorwenes. In die O.T. vind ons nie 'n begrip wat spesifiek dui op pyniging en smarte nie. Dit het meer in die tyd van die N.T. ontstaan. In die ou Statevertaling word sjeool egter vertaal met "hel".

Die Hebreeuse woordeboek gee ook die vertalings van woes wees, woeste gebied, 'n land sonder lewe, 'n plek waaroor elkeen gril. Dit word voorgestel as 'n gebied onder die aarde, 'n poel of 'n put in die onderwêreld (Gen. 42:38) of ook 'n afgrond. Meer as een verklaring word aangegee en daarom bly die werklike betekenis steeds vaag. Sjeool word ook gebruik om die realiteit van die dood en graf aan te dui.

Die dood word in die O.T. as donkerheid geskets. Die dood is die teendeel van die aardse geluk. Die teenstelling tussen die lot van die goddelose teenoor die regverdige word nie so duidelik in die O.T. beskryf nie. Daar is wel sprake van twee afdelings of twee toestande in die doderyk. Vir albei egter 'n ingeperkte skaduagtige bestaan in die onderwêreld waarin die afgestorwene afdaal. Die gedagte bestaan dan ook dat God wel oor die sjeool heers, maar nie daarin aktief besig is nie. Diegene in die sjeool deel nie meer in die genadegawes van die God van die Verbond nie.

Ons vind tog wel in die O.T. dat sjeool die strafplek vir goddeloses aandui (Job. 21:13), maar ook dat gelowiges daaruit gered kan word (Ps. 103:4 en Jes. 38:17). Dat God oor die dood kan triomfeer, blyk ook duidelik uit die geskiedenis van Henog en Elia. Soos reeds gesê, word dit egter nie so duidelik omskryf soos in die N.T. nie. Die O.T. handel ook nie soseer oor dood as afskeiding van liggaam en siel nie, of van die onsterflikheid van die siel nie. Die hiernamaals was vir die Israeliet iets in die hande van God alleen. Ook in die dood sal hy aan God kan bly vashou. (Lees Ps. 73.)

Die Nuwe Testament

Die begrip Hades:

Hades is die Griekse woord vir die Hebreeuse sjeool, wat ook in die N.T. met doderyk vertaal word. In die klassieke Grieks verwys dit ook na onderwêreld ('n holte in die aarde) asook na die realiteit van die dood.

Na die "Ballingskap" vind ons egter 'n bepaalde ontwikkeling, nl. geloof in die opstanding (Jes. 26:19). Verder het daar onder die Persiese en Helenistiese invloed die gedagte ontstaan van pertinente verdeling in die onderwêreld – dié tussen liggaam en siel.

Die onsterflikheid van die siel het 'n werklikheid geword. Die siel van

die afgestorwenes kom dus in die hades na die dood. In die tyd van die N.T. het twee gedagtes dan ontwikkel, nl.

* Hades is die plek vir alle afgestorwenes (Hand. 2:27).
* Hades is die plek slegs vir die siel van die ongelowige. Dus 'n voorlopige plek van straf (Luk. 16:23).

Die opstanding beteken die einde van die Hades en die begin van die Gehenna as plek van finale straf.

Die begrip Gehenna:

Die woord gehenna verwys terug na die Hebreeuse woord "gehinnom" wat dui op die Dal van Hinnom, wat in 'n Suidelike rigting net buite Jerusalem geleë is.

In die tyd van Agas en Menassa is die dal Hinnom gebruik om offers te bring aan die God Molog. Hy was die God van die Fenesiërs. Kinderoffers het ook voorgekom, bv. die seun van Agas.

Dit was as 't ware die ashoop, 'n weggooiplek van vuilgoed en karkasse van dooie diere. Dit is elke oggend aan die brand gesteek sodat dit eintlik dag en nag gesmeul het. Gehenna word in die N.T. vertaal met hel. Wanneer Jesus oor die hel gepraat het, het hy hierdie dal as voorbeeld gebruik. Soos die vuilgoed in hierdie dal weggegooi is, so sal die goddelose in die hel (gehenna) gewerp word.

Gehenna is die strafplek van die deur God verdoemdes, na Sy finale oordeel. Die gedagte dat die hel 'n poel van vuur of dal van vuur is, het ontstaan in die Grieks-Romeinse tyd waarin gewys is op die teenstelling tussen hemel en hel.

In die N.T. is daar egter nou 'n verskil tussen hades en gehenna.

* Hades is tydelik en gehenna dui op die ewige.
* In die hades word slegs die siel van die mens gevind en in die gehenna, siel én liggaam na die wederkoms van Christus.

  In die gehenna sal die goddelose mens uiteindelik sy ewige straf verduur. Dit leer die Bybel baie duidelik (Matt. 25:41). Daarom Jesus se waarskuwing aan elke mens in bv. Mark. 9:43 – dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan as om twee hande te hê en in die hel te gaan, in die onuitbluslike vuur. Lees bv. Matt. 18:8 – ewige vuur, 2 Tess. 1:9 – ewige verderf en Mark. 3:29 – ewige oordeel.

Ons geloofsartikel

Ons bely dat Jesus Christus neergedaal het na die hel. Wat sou dit behels?

Die Christelike kerke het hieroor ook 'n meningsverskil. Daar is veral twee verklarings:

* Die neerdaal na die doderyk of hel het net na die Kruisiging van Christus plaasgevind, slegs om aan te dui dat hy nie 'n skyndood gesterf het nie, maar werklik dood was.
* 'n Tweede verklaring verskuif die klem. Dit dui nie net op Christus se dood alleen nie, maar veral op die feit van sy lyding gedurende sy lewe en veral tydens sy kruisiging. Neerdaal na die hel beklemtoon die feit van Godverlatenheid. (My God, My God waarom het U my verlaat) Die Kategismus. (Zondag 16 vraag en antwoord 44), beklemtoon die hel as godverlatenheid. Die genade en guns van God geld nie daar nie. Die hel is die enigste plek waar God nie is nie. Daarom is dit die buitenste duisternis. Jesus was dus na Sy dood nie letterlik in die hel nie, maar hierdie artikel wys op die onuitspreeklike hellesmart, ter wille van die versoening van sonde.

Die vraag oor waar en wat is die Hel?

Die Bybel gee 'n aanduiding maar geen definisie nie. Die antwoord op ons vraag vind ons miskien die beste saamgevat in die Gereformeerde Dogmatiek van prof. J.H. Bavinck (Deel IV, p. 783). "Ondersoek oor die ligging en grootte van die hel, oor die hoedanigheid van die vuur en die wurms, oor die fisiese en psigiese toestand van die verlorenes, lei tot geen resultaat omdat die Heilige Skrif die swye daaroor bewaar.

Indien ons 'n uitspraak moet maak oor dit wat die hel inhou, sou 'n mens kan sê:

Die hel beteken dat die mens wat daarin vir ewig moet bly, die mens sal wees in eensaamheid, wie se gewete aan hom sal vreet soos wurms as hy sou terugdink aan al die voorregte wat hy as mens tydens sy lewe kon geniet het om God met blydskap te dien maar hy het dit nie gedoen nie. Dus, die hel is die enigste plek waar God nie is nie.

Bybeltekste waarna verwys word:

Matt. 10:28 – En moenie vrees vir diegene wat die liggaam kan doodmaak nie, maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.

Matt. 25:30 – En werp die nuttelose dienskneg in die duisternis, daar sal 'n geween wees en gekners van die tande.

Op. 20:10 – En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp, waar die dier en die valse profeet is, en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Gen. 42:38 – Maar hy sê: My seun sal nie saam met julle aftrek nie, want sy broer is dood en hy het alleen oorgebly, en as 'n ongeluk hom oorkom op die pad wat julle gaan, dan sal julle my grys hare met kommer in die doderyk laat afdaal.

Job. 21:13 – In voorspoed sluit hulle hul dae, en in 'n oomblik snik hulle in die doderyk af.

Ps. 103:4 – wat jou lewe verlos van die verderf...

Jes. 38:17–18 – Kyk tot heil het die bitter, ja, bitter lyde my geword, maar U, U het my siel liefgehad en getrek uit die kuil van vernietiging. Want U het al my sondes agter U rug gewerp.

Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie.

Jes. 26:19 – U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon. Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.

Luk. 23:43 – En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees.

Hand. 2:27 – Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie.

Luk. 16:23 – En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy siel ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af, en Lasarus aan sy boesem.

Matt. 24:41 – Dan sal hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van my julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Bibliografie

1. Bavinck, J.H.: *Gereformeerde dogmatiek* – Deel IV.
2. Berkhof, L.: *Systematic Theology* – p. 681–682.
3. Buttick, G.A. (Red.): *The Interpreters Dictionary of the Bible* – Vol. 1 en 2.
4. Douglas, J.D.: *The New Bible Dictionary* – p. 518.
5. Erasmus, D. (Red.): *Wat sê die Bybel* – Deel 1 en 2.
6. Eichrodt, W.: *Theology of the Old Testament* – Vol. 1, p. 210–223.
7. Groenewald, E.P.: *Handboek Bybelse Geskiedenis* – par. 98 en 153.
8. Grosheide, F.W. (Red.) *Bybelse Ensiklopedie* – p. 201–202.
9. *Heidelbergse Kategismus:* Sondag 16 vraag en antwoord 44.
10. Jacob, E. *Theology of the Old Testament* – p. 118, 146, 178 en 299.
11. Kochler, Baumgartner: *Lexicon in Veteris Testamenti Libros.*
12. Kittel, G.: *Theological Dictionary of the New Testament* – Vol. 1 p. 148–149 en 657–658.
13. Polman, A.D.: *Woord en Belydenis* – Deel II art. 37.
14. Richardson, A.: *A Theological Word Book of the Bible.*
15. V.d. Walt, S.J.: *Geloof en sedeleer vir St. 10* – p. 199 +.
16. Ruler, A.: *De dood wordt overwonnen.*
17. Van Staden, A.J.: *Die Jehova Getuies weerlê* – p. 140.
18. Veldkamp, H.: *Zondagskinderen* – Zondag 16.
19. Vriezen, Th.C.: *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament* – p. 442 +.

TRANSPARANT I



1. Vertaling – doderyk
2. Betekenisse:
   * woeste gebied
   * land sonder lewe
   * onder die aarde
   * poel of put
   * graf
3. Lot: goddelose vs. regverdige.
4. O.T. = Liggaam–siel

TRANSPARANT II



1. Vertaling – doderyk.
2. Na ballingskap – opstanding.
3. Perse en Hellenisme – liggaam en siel.
4. Opstanding-betekenis.

TRANSPARANT III



1. "Gehinnom"
2. Jesus-voorbeeld
3. Gehenna – finale oordeel
4. Verskil – hades – gehenna
5. Ewige verderf en oordeel.

BYLAAG 2

Individuele kennis oor die begrip hel?

1. Waar kry ons die begrip hel en sy betekenis vandaan?
2. Wat het die Israeliet geglo oor die lewe na die dood?

3. Lasarus was gelowig en die ryk man ongelowig. Hoe het dit dan gebeur dat albei tegelyk in die hades was?
4. Wat het gebeur in die dal van Hinnom sodat Christus dit kan gebruik as voorbeeld van die hel?
5. Wat gebeur as jy in die "gehenna" sou beland?
6. As ons weet en bely dat Christus neergedaal het na die hel, wat beteken dit vir die mens?
7. Waarom behoort 'n gelowige mens tog nog iets te weet van die hel?

AANHANGSEL A

Byvoorbeeld

1. Waar is die hel?
   Antwoord: Die meeste dink dit is onder die aarde.
2. Hoe lyk die hel?
   Antwoord: Dit is volgens die meeste mense 'n plek van vuur.
3. Wat word van die volgende mense?
   Antwoord: * Godloënaars: Hulle sal deur God verwerp word in die hel of buitenste duisternis.
   * Mense met berou: Hulle sal om Christus ontwil van die hel verlos word.
   * Mense sonder berou: Hulle sal ewig in die hel bly.
4. Leer ons iets in die Bybel oor die hel? Motiveer.
   Antwoord: Ja, Jesus het in Sy prediking ook dikwels daarna verwys.
5. Wat beteken dit dat Christus neergedaal het na die hel?
   Antwoord: Vir Christus het dit beteken "Godverlatenheid", bv. as Hy uitroep, My God, My God waarom het u my verlaat. Die hel is daar waar God nie is nie.
6. Hoekom dink jy leer die Bybel iets oor die hel?
   Antwoord: Die gelowige moet weet dat die hel geen droombeeld is nie, nie iets is om kinders mee bang te maak nie. Dit is 'n werklikheid.

AANHANGSEL B

Byvoorbeeld

1. Uit die ontwikkeling van die betekenisse van sjeool, hades en veral gehenna.
2. Dit het die Israeliete nie veel bekommer nie. Dit was God se verborgenheid. Die dood het beteken dood van siel en liggaam. Die verwagting

van die opstanding het nie by hom spesifiek bestaan nie. Wel na die Ballingskap het iets daarvan na vore gekom.

3. Hades het ook beteken doderyk. Die gedagte het bestaan dat in die hades (doderyk) daar twee afdelings was. Een vir die gelowige en een vir die ongelowige.
4. Dit was 'n smeulende vullishoop waar alles wat niemand meer wou hê nie weggegooi is.
5. Die gehenna beteken vir elkeen hel en pyn tot in ewigheid.
6. Christus het deur sy offer ingestaan vir sondaarmense, sodat die mens om Christus ontwil nimmermeer deur God verlate sou wees nie, d.w.s. die hel en die verdoemenis en wat dit inhou, nie te beurt sal val nie.
7. Die Christengelowige moet die hel ken – ook as waarskuwing om sy lewe in te rig volgens die Woord van God en om Hom bewus met blydskap te dien.

I Satanisme

SAAMGESTEL DEUR DS. W.H. SWART

Doel

Om die kursusganger te wys op die gevare wat die verskynsel Satanisme inhou.

Voorbereiding

Ten einde 'n geslaagde kursus aan te bied moet die volgende voorbereidings getref word:

1. Inleier

Reël vooraf met 'n persoon om die inhoudelike gedeelte oor die onderwerp (sien punt 4) te bestudeer om dit aan die kursusgangers te kan oordra.

2. Uitdeelstukke

Dupliseer die opsomming van die lesing met die vrae daarop (sien punt 5 en 6) om 'n effektiewe kleingroepbespreking te verseker.

3. Hulpmiddels

Verkry die nodige hulpmiddels, naamlik 'n blaaibord en skryfmateriaal.

4. Lokaalinrigting

* Hou die byeenkoms in die kerksaal of konsistorie waar genoeg ruimte, stoele, ens. is.
* Maak voorsiening dat die kursusgangers in groepe van nie meer as agt per groep om 'n tafel sit nie.
* Rangskik die tafels en die blaaibord so dat al die kursusgangers die spreker kan sien.

Verloop van program

1. Laat die kursusgangers in groepe verdeel en by die tafels plaasneem.
2 Skriflesing uit Matt. 4:1–11.
3. Gebed.
4. Sing: Ges. 258.

5. Lesing: Laat die aangewese persoon die onderwerp inlui (sien punt 4). Die maksimum tyd hiervoor toegelaat is 30 minute.
6. Laat die groepe vervolgens vir hulle elkeen 'n spanleier aanwys wat die kleingroepbesprekings kan lei n.a.v. gegewe vrae en wat namens die span kan terugrapporteer.
7. Deel die opsomming van die lesing met die vrae daarop uit (sien punt 5 en 6).
8. Gee 30 minute geleentheid vir kleingroepbespreking na aanleiding van die gegewe vrae.
9. Laat elke groepleier vervolgens namens die span terugrapporteer. Skryf die teruggerapporteerde gedagtes kernagtig op die blaaibord neer, en voer na aanleiding daarvan vir 30 minute 'n grootgroepbespreking.
10. Sing: Ges. 293 of Ges. 294.
11. Sluit af met gebed.

Lesing: SATANISME

Inleiding

By geleentheid het dr. J.H. Koekemoer, toe hy oor die onderwerp moes praat, begin deur te sê: "Wat kan jy anders van die duiwel sê as dat hy 'n leuenaar is, en van sy volgelinge as dat hulle van die duiwel besete is." Daarmee sou 'n mens kan volstaan omdat mens, wat die Bybel betref, dan al genoeg gesê het.

Wil 'n mens dan nog verder gaan, kan Satanisme as duiwelaanbidding gedefinieer word. Daarom het ons nie hier te make met 'n soort dwaalleer nie, maar wel met 'n afwyking in menslike gedrag wat skokkend en afkeurenswaardig is. Satanisme is dus dit waarmee 'n deel van die moderne heidendom hom besig hou.

Satanisme-byeenkomste

Wanneer 'n mens na Satanisme-byeenkomste kyk, besef 'n mens hoe 'n perverse kultus dit is.

By hierdie byeenkomste word daar telkens trou gesweer aan die Satan en word daar verslag gedoen oor elkeen se bedrywighede en die luies word gestraf. Die "werk" waarvan verslag gevorder word, is die kwaad waartoe elkeen opgeroep word. Ann Armstrong het dan ook in 1673 verklaar dat die Satan mense pynig wat geen sondes kon rapporteer nie.

By hierdie byeenkomste vind allerlei rituele by kerslig plaas met o.m. nakende meisies, losbandige seksuele verkeer terwyl hulle opgesweep word deur musiek met 'n onheilspellende ondertoon en helderkleurige klere. Andere drink duiwelsdrek en ander suig die beentjies van 'n swart kat wat opgehang is uit, om so buite hulle self te raak en met die duiwel in aanraking te kom.

Sommige vier 'n swartmis en ander drink die bloed van diere, bv. katte. Dit blyk dat 'n mens hier te make het met die beoefening van die liederlike, onder die invloed van dwelmmiddels en drank in 'n nudiste patroon.

Werwing van lede

Die werksveld vir die werwing van lede is die jeugakker. 'n Lid word gewerf deur hom eers uit te nooi na gewone huispartyjies en hom dan stelselmatig met dwelmmiddels bekend te stel tot latere verslawing. Dan moet hy toetree om dwelmmiddels te bekom en is dan ryp vir inlywing. Eers met die inlywingseremonie kom hy vir die eerste keer in aanraking met die felheid van Satanisme.

Inlywingseremonie

"Mike Warnke sê dat by sy inlywing as priester van die satanisme, hy homself aan Satan moes toewy en in die openbaar die Satan moes aanbid as sy heer en meester. Daarna is met 'n mes 'n sny in sy arm gemaak en moes hy met 'n pen, gedoop in sy eie bloed, sy naam in die swartboek teken. Daar is aan hom voorgehou dat as hy ontrou aan Satan sou word, die bloed in die boek groen sou word as teken van sy ontrouheid en as bewys dat hy uit die weg geruim moet word."

"By sy inhuldiging as satanis, is hy ook herdoop en het hy 'n nuwe naam ontvang – in sy geval Judas Iskariot" (J.H. Koekemoer in *Die Hervormer*, Maart 1977, bl. 6).

Die swartboek is die boek van die dood, in teenstelling met die "boek van die lewe". Die "heilige water" by die doop is meestal die urine van hulle wat teenwoordig is by die plegtigheid.

Satanskerk

Gedurende die nag van 30 April en 1 Mei 1966 (Meidag), is die "Satanskerk" gestig. Hierdie "kerk"† is glo gestig om al die bewegings wat onder die vaandel van Satanisme vaar af te grens van ware Satanisme. Die doel was egter nog steeds om die Christendom teen te werk omdat hulle glo dat dit die Christendom is wat

* die mens verkneg het en
* dat hulle die mens wil probeer verhoed om die lewe te geniet.

Hulle geskrifte is o.a. die "Satanic Bible" en "Book of Rituals" wat skynbaar 'n tipe kategismus is.

---

† Kerk beteken "die Here s'n of dit wat aan die Here behoort". Daarom is kerk hier eintlik misplaas en word dit in aanhalingstekens geplaas.

Moderne Satanisme

Moderne Satanisme is vandag baie meer gesofistikeerd as vroeër en volg die pad van die okkulte, joga en hindoeïsme – trappe om die mens aan homself of 'n bepaalde sisteem te verslaaf. Dit loop naderhand uit op die vergoddeliking van die mens wat homself op die troon wil plaas waar God is en waarna die duiwel hunker.

Algemene opmerkings

Dr. Koekemoer het oor Satanisme op 'n keer die volgende opgemerk: "Wat sal 'n mens van dit alles sê as dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te verskeur en te verwoes. Dit is daarom onuitspreeklike genade van God dat ons nog kan leef en werk as Kerk van Jesus Christus in die wêreld.

As 'n mens soms kyk na die laksheid van sommige gelowiges en die ywer van die Sataniste, dan besef mens opnuut dat ons doelgerig en positief Jesus Christus moet verkondig as die Here wat graf en dood oorwin het en wat leef tot in ewigheid."

Ds. P.M. Smith merk in sy voorwoord in die publikasie *Satanisme* oor Satanisme op: "Bewus van die feit dat hy as uiteindelike oorwonnene uit die stryd tussen goed en kwaad, lig en duister sal tree, het die Satan hom nie van die strydtoneel onttrek nie, maar span hy al sy kragte in om net soveel skade as moontlik te doen, net soveel slagoffers as moontlik te vernietig."

Prof. dr. F.J. van Zyl gee in genoemde publikasie 'n moedgewende woord aan die onbekende slagoffer van Satan: "Hy is nie onoorwinlik nie. Hy is 'n oorwonne vyand wat uiteindelik uitgewis gaan word."

N.S. Hierdie artikel is hoofsaaklik gebaseer op die resultate van 'n studie deur dr. J.H. Koekemoer en die landwye *Simposium oor Satanisme* wat gedurende Mei 1977 deur die Ringsjeugraad van Pretoria, Ned. Herv. Kerk van Afrika, aangebied is. Vanweë 'n beperking op lengte, kan Satanisme nie vollediger bespreek word nie en is slegs aan enkele fasette van Satanisme geraak. U kry in die publikasie *Satanisme*, saamgestel deur ds. W.H. Swart en uitgegee deur HAUM, 'n meer volledige oorsig oor die onderwerp.

Opsomming van lesing

1. Satanisme is 'n afwyking in menslike gedrag.
2. Sataniste-byeenkomste is dikwels die beoefening van die mees liederlike en goddelose en 'n plek waar verslag gedoen word oor die boosheid wat bedryf moes word.

3. Die werksveld vir die werwing van lede is die jeugakker.
4. Die sogenaamde Satanskerk is op 30 April en 1 Mei 1966 gestig met die doel om steeds o.a. die Christendom teen te werk omdat hulle glo dat dit die Christendom is wat die mens verkneg en beroof van wêreldse genietinge.
5. Moderne Satanisme is 'n poging van die mens om die mens te vergoddelik en op die troon te plaas.
6. Die Satan gaan rond soos 'n brullende leeu om te verwoes en te vernietig.

Vrae vir kleingroepbespreking

1. Wat is Satanisme?
2. Hoekom sou u sê is die jeugakker die werksveld en werwingsveld van Satanisme?
3. Noem 2 hoofmomente van Sataniste-byeenkomste.
4. Noem 5 kenmerk van Satanisme.
5. Wat is moderne Satanisme
6. Wat kan ek as gelowige doen om Satanisme teen te werk?

Antwoorde op vrae vir kleingroepbespreking

(Hierdie is 'n riglyn vir die kursusleier.)

1. Satanisme is duiwelaanbidding en eintlik 'n afwyking in menslike gedrag.
2. Die jongmens word deur baie aanslae geteister en as die jongmens beïnvloed kan word, is die volk van môre verswak. Die jeug is dikwels ook meer nuuskierig en bereid om te eksperimenteer as gevolg van onervarenheid.
3. Toewyding aan die duiwel en straf vir kwaad en boosheid wat nie bedryf is nie.
4. Sien studiestuk.
5. Die mens wat homself op die troon wil plaas.
6. Met groter ywer en toewyding moet verkondig word dat Christus leef en die mag van die duiwel verbreek het.

J Doop met die Heilige Gees

SAAMGESTEL DEUR DS. C.J.H. STEENKAMP

Doel

Om aan groeplede duidelik te maak dat God se eis vandag aan ons nie die doop met die Heilige Gees as 'n enkele aanwysbare onherhaalbare ervaring is, soos sommige sektegroepe wil hê nie, maar vervulling met die Heilige Gees, d.w.s. gedurige onderwerping aan die gesag en heerskappy van die Gees wat reeds in alle Christusgelowiges woon.

Voorbereiding

1. Reël met 'n predikant vir die bespreking.
2. Dupliseer die vrae vir bespreking in kleingroep. (Bylaag 1).
3. Hulpmiddels: blaaibord, pen, plakband, Bybel, oorhoofse projektor, transparant waarop die hoofpunte van die lesing staan. (Bylaag 2).
4. *Lokaalinrigting:* tafels en stoele (5–8 stoele per tafel).

Verloop van program

1. Plasing van gespreksgroepe.
2. Skriflesing: Hand. 1:1–5.
   Gebed.
   Sang: Ges. 214:1 en 4.
3. Bespreking van die onderwerp. (Bylaag 3).
   * Na 'n kort inleiding deur die programleier, kan van die 7 genoemde tekste om die beurt hardop deur groeplede gelees word en n.a.v. 'n vraag tot die slotsom gebring word dat die opdrag aan ons vandag nie is om met die Heilige Gees gedoop te word nie.
   * Die res van die lesing volg nou met die hoofpunte op transparant.
   * Kleingroepbespreking van die vrae (30 min.) (Bylaag 1).
   * Die antwoorde deur elke groepleier word kortliks op die blaaibord neergeskryf. (20 min.)
   * Die programleier lewer kommentaar.
   * Die lesing kan uitgedeel word vir latere verwysing.

BYLAAG 1

VRAE VIR BESPREKING IN DIE KLEINGROEP

Tyd: 30 minute.

1. Wat verstaan u onder die doop met die Heilige Gees?

2. Waarom kon die dissipels nie voor Pinksterdag met die Heilige Gees gedoop word nie? (Sien Handelinge 2:32 en 33).
3. Val die doop met die Heilige Gees saam met die bekering of volg dit daarop? Motiveer.
4. Is die doop met die Heilige Gees noodsaaklik om geestelik te kan groei? Motiveer.
5. Word alle gelowiges met die Heilige Gees gedoop? (Vgl. 1 Kor. 12:13.)
6. Is 'n gelowige wat met die Heilige Gees gedoop is 'n volmaakte mens? Motiveer. (Vgl. Rom. 7:19, 21 en 23.)

BYLAAG 2

VIR TRANSPARANTOPSOMMING

1. Inleiding.
2. Slegs Matt. 3:11, Mark. 1:8, Luk. 3:16, Joh. 1:33, Hand. 1:5 en Hand. 11:16 asook 1 Kor. 12:13.
3. Heilige Gees reeds in Ou Testament belowe. Enkelinge – belofte hele volk.
4. Vervulling van die belofte op Pinksterdag.
   Liefde van Johannes die Doper.
   Wanneer, waarin, vir wie?
   Wanneer gebeur dit?
5. Wat hou dit vir die gelowige in?
   Eiendom van God (Ef. 1:13).
   Nie volmaak.
6. Vervulling – bevel: Ef. 5:18.
7. Slot.

BYLAAG 3

Lesing: Doop met die Heilige Gees

Inleiding

Veral lidmate van die Pinksterkerke beweer dat, indien jy as gelowige nie met die Heilige Gees gedoop is nie, jy nie tot geestelike volwassenheid kan kom nie.

Die doop met die Heilige Gees volg volgens hulle op die bekering om die gelowige dan op 'n hoër geestelike vlak te bring. As bewys dat jy met die Heilige Gees gedoop is, sal jy in vreemde tale spreek.

Is dít wat dit beteken om met die Heilige Gees gedoop te wees?

Doop met/in/deur die Heilige Gees

In die Nuwe Testament is daar net 7 tekste waarin bogenoemde uitdrukking voorkom. In al sewe tekste word dieselfde voorsetsel in die Griekse Bybel gebruik, (en). Die vertaling van "en" hang van die teksverband af. Alhoewel die Griekse woord en in ons Afrikaanse Bybel met "*met* die Gees doop" en "*deur* die Heilige Gees gedoop" vertaal word, verwys dit nie na verskillende soorte van gedoop wees met die Heilige Gees nie.

Skriftuurverwysings na die doop met/deur die Heilige Gees

Die Griekse uitdrukking "Baptizein en pneumati hagio" (om gedoop te wees met/in/deur die Heilige Gees) word vermeld in: Matt. 3:11, Mark. 1:8, Luk. 3:16, Joh. 1:33, Hand. 1:5, Hand. 11:6 en 1 Kor. 12:13.

In Matt. 3:11 lees ons dat Johannes die Doper sê: "Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat na my kom, is my meerdere en ek is nie eens werd om Sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop." In Luk. 3:16 kry ons byna dieselfde woorde, terwyl in Markus 1:8 nie van die doop met vuur melding gemaak word nie, maar net dat Jesus met die Heilige Gees sal doop. In Joh. 1:33 lees ons dat Johannes die Doper sê: "... maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: Die een op wie jy die Gees sien kom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." Veral belangrik is Hand. 1:4–5 waar van die opgestane Heer gesê word: "Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word." Uit hierdie teks in Handelinge word dit duidelik dat wat Johannes die Doper beloof het, naamlik dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur sal doop, hier deur Jesus op die pinkstergebeurtenis betrek word wat "binne 'n paar dae" dan ook werklik plaasgevind het – die uitstorting van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees reeds in die Ou Testament belowe

Die uitstorting van die Heilige Gees is die vervulling van die belofte wat God reeds in die Ou Testament gegee het. In Jer. 31:31–33, lees ons dat God met Sy volk 'n nuwe verbond sal maak en Sy wet in hulle binneste sal gee. In Eseg. 37:14 blyk dit dat dit deur die Heilige Gees sal geskied.

Die Heilige Gees was egter alreeds in die Ou Testamentiese tyd werksaam om enkelinge toe te rus vir bepaalde take wat hulle in diens van God moes verrig (sien bv. Eks. 31:3). Die hele volk van God het nie hierin gedeel nie.

In die Ou Testament word egter verwys na die toekomstige werksaam-

heid van die Heilige Gees in alle gelowiges. Daar sal 'n tyd kom dat God sy Gees oor alle vlees sal uitstort – dit wil sê die hele volk van God (alle gelowiges) sal dan daarin deel (Jes. 44:3, Joël 2:28). Dat hierdie belofte op Pinksterdag vervul is, blyk uit Petrus se Pinksterpreek (Hand. 2:16–18). Die nuwe bedeling, die nuwe verbond is ingestel. Die Gees wat belowe is, is uitgestort en hoef nie meer (en weer) uitgestort te word nie. Die belofte is vervul.

Vervulling van die belofte op Pinksterdag

Johannes die Doper (Matt. 3:11, Mark. 1:8, Luk. 3:16, Joh. 1:33) gee in sy prediking 'n belofte van iets wat die Here Jesus vir Sy volgelinge sou doen: Hy sou hulle met die Heilige Gees doop.

Wanneer is hierdie belofte vervul? Volgens Jesus (Hand. 1:5) sou hierdie belofte op Pinksterdag vervul word.

Waarin is dit vervul? – Deur die koms van die Heilige Gees.

Jesus het belowe dat Hy sy volgelinge nie as wese sou agterlaat nie (Joh. 14:18), maar aan hulle 'n ander Trooster sou stuur (Joh. 16:7).

Vir wie het Hy die Heilige Gees gestuur? Vir elke mens wat in die Here Jesus glo (Joh. 7:39). Vanaf Pinksterdag ontvang elkeen wat Jesus Christus aanvaar, die Heilige Gees. Daarom kan Paulus sê dat, as jy nog nie die Heilige Gees ontvang het nie, jy nog nie die Here Jesus aanvaar het nie (Rom. 8:9). Nuwe gelowiges, wanneer hulle tot geloof kom, ontvang die Heilige Gees, "... want niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe deur die Heilige Gees". (1 Kor. 12:3). Wanneer 'n mens dus die Here Jesus aanvaar, ontvang jy tegelykertyd ook die Heilige Gees, dit wil sê word jy met die Heilige Gees gedoop.

In 1 Kor. 12:13 sê Paulus: "Ons is almal deur een Gees gedoop in een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."

Wat opvallend is, is dat Paulus nie sê dat net sommige Christene deur die Heilige Gees gedoop word nie. Dit is nie net sommige gelowiges wat deel het aan die doop met die Heilige Gees nie, maar almal. Dit is ook insiggewend om daarp te let dat telkens wanneer daar in die boek Handelinge sprake is van die doop met die Heilige Gees, *almal* wat aanwesig was, daaraan deel gekry het. (Hand. 2:4; 4:31, 8:17, 10:44). Nêrens word die Doop met die Heilige Gees in die Skrif aangebied as net iets waaraan net sommige gelowiges deel het nie.

Tweedens leer Paulus ons wanneer die doop met die Heilige Gees plaasvind. Dit vind plaas wanneer jy ingelyf word in die liggaam van Christus (die kerk van Christus). Wanneer gebeur dit? In soverre dit van die mens afhang, vind dit plaas wanneer jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar. Vanaf Pinkster is die Gees in die liggaam van Christus aanwesig en deel Hy homself mee aan almal wat glo. Dit is dus nie vir die gelowige (wat tog

reeds ingelyf is in die liggaam van Christus) nodig om die doop met die Heilige Gees as iets aparts en spesiaals te soek nie.

Die gelowige het dus outomaties deel aan die heilstryd wat met die uitstorting van die Heilige Gees sedert Pinkster op hande is.

Wat hou die doop met die Heilige Gees vir die gelowige in?

In Ef. 1:13 sê Paulus: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as eiendom van God beseël." (1979 Vertaling). Deur die doop met die Heilige Gees het die gelowige die eiendom van God geword.

Die Heilige Gees bind die gelowiges aan Christus en so ook aan mekaar.

As liggaam (Kerk) van Christus kry hulle deel aan die verlossing van sonde op grond van Christus se dood en opstanding.

Dit beteken die oorgang uit die outyd van straf na die nuwe tyd van die verlossing van sonde.

Die eenmalige uitstorting van die Heilige Gees op die Kerk van Christus beteken egter nie dat die gelowige as lidmaat van die Kerk van Christus nou volmaak is nie.

Die gedoop met die Heilige Gees beteken nie dat daar geen insinking in die lewe van die gelowige kom nie. Hiervan is Petrus en Paulus twee voorbeelde. Petrus wat in die huis van Cornelius sulke hoogtes bereik het, sowel as voor die vergadering van die ouderlinge in Jerusalem (Hand. 10, 11:1–18), word in Antiochië weer die slagoffer van sy vrees vir die Jode (Gal. 2:11–12).

Of Paulus, wat ook met die Heilige Gees vervul was (Hand. 9:17–18), maar tog bely dat die goeie wat hy wil doen, doen hy nie, maar die kwaad wat hy nie wil doen nie, doen hy (Rom. 7:19, 21 en 23). Vandaar dan die noodsaaklikheid om telkens met die Heilige Gees vervul te word.

Vervulling met die Heilige Gees

Die doop met die Heilige Gees is nie identies met die vervulling met die Heilige Gees nie. Die doop met die Heilige Gees is die eenmalige uitstorting van die Heilige Gees waardeur die nuwe heilstydperk aangebreek het.

Hierteenoor is die vervulling met die Heilige Gees die gelowige se onderwerping aan die gesag en heerskappy van die Heilige Gees. Die vervulling met die Heilige Gees is nie 'n enkele onherhaalbare ervaring waardeur die gelowige op 'n bepaalde geestelike vlak geplaas word waarvan hy nooit weer afdwaal nie.

Wanneer Paulus in Ef. 5:18 die gelowiges aanspoor om met die Heilige Gees vervul te word, is dit 'n bevel. Hulle moet hulle gedurig weer en weer met die Gees laat vervul. Uit Ef. 5 blyk dat as die hart vol sonde is, dit nie met die Heilige Gees vervul kan word nie. Om met die Heilige Gees vervul te word, vra dus berou en geloof, geloof in die vergewing van sondes alleen

op grond van die soenverdienste van Jesus Christus aan die kruis. Vervulling met die Heilige Gees vra ook gehoorsaamheid en oorgawe aan God.

Om met die Gees vervul te word, beteken dat jy jou lewe as gelowige deur die Heilige Gees moet laat beheers sodat elke faset van jou lewe onder die Gees se heerskappy is, en dat jou lewe tot Sy beskikking gestel is sodat Hy jou tot eiendom kan maak wat vir jou in Christus toegesê is. Hiervan kan jy as gelowige talle ondervindinge hê in jou lewe.

Hulle wat met die Heilige Gees vervul is, hoef nie soos sekere Pinkstergroepe se mense meen, noodwendig in ander tale te praat nie. Terwyl dit so is dat die Bybel van 3 groepe mense vertel wat by die ontvangs van die Heilige Gees wel in tale gespreek het (Hand. 2:4; 10:44–46; 19:6), verhef die Bybel dit nie tot maatstaf nie. Daar was ook soortgelyke geleenthede waar daar nie in tale gespreek is nie. (Volgens Hand. 4:31, 9:17 en 13:52). Ef. 5 noem veral die feit dat mense tot eer van God sing en Hom dank, as egte uitingsvorme van die vervul wees met die Heilige Gees. Die vervulling met die Heilige Gees lei dus onder andere tot sinvolle erediens en aanbidding.

Slot

Die vraag vir ons vandag is nie of die Heilige Gees uitgestort is nie, ook nie of die Kerk die Heilige Gees ontvang het nie. Dit is 'n Bybelse werklikheid. Die vraag vir ons as *gelowiges* is ook nie of ons met die Heilige Gees gedoop is nie. Dit is ook 'n Bybelse waarheid.

* Die vraag is vir ons of ons vervul is met die Heilige Gees?
* Is ons lewe geheel en al onder Sy heerskappy, of is daar nog sektore van ons lewe wat bewustelik gevul word met sonde?
* Het ons nie belemmeringe in Sy weg geplaas sodat Hy nie sy volle krag in ons lewe tot openbaring kan laat kom nie?

Bronnelys

* *Die Charismata* – dr. L.L.J. Visser.
* *Die Heilige Gees* – ds. C.J. Jackson.
* *Ek glo in die Heilige Gees* – Bybelkor.
* *God die Heilige Gees* – prof. B.J. Engelbrecht.
* *Hy wat met die Heilige Gees doop* – dr. L. Hoor.
* *Meer duidelikheid oor die Heilige Gees* – dr. Adrio König.
* *Riglyne ten opsigte van die Charismatiese beweging en die Charismatiese gawes* – Algemene Kommissie. Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk.

K Pasifisme, veral m.b.t. diensplig

SAAMGESTEL DEUR DS. G.P.J. GROBLER

Doel

Om jongmense in staat te stel om op Christelike gronde te kan oordeel oor pasifisme, veral met betrekking tot diensplig.

Voorbereiding

1. Reël met 'n kundige spreker om die bespreking waar te neem (verkieslik 'n predikant).
2. Genoegsame eksemplare van die Waar/Onwaar-vraelys moet beskikbaar wees vir die teenwoordige toehoorders. Eweneens moet genoeg afskrifte van die lesing beskikbaar wees om aan toehoorders aan die einde van die byeenkoms uit te deel vir toekomstige verwysing.
3. *Lokaalinrigting:* genoeg tafels en stoele moet beskikbaar wees vir die verwagte aantal. Tafels en stoele moet in groepies van 5–8 gerangskik word, in so 'n mate dat almal die kursusleier sonder moeite kan sien.

Verloop van program

1. Plaas die toehoorders in kleingroepe.
2. Open met paslike Skriflesing, gebed en sang.
3. 'n Waar/Onwaar-vraelys word aan elke toehoorder uitgedeel vir voltooiing (15 minute).
4. Die vraelys word dan in die kleingroep bespreek en elke kleingroep se vooraf aangewese groepleier rapporteer ter geleëner tyd die groep se antwoord aan die kursusleier (15 minute).
5. Die kursusleier stel elke teruggerapporteerde antwoord in sy regte perspektief.
6. Die kursusleier lewer ten slotte 'n samevattende kommentaar oor die lesing (15 minute) en die lesing word aan toehoorders uitgedeel.
7. Die byeenkoms word met gebed en sang afgesluit.

BYLAAG 1

WAAR/ONWAAR-VRAELYS

1. As ek 'n gelowige is, dan behoort ek groot beswaar te hê teen geweld en oorlog. (Waar/Onwaar? Motiveer.)
2. Mense wat weier om by geweld betrokke te raak (mense wat bv. weier

om diensplig te doen), het altyd goeie gronde vir hulle houding. (Waar/Onwaar? Hoekom?)
3. Die staat moet verdraagsaam wees teenoor mense wie se geloofsoortuigings hulle van geweld weerhou. (Waar/Onwaar? Verstrek u redes hoekom u so dink.)
4. Ek mag van die regering verskil oor die vraag of bepaalde militêre optrede (byvoorbeeld teen terroriste) regverdig is of nie. (Waar/Onwaar? Motiveer.)
5. Indien my siening oor die regverdigheid van 'n bepaalde oorlog radikaal van dié van die regering verskil, kan die staat my nie dwing om diensplig te doen nie. (Waar/Onwaar? Verstrek redes.)
6. Die gebod JY MAG NIE DOODSLAAN NIE word deur ons soldate oortree. (Waar/Onwaar? Hoekom sê u so?)

BYLAAG 2

ANTWOORDE OP WAAR/ONWAAR-VRAELYS

1. *Waar:* Oorlog is afskuwelik en geen gelowige sal dit ooit reg vind nie. Ons word ook as gelowiges in die Bybel opgeroep om vrede na te jaag. Maar, in ons deur-die-sonde-ontaarde wêreld, ontstaan daar situasies waar ook die gelowige geforseer word om te veg vir die behoud van die kerk, die gemeenskap en homself.
2. *Onwaar:* Baie van hulle is eenvoudig te lafhartig of selfsugtig om betrokke te raak.
3. *Onwaar:* Almal wat medies geskik is, moet diensplig doen. In geval van totale pasifiste, byvoorbeeld die Jehovagetuies, kan alternatiewe vorme van diensplig oorweeg word. Hierdie mense word tans in Detensiebarakke ver van die operasionele gebied af aangehou. Hulle kan dalk eerder binne die operasionele gebied vir nie-militêre take gebruik word. In dié geval is hulle darem min of meer aan dieselfde gevare onderworpe as hul mede-dienspligtiges.
4. *Waar:* In 'n demokratiese staat soos dié waarin ons lewe, is dit deel van my basiese menseregte dat ek beswaar kan maak teen enige aspek van die heersende regeringsbeleid. Dit sluit optrede van die Departement van Verdediging in.
5. *Onwaar:* Indien my gewete vir my sê dat die regering 'n onregverdige oorlog voer, dan is my gewete nie noodwendig reg nie. Want die stem van my gewete is nie die stem van God nie. My gewete mag nie van God en sy Woord losgemaak word nie. En nou is dit so dat ons teologiese tradisie die Bybel só verstaan dat daar wel vir oorlog plek is en daarom hóéf daar nie gewetensprobleme ten opsigte van diensplig te bestaan nie.

As ek simpatie het met die sogenaamde "edele vryheidsvegters" en met hulle identifiseer, dan kan my optrede moeilik iets anders as landsverraad genoem word. Rebellie is dit nie, want buitelandse magte, soos Rusland en Kuba is betrokke en dit gaan in laaste instansie nie om regeringsverandering nie, maar om landsoorname.

6. *Onwaar:* Soldate tree op as onderdane van die staat en die staat het uit die hand van God die swaardmag ontvang, dit is o.a. die mag om sy onderdane teen aanslae te verdedig, ook met geweld.

BYLAAG 3

Lesing: PASIFISME, VERAL M.B.T. DIENSPLIG

(a) Praat ons oor pasifisme, dan praat ons oor oorlog. En oorlog is verkeerd – al word dit ook hóé geidealiseer en vir ons goed en aanvaarbaar gemaak in boeke en op film. Dit blý verkeerd. Niemand, behalwe 'n totaal ontaarde mens, kan die dood, verminking, verwoesting en ontbering wat met oorlog saamgaan, ooit reg vind nie.

(b) Dit is daarom nie snaaks nie dat Christene (ons wat die groot gebod van liefde tot God en liefde tot ons naaste wil uitleef) van die vroegste tye af geworstel het met die probleem van oorlog. Mag ons deelneem aan die doodmaak- en verwoestingsproses, of nie?

(c) Die heel vroegste Christene het oorlog en geweld om verskillende redes summier afgekeur. Ons kan dit alreeds goed verstaan as ons onthou dat soldate deur die Romeinse owerheid gebruik is om die Christene te vervolg. 'n Mens gaan tog nie iemand se optrede goedkeur as jy weet dat dié persoon jou een of ander tyd vir die leeus kan voer nie! Ons moet hierdie mense se siening beoordeel in die lig van die feit dat hulle Christen-onderdane was van 'n heidense (dikwels erg vyandige) owerheid.

(d) Later, toe die barbare die Romeinse Ryk begin bedreig, vind ons 'n dubbele moraal by baie van die vroeë kerkvaders. Hulle siening: Christene mag nie veg nie; maar die heidense soldate kán en móét veg ter wille van beskerming teen die vyand.

(e) In die jaar 306 bestyg keiser Konstantyn die troon. Hy is die eerste Christen-keiser en deur sy bemoeiing word die Christendom staatskerk. Die situasie verander nou drasties. Ons het nou te doene met 'n Christelike owerheid en van nou af neem die Christene aktief deel aan militêre bedrywighede. Moontlik die grootste van alle teoloë, Augustinus (354–430) sê dan ook dat ons Christene aan oorloë móét deelneem, al is dit dan met weemoed en trane. Hierdie standpunt van Augustinus het grootliks die kerk se standpunt gebly, tot vandag toe.

(f) Die probleem is: al is geweld en oorlog hóé sleg en al wil 'n mens dit

hóé graag vermy – jy kan nie altyd nie. Daar kom situasies wanneer 'n mens jouself, jou familie en jou eiendom net móét verdedig. Netso kom daar omstandighede wanneer die staat eenvoudig nie durf weier om militêr betrokke te raak ten einde die toekoms van sy mense te probeer beveilig nie.

(g) Vir sy militêre bedrywighede maak die staat gebruik van sy onderdane. Mense word opgeroep om as soldate diens te doen. Maar nou vind ons deur die eeue heen die verskynsel genaamd pasifisme. 'n Pasifis is iemand wat weier om deel te hê aan enige geweld of militêre aksie. Die houding van die pasifis is dat geweld nie met geweld beantwoord mag word nie.

(h) Daar is twee tipes egte pasifiste. Voordat ons hulle in effe meer besonderhede bespreek, kan ons eers wys op 'n derde tipe. Hierdie derde tipe kan ons noem: onegte pasifiste. Hulle is die diensplig ontduikers, die mense wat enigiets probeer om militêre diens vry te spring. As hulle nie medies ongeskik verklaar kan word nie, dan maak hulle gebruik van allerlei pasifistiese argumente. Daar is ongelukkig seuns wat eenvoudig te lafhartig is. Ander is te selfsugtig. Hulle beskou diensplig as tydmors – tyd wat veel eerder aan die eie loopbaan gewy kon word. Nog 'n verdere groep is self wel bereid om hul deel te doen, maar hul ouers sien nie kans dat hul kinders aan gevaar blootgestel word nie.

(i) Om terug te keer na die egte pasifiste: ons kan twee hoofgroepe onderskei, te wete totale pasifiste en selektiewe pasifiste. Totale pasifiste is mense wat op beginselgronde alle geweld, alle oorlog en daarom ook alle aktiewe deelname daaraan of bevordering daarvan, sonder meer verwerp ('n goeie voorbeeld van sulke totale pasifiste is die Jehovagetuies). Selektiewe pasifiste of, soos ons hulle ook kan noem, selektiewe militariste, is nie teen alle oorloë en alle vorme van geweld gekant nie. Hulle het net beswaar teen sekere oorloë en sekere vorme van militêre diensplig. Ons kan hier dink aan die baie Amerikaners wat geweier het om in Viëtnam te veg en ook aan die Portugese wat later nie meer aan militêre operasies in Mosambiek en elders wou deelneem nie. In besonder kan ons ook dink aan die huidige situasie hier in ons land waar sommige individue weier om diensplig te doen en sommige kerke ons verdedigingspoging aktief teenstaan.

(j) Hierdie selektiewe pasifiste beskou die terroriste wat ons samelewing bedreig as "edele vryheidsvegters" – as mense wat nie teengestaan moet word nie, maar eerder gesteun moet word. Hulle is dan die onderdruktes. Hulle is die mense wat uitgebuit word. Hulle veg bloot vir 'n regverdige maatskappy.

(k) Wat hierdie mense nie wil raaksien nie is dat die "edele vryheidsvegters" hul stryd voer met die aktiewe steun van kommunistiese moondhede soos Rusland, Kuba, ens. Hulle doen op sogenaamde "Christeli-

KITAL

ke" gronde 'n beroep op ons om nie deel te hê aan die aksies teen terroriste nie – dit, terwyl daar in die Ou Testament géén steun vir 'n pasifistiese houding is nie en die Nuwe Testament ook niks teen 'n soldaat het nie. Inteendeel, in die Nuwe Testament word die swaardmag aan die staat toegesê (met ander woorde die mag van die staat om homself en sy mense met geweld te verdedig) en word vir ons gesê dat ons aan die staat gehoorsaam moet wees. (Deut. 7:1–2, Deut. 13:13–16, Deut. 32:40–42, Matt. 8:5–13, Hand. 10 en 11 – al die hoofstukke en Rom. 13:1—7.)

(l) Ons gelowiges in Suid-Afrika is in 'n bestaansoorlog ingedwing. Ons word van buite aangeval deur mense wat die bestaande orde in ons vaderland radikaal wil omverwerp. Indien ons vyand in sy doel sou slaag, sal daar van ons Christelike beskawing min oorbly, want die kommunisme is nou eenmaal 'n aktief anti-Christelike ideologie. Omdat ons dit besef, staan ons vierkantig teen alle vorme van pasifisme. Ons doen elkeen ons deel in die verdediging van ons land, want ons weet: ons veg 'n regverdige oorlog. Ons veg téén anti-Christelike magte en vir die behoud en uitbreiding van die Christendom.

Lees verder: Prof P.S. Dreyer – *'n Christen en geweld en Diensplig weiering*. (Uitgegee deur HAUM, 1980.)

L Reïnkarnasie, Hindoeïsme en Boeddhisme

SAAMGESTEL DEUR DS. J.P. NAUDÉ

Doel

Om jongmense te laat kennis neem wat Reïnkarnasie, Hindoeïsme en Boeddhisme is. Die Christengelowige-jongmens moet ook in staat wees om na afloop van die byeenkoms 'n oordeel oor hierdie *-ismes* as godsdiensvorme uit te spreek.

L.W. Die drie lesings kan as 'n eenheid of tydens afsonderlike geleenthede aangebied word.

Voorbereiding

1. Reël vooraf met 'n kundige spreker om die onderwerp te bestudeer vir aanbieding aan toehoorders.
2. Dupliseer die inhoudstukke om ter geleëner tyd aan jeuggroeplede uit te deel.
3. Dit is wenslik om van 'n oorhoofse projektor gebruik te maak. 'n Blaaibord is nodig sowel as skryfmateriaal.
4. Die byeenkoms moet aangebied word in 'n kerksaal, konsistorie of ander ruimte waar genoeg stoele, ens. beskikbaar is.
5. Toehoorders moet in groepe (±5–7) verdeel wat om 'n tafel sit.
6. Rangskik die tafels, oorhoofse projektor en blaaibord sodanig dat al die toehoorders die gespreksleier kan sien.

Verloop van program

1. Toehoorders verdeel in groepe en neem by die tafels plaas.
2. Open met Skriflesing, gebed en sang.
3. Die gespreksleier bied die lesing/s aan. Dit word aanbeveel dat die gespreksleier van transparantopsommings wat hyself moet voorberei, gebruik maak. Hy deel ook die toehoorders mee dat hulle aandagtig moet luister en kernaantekeninge moet afneem vir latere beantwoording van die kontrolevrae. (Tyd per lesing = 15 minute = 45 minute in totaal.)
4. Elke groep wys vervolgens 'n spanleier aan wat die kleingroepbespreking kan lei en die antwoorde van die groep, wanneer dit tyd is, kan terugrapporteer.
5. Die lesings word nou uitgedeel en elke lid kry nou 10 minute per lesing, = 30 minute, om die lesing deur te lees.

6. Kleingroepbespreking, o.l.v. die groepleier, word nou gevoer n.a.v. die kontrolevrae aan die einde van elke lesing (15 minute per lesing, = 45 minute).
7. Groepleiers rapporteer die antwoorde aan lesinghouer in die grootgroep terug, wat antwoorde op blaaibordvelle neerskryf, en na aanleiding daarvan kommentaar lewer, saamvat en sluiting verkry (15 minute per lesing).
8. Sluit af met sang en gebed.

Lesing: REÏNKARNASIE

1. Wat is reïnkarnasie?

Die woord *reïnkarnasie* beteken letterlik *re* – terug, en *inkarnasie* – in die vlees of liggaam. Dus: die herhaalde terugkeer na die liggaam. Daarom kan reïnkarnasie gedefinieer word as die wedergeboorte en die neerdaal van die siel van die mens in opeenvolgende fisiese liggame.

Hierdie reïnkarnasie-proses kan vergelyk word met 'n ruspe wat tot aan die einde van 'n blaar kruip en hom dan saamtrek en uitstrek na die volgende blaar. Só verlaat die siel die liggaam om die volgende liggaam te vind. Die liggaam is net so bykomstig vir die siel soos klere vir die liggaam. Soos 'n mens 'n ou pakklere of rok wat geslete is weggooi, só word die ou liggaam deur siel weggegooi en 'n nuwe liggaam word betrek.

Beide Boeddhisme en Hindoeïsme handhaaf die leer van die reïnkarnasie. Elkeen het sy eie siening hieroor, maar die hoofsaak is dieselfde.

2. Die proses van reïnkarnasie

Uit die woord "reïnkarnasie" is dit duidelik dat dit die siel is wat reïnkarneer. Die siel kom na die liggaam en nie andersom nie. Ná die dood van 'n persoon kom die siel weer terug na die aardse lewe in verskillende vorms om sodoende ondervinding op te doen en geestelik sterk te word. 'n Vrou wat byvoorbeeld in armmoede geleef het, moet 'n keer na die aarde terugkeer as 'n prinses, sodat sy ook ondervinding van weelde en aansien kan opdoen. As die moeder 'n man of kind in hierdie lewe deur die dood verloor het, "vind" sy hulle weer in die volgende lewe, hoewel dit onder ander omstandighede is. Daarom het sekere mense wat vreemdelinge vir mekaar is, 'n sekere aantrekkingskrag vir mekaar.

Die siel *moet* 'n volle liggaam aanneem, anders beperk die siel homself en kom nie tot sy volle ontplooiing nie. Daarom kan die tydperke tussen reïnkarnasies baie wissel. Dit verskil van persoon tot persoon. Sommige neem 'n paar jaar en andere duisende jare alvorens hulle weer reïnkarneer.

Uit die goeie of slegte dade van die mens ontwikkel 'n goeie of slegte *karma*. Die karma is 'n dwingende krag wat die volgende reïnkarnasie

voortbring. As die lewe van 'n persoon goed was, bou die goeie dade 'n "goeie" karma op wat aan hom in die volgende lewe gunstiger omstandighede bied. Slegte dade roep weer 'n "slegte karma" op wat die persoon in ongunstiger omstandighede laat reïnkarneer.

Dit beteken onder andere dat 'n baba wat blind gebore word, dit aan homself te danke het. Dis 'n teken dat hy in sy vorige lewe baie sonde gedoen het en nou sy straf daarvoor kry. As hy as blinde 'n beter lewe voer, sal hy in sy volgende lewe in beter omstandighede bestaan.

Die *karma-leer* verklaar ook die uitsonderlike voorkoms van geniale kinders en persoonlikhede. So word die geval van die wonderkind, Wolfgang Mozart, genoem wat op sewejarige ouderdom viool in 'n simfoniekonsert gespeel het. Sy vorige lewe was vol goeie dade en gevolglike goeie karmas. Hy reïnkarneer gevolglik as 'n geniale musikus.

Die *doel* van die reïnkarnasies is om die *Nirvana* (of Mosha) te bereik. Die Nirvana is die toestand van verlossing uit die ellende en lyding van die lewe. Dis 'n toestand waarin die siel onder die liggaam volle geluksaligheid belewe.

As 'n mens sterwe, word die siel en liggaam geskei. Geboorte verenig weer die siel met 'n liggaam. Tussen dood en geboorte bestaan die tussentoestand wat die Boeddhis die *Bardo* noem. Die siel verlaat die liggaam deur 'n opening by die kroon van die kop. Om hierdie rede dra die Boeddhis 'n klossie hare op sy kaalgeskeerde kop. 'n Laken oor die liggaam van die sterwende persoon help die siel ook om makliker en vinniger uit die omgewing te vertrek.

Om elke liggaam is daar 'n *"eteriese siel"*. Die eteriese siel is 'n skim of aurastraal wat om die liggaam is. By die intree van die dood gaan die "eteriese siel" uit die liggaam sodat die siel self kan oorgaan in 'n *astrale liggaam*.

Die astrale liggaam beleef nou die eerste fase van die tussentoestand wat die *eerste Bardo* genoem word. Die siel werp nou die astrale liggaam af en verkry 'n *mentale liggaam* en verkeer in 'n hemelse toestand. Hierna neem die siel in die derde Bardo die *Kousale liggaam* aan en is dan gereed vir die volgende reïnkarnasie.

Die periodes tussen die verskillende Bardo's kan etlike miljoene jare duur, afhangende van die karma-kragte wat tydens die aardse lewe opgebou is. Die reïnkarnasie word voltooi wanneer die persoon die *Nirvana-vlak* bereik. Hierna kan hy nog vorder tot die Logos of Brahma-vlak waar alle bewussyn uitgedoof is.

3. Is reïnkarnasie aan geslag gebonde?

Om tot volmaaktheid te kom, moet elke mens as man én vrou gereïnkarneer word. Die reël is egter dat elkeen nie meer as driemaal in dieselfde geslag reïnkarneer nie.

4. Kan 'n mens in 'n dier reïnkarneer?

Miljoene Indiërs eet nie vleis nie. Hulle is vegetariërs. Hieruit word afgelei dat hulle glo dat 'n mens in 'n dier kan reïnkarneer. Daar is egter miljoene reïnkarniste wat *nie* hierdie geloof huldig nie. Die feit dat baie reïnkarniste vegetariërs is, is ook doodgewoon aan die tekort aan vleis in Indië toe te skryf. Aanhangers van die reïnkarnasieleer in Egipte glo egter vas dat 'n mens in 'n dier kan reïnkarneer.

5. Hoe lank duur die tussentyd tussen die reïnkarnasies?

Die antwoord op hierdie vraag hang saam met die kwaliteit van die karma van die besondere persoon. 'n Persoon met 'n baie slegte karma sal in 'n baie korter tyd deur die doodproses gaan. Om 'n beeld van die berekening te gee, verwys ons na die volgende tabel:

Klassifikasie van die siel	*Totale tyd (jare) tussen dood en geboorte*
Na baie reïnkarnasies, kunstenaars en groot toegewydes.	1 500–2 000
Goeie professionele mans, goeie sakemanne.	600–1 000
Klein winkeleienaars, boere.	500
Geskoolde arbeiders.	100–200
Ongeskoolde arbeiders, dronklappe en mense van die agterbuurt.	60–100
Laer tipe, misdadigers en die vrou.	5–50

6. Herinneringe aan vorige lewens

(a) Die vraag waarom nie almal van ons ons vorige lewens kan onthou nie, word beantwoord met verwysing na ons huidige lewe. Ons kan ook nie nou alles onthou wat ons belewe nie.

(b) *Die geval van Shanti Devi*
Shanti Devi is in 1925 in Delhi, Indië gebore. Haar geboorte was normaal en uit gewone, normale ouers. Haar moeder het egter al vroeg opgemerk dat sy soms verwilderd raak. Op 7-jarige ouderdom het sy vertel dat sy in 'n dorpie Muttra gewoon het, met Kedar Nath getroud was en by die geboorte van haar 3de kind gesterf het.

'n Geneesheer het haar ondersoek en verklaar dat sy liggaamlik en geestelik baie gesond is. Later het sy vertel dat haar regte naam Ludgi is.

Op 'n dag het iemand aan hulle deur geklop. Shanti het die man as haar eggenoot se neef herken en hom selfs op sy naam genoem. Hy het haar

na haar vorige man geneem en sy het hom ook dadelik herken. Sy was egter vir albei mans 'n vreemdeling.

Wetenskaplikes het haar begelei na Muttra, haar "vorige" tuiste. Daar het sy geblinddoek sekere bakens aangedui en met 'n ou man, wat sy as haar skoonvader aangedui het, in detail gesels oor haar vorige lewe. Die man was oor die korrektheid van haar gegewens verbaas. Sy het ook die dialek van Muttra gepraat wat in Delhi nie gepraat was nie. Sy het onder andere aan die "skoonvader" vertel van geld wat in die hoek van die kelder versteek was. Hy het erken dat hy dit daar gevind het.

Die wetenskaplikes se kommentaar was dat die verskynsel net as reïnkarnasie verklaar kon word.

Westerse wetenskaplikes het egter op 'n paar feite gewys. In die eerste plek was die oorspronklike Ludgi in 1902 gebore. Sy het in 1925 gesterf. Op 12 Oktober 1926 reïnkarneer sy as die meisie Shanti Devi, dus slegs 1 jaar na haar dood. Die aanhangers van die reïnkarnasieleer sê egter self dat reïnkarnasie op sy gouste na 5 jaar kan plaasvind (sien tabel). Hoe kon Ludgi na slegs 1 jaar reïnkarneer?

Shanti Devi se verwilderheid en stuiptrekkings word aan epilepsie toegeskryf en die feit dat sy haar "neef" of "man" kon herken, aan 'n verskynsel wat parapsigologies verklaar word. Sy was waarskynlik heldersiende en mediummisties en was gevolglik in staat om telepaties inligting oor die dorpie Muttra, sy dialek en die "skoonvader" te bekom van die man wat aan hulle deur geklop het. Dit is parapsigologies bewys dat 'n persoon, onbewus op 'n telepatiese wyse, informasie van die omgewing en ander persone aan 'n sogenaamde reïnkarnis kan oordra. Shanti het as *clairvoyant* (heldersiende persoon) die informasie oorgeneem en as reïnkarnasie vertolk.

Hierdie verskynsel staan as *psigoskopisme* bekend. Hiervolgens kan 'n persoon die gedagtes van 'n ander persoon oorneem en dit sy eie maak. In hierdie geval het die "neef" onbewustelik gedagtes en herinneringe van sy familie in Muttra aan Shanti oorgedra wat tot die *skyn* van reïnkarnasie gelei het.

KONTROLEVRAE

1. Wat beteken die woord reïnkarnasie?
2. Vertel kortliks hoe die proses van reïnkarnasie verloop.
3. Wat is *Karma?*
4. Wat is die Nirvana?
5. Wat gebeur volgens die reïnkarniste by die dood van 'n persoon?
6. Wat weet jy van die astrale mentale en kousale liggame?
7. Vind daar 'n verwisseling van geslagte tydens reïnkarnasie plaas?
8. Kan 'n mens in 'n dier reïnkarneer?

9. Watter soort mense reïnkarneer die gouste?
10. Hoe beoordeel jy die geval van Shanti Devi?
11. Hoe beoordeel jy die reïnkarnasieleer?
12. Hoe moet ons as Christengelowiges reïnkarnasie beoordeel?

Lesing: HINDOEÏSME

1. Inleiding

Die Hindoeïsme is 'n baie ingewikkelde godsdiens wat moeilik is om te beskrywe. Dit kan vergelyk word met 'n oerwoud wat 'n groot verskeidenheid bome en plante bevat. Só ryk geskakeerd die planteryk in die oerwoud is, só geskakeerd is die Hindoeïsme ten opsigte van 'n verskeidenheid gode, leerstellinge, kultusvorme en religieuse praktyke.

2. Die aard van Hindoeïsme

Die Hindoeïsme kom veral in Indië voor en is meer as 4 500 jaar oud. Die Hindoeïsme ken eienaardig genoeg geen stigter nie. Dit kan ook moeilik as 'n godsdiens getipeer word want dit is nie 'n geloof wat deur goed geformuleerde stellings uitgedruk kan word nie. Die Hindoeïsme kan as 'n sosiale sisteem wat godsdienstig veranker is, beskrywe word. Vryheid van denke en optrede is 'n prominente kenmerk.

3. Die grondtoon van die Hindoeïsme

Die grondtoon wat in die bonte verskeidenheid binne die Hindoeïsme tóg deurklink, is die oortuiging dat die aardse dinge bedrieglik en verganklik is. Hierdie oortuiging lei tot 'n passiewe lewenshouding met 'n swak sedelike bewussyn en lae ekonomiese aktiwiteit. Die heil van die mens word eensydig in 'n geestelike lewe buite die sigbare wêreld gesoek.

4. Die oudste geskrifte van die Hindoeïsme

Die oudste geskrifte van die Hindoeïsme staan as die *Veda's* bekend. *Veda* beteken "om te weet". Hierdie "weet" is op die sogenaamde "heilige kennis" gerig. Die heilige kennis word deur sieners deur middel van goddelike openbaringe opgedoen. Die godsdienstige praktyke wat uit die Vedaliteratuur voortkom staan as *Vedisme* bekend.

Hierdie literatuur bestaan uit die volgende vier groepe:

(a) Die Sanhitas (versameling liedere en gebede).
(b) Die Brahmanas (teologiese kommentaar op die Sanhitas).

(c) Die Aranyakas (woudboeke; heilige geskrifte wat net in die afsondering van die woud gelees mag word).
(d) Oepanishads (aanvullende kommentare met diepsinnige gedagtes).

5. Die Hindoe glo dat die heelal vol goddelike kragte is wat hulleself enige oomblik sigbaar kan maak. Hierdie kragte is beide persoonlik en onpersoonlik van aard. Die ontmoeting met hierdie gode lei daartoe dat die Hindoe openbaringe van die gode ontvang. Die orde waarin hierdie gode funksioneer staan as *"Rita"* bekend. Hierdie *Rita* word deur twee gode bewaak, naamlik *Varoena* en *Mitra*.

Daar word twee kultiese gode onderskei, naamlik *Agni* (god van die vuur) en *Soma* (die god wat gawes skenk). Agni word as beskermer van die huis en as boodskapper tussen hemel en aarde vereer. Soma skenk weer gesondheid, geluk, welsprekendheid, ekstase en onsterflikheid.

Die rustige gang van die lewe word deur die magiese kragte van die talle rites bewerkstellig. Offers reël die verhouding tussen die mens en die gode. Die persoon wat offer styg bó die mense uit en verkeer met die gode.

Die Hindoe glo dat hy in 'n kringloop van herhaalde geboortes vasgevang sit. Al na gelang van die aard van sy lewe word hy in lewe ná lewe in 'n hoëre of laere bestaanwyse gebore. Die krag wat agter hierdie herhaalde geboortes (reïnkarnasies) sit, word die *karma* genoem.

Die meditasie, ontmoetinge met gode en 'n verdienstelike lewe veroorsaak uiteindelik dat die Hindoe uit hierdie troostelose wêreld verlos word. Hy word dan as verlosde, deel van die onsigbare geestelike wêreld.

6. Joga

Joga is 'n vertakking van die Hindoeïsme. Die woord *joga* beteken "om saam te voeg". Dit dui op die saamspan en inspan van denkkragte deur middel van diepe bepeinsing.

Joga is niks anders nie as 'n heilstegniek wat met askese ('n streng sedelike lewe) gepaard gaan. Dit het ten doel om bonatuurlike kragte deur sterk konsentrasie te bekom.

KONTROLEVRAE

1. Is Hindoeïsme 'n enkelvoudige godsdiens?
2. Waar veral kom Hindoeïsme voor?
3. Definieer Hindoeïsme.
4. Wat is die grondtoon van Hindoeïsme?
5. Noem die 4 oudste geskrifte van die Hindoeïsme.
6. Noem die godsdienstige inhoud van die Hindoeïsme.
7. Wat is Rita, Varoena, Mitra, Agni, Soma en Karma?

8. Wat is joga?
9. Watter kritiek het jy *teen* die Hindoeïsme en joga?
10. Wat is die Christengelowige se verweer teen Hindoeïsme?

Lesing: BOEDDHISME

1. Inleiding

Die Boeddhisme kan nie as 'n godsdiens gedefinieer word nie want geen god word deur die Boeddhis aanbid nie. Die Boeddhisme is eerder 'n mensontwerpte sisteem wat daarop aanspraak maak dat die mense deur 'n asketiese lewenshouding, meditasie en die navolging van die reëls van Boeddha, homself uit hierdie mislukte lewe kan red. Hierdie redding geskied deur reïnkarnasies, wat na gelang van die kwaliteit-lewe wat gevoer word, die mens uiteindelik in 'n hoë geestelike sfeer sal tuisbring waar volkome geluk beleef sal word.

2. Boeddha (Oorlede 477 v.C.)

Die stiger van hierdie godsdiens was Boeddha. Hy het in die Noord-Ooste van Indië gewoon en het volgens oorlewering op 24 Mei 477 v.C. gesterwe. Sy sterfdag word elke jaar op 24 Mei herdenk as dié dag "toe die winde van onbestendigheid die lamp van wysheid uitgedoof het".

Boeddha het die familienaam *Gautama* gedra en was uit 'n vorstelike geslag afkomstig. Die naam Boeddha is sy godsdienstige eretitel wat hy verkry het nadat hy die verlossende waarheid gevind het. Letterlik beteken "boeddha" dié een wat die geestelike ontwaking (die bodhi) bereik het.

Boeddha het vroeg getrou en het weelderig gelewe. Die weelderige lewe het hom egter nie bevredig nie. Hy begin om lyding in die wêreld te bespeur en dít word vir hom 'n verontrustende kwelling. Op 'n dag toe hy toekyk hoedat plaasarbeiders én die osse moeisaam swoeg en hoedat insekte en wurms deur die ploegskaar vernietig word, het hy onder die indruk van die sinloosheid van die lewe gekom. Die lewe was vir hom vol sinloosheid, moeite en leed. Hy het besluit om sy weelderige lewe prys te gee en om deur meditasie die verlossende waarheid te soek.

3. Die leer van die Boeddhisme

Gedurende drie opeenvolgende nagte het Boeddha die geestelike ontwaking deur meditasie en konsentrasie van die gees bereik. In die *eerste nag* het hy kennis gekry oor sy vroeëre bestaansvorme. In die *tweede nag* het hy die "hemelse oog" verkry wat hom in staat gestel het om die kringloop van geboortes (reïnkarnasie) by alle wesens te deurskou. In die *derde nag* het hy die sogenaamde "formule van 12 grondslae" gevind. Hierdie formule ver-

klaar deur middel van 'n oorsaak-gevolg skema die oorsprong van lyding in die wêreld.

Die leerstukke van die Boeddhisme handhaaf altyd 2 vóórveronderstellinge. Die één is die geloof in die kringloop van geboortes en die ander een is dat die resultaat van die mens se dade ná sy dood in die vorm van die sogenaamde "karma" voortbestaan. Hierdie twee sake word in die inligtingstuk "Reïnkarnasie" verder toegelig.

Boeddha se heilsweg kan as die goue middeweg beskryf word. Tussen die verslaafdheid aan singenot en die krampagtige selfkwelling, dui sy leerstellings die heilsweg aan. Hierdie leerstellings staan as die vier edele waarhede bekend en hulle is die volgende:

(a) *Waarheid oor leed:* geboorte, siekte, dood en skeiding van geliefdes is leed.
(b) *Waarheid oor die ontstaan van leed:* Die dors na singenot en mag is die bron van leed.
(c) *Waarheid oor die opheffing van leed:* Vernietiging van drifte.
(d) *Waarheid oor die pad wat na opheffing van die leed lei:* die regte geloof, besluite, woorde, dade, lewenshouding, inspanning, meditasie en konsentrasie.

Deur hierdie weg van Boeddha te volg, sal die mens homself verbeter totdat hy uiteindelik die *Nirvana* bereik. Die Nirvana is die hoogste geestelike vlak waar alle gewaarwordinge uitgeblus sal wees sodat die mens volkome gelukkig sal wees.

In ongeveer 477 v.C. het Boeddha die Nirvana bereik toe hy gesterf het op ongeveer 83-jarige leeftyd. Sy oorskot sou volgens oorlewering in 8 bolvormige bouwerke gebêre wees. Hierdie bolvormige bouwerke staan as *Stoepas* bekend.

KONTROLEVRAE

1. Kan Boeddhisme as 'n godsdiens beskryf word?
2. Wie is die stiger van die Boeddhisme en wat is sy Familienaam?
3. Wat beteken "boeddha" en "bodhi"?
4. Watter kennis het Boeddha in die drie nagte van sy geestelike ontwaking verkry?
5. Noem die 2 voorveronderstellings van die Boeddhisme.
6. Noem die 4 "edele waarhede".
7. Wat is die *Nirvana* en 'n *Stoepa*.
8. Watter kritiek het jy teen die Boeddhisme?
9. Hoe moet die Christengelowige Boeddhisme beoordeel?

M My verhouding tot my besittings

SAAMGESTEL DEUR DS. T. SNYMAN

Doel

Na afloop van die program moet elke deelnemer in staat wees om volgens die Woord van God ten minste vyf positiewe dinge te kan opnoem wat die regte aanwending van besit impliseer asook vier dinge wat toon dat daar ook 'n verkeerde verhouding tot jou besit kan wees.

Voorbereiding

1. Bepaal vroegtydig die gepaste datum, tyd en plek van die byeenkoms.
2. Gee vroegtydig kennis van die onderwerp wat bespreek gaan word asook die Skrifgedeeltes wat vooraf gelees moet word, nl. Ps. 8, Ps. 24, 1 Sam. 2:7 en 1 Tim. 6:6–8.
3. Bestudeer aangehegde referaat noukeurig sodat dit vlot voorgedra kan word en u uself kan vergewis van die inhoud en waar nodig die nodige byvoeginge kan maak.

Hulpmiddels

1. Twee blaaiborde en penne.
2. Vir elke deelnemer papier en potlood.
3. Rol individuele vraelyste vir kleingroepbespreking en antwoordstelle vir uitdeel na afloop van grootgroepbespreking betyds af.
4. 'n Bybel vir elke deelnemer.

Lokaalinrigting

1. 'n Groot genoeg saal met voldoende tafels en stoele.
2. Verdeel in groepe van bv. 5, 7 of 9, maar nie meer as nege nie.
3. Plaas stoele en tafels so dat elke deelnemer die spreker en blaaiborde kan sien om volle aandag te bepaal.
4. Elke groep sal 'n groepleier moet kies uit die groep of groepleiers kan ook self aangewys word vir elke groep.

Verloop van program

By aanvangstyd moet lokaalinrigting en spanindeling reeds afgehandel wees.

1. *Opening*
   Lees Lukas 16:1–15.
   Sing Ps. 89 verse 1 en 6.
   Gebed.
2. *Inleiding: deur aanbieder*
   Die wêreldpolitiek van die dag het beweeg tot 'n geldstryd wat dikwels genoem word die stryd tussen die Ooste en Weste wat 'n stryd tussen Kommunisme en Kapitalisme impliseer. Daar word dan ook al gepraat van die "have en die have nots", m.a.w. van ryk en arm lande en van ontwikkelde en ontwikkelende lande. Dit is juis al hierdie strydvraagstukke wat ons dwing om 'n keer ook weer te besin oor "my verhouding tot my besittings" omdat die skyn dikwels in die wêreld gewerp word al sou dit juis die alfa en die omega van lewe en dood wees.
3. *Lees en behandel referaat in 20 minute.*
4. Deel vraelyste aan elke groep uit vir kleingroepbespreking o.l.v. groepleier/ster. (40 minute.)
5. Rapporteer terug in grootgroepbespreking.
6. Evalueer groepantwoorde en bereik konsensus aan die hand van antwoordstel.
7. Deel antwoordstel aan elke deelnemer uit.
8. Elke deelnemer voltooi nou 'n individuele vraelys vir 10 minute. Hierna verstrek aanbieder antwoorde n.a.v. antwoordstel en deelnemer sien sy eie poging self na.
9. Gee geleentheid vir nog vrae en verstrek antwoorde en klaar enige onduidelikheid wat moontlik nog mag bestaan op.
10. *Afsluiting*
    Gesang.
    Gebed.

Lesing: MY VERHOUDING TOT MY BESITTINGS

Ons leef in 'n kapitalistiese samelewing – is onlosmaaklik deel daarvan. Die vinnige opkoms van die Westerse kapitalistiese beskawing is tot groot mate te danke aan die Christelike godsdiens en veral aan die Protestantisme. Die Protestantisme of Reformasie lê besondere klem op die deugsaamheid van arbeid en beskou hardwerkendheid as 'n Godgewilde roeping en plig. Wie hard werk in 'n kapitalistiese samelewing, word vergoed vir sy dienste. In vandag se lewe verseker jou harde arbeid jou van 'n ruim inkomste.

Privaatbesit, beskerm deur die agtste gebod se opdrag van "Jy mag nie steel nie", is een van die steunpilare van die burgerlike orde. Jy moenie net jou *eie* besittings reg sien en hanteer nie, jy moet ook eerbied hê vir *dit* wat

aan ander behoort. As jy jou vergryp aan jou naaste se goed, is dit brute ondankbaarheid teenoor God self.

Sodra 'n mens egter meer ontvang as wat jy vir jou basiese behoeftes nodig het, ontstaan die gevaar dat jy ONVERSKILLIG kan begin lewe. Jy het nou groter *lewensruimte*. Só maklik kan dit ontaard in ONGEBONDENHEID en self LOSBANDIGHEID. Die Protestantisme, wat die Woord van God as die enigste *bron* en *norm* van die lewe aanvaar, laat die Lig van God se Woord dan ook duidelik en helder op hierdie aspek van die lewe skyn. Calvyn stel dit duidelik dat daar oorgenoeg ONDERWYSING IN DIE SKRIF is wat ons wil leer hóé om aardse goedere rég te gebruik:

Ons lewe op aarde is 'n pelgrimstog. Ons is op pad na ons Vaderhuis – ons Vaderhuis waar al ons eiendomme deur Christus verwerf is. Solank ons op hierdie tydelike aardse pelgrimstog is, moet ons ons aardse goed só gebruik dat dit vir ons op hierdie reis 'n *hulp* en nie 'n *las* is nie. Dit mag nooit ons reis belemmer nie: Dit is ook Paulus se bedoeling as hy in 1 Kor. 7:30–35 sê: "Van nou af moet hulle wat iets aankoop, leef asof hulle dit nie besit nie. Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet lewe asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan. Ek wil hê julle moet vry wees van sorge. Ek wil hê julle moet in eerbaarheid lewe, in onverdeelde toewyding aan die Here."

Calvyn waarsku ons om hierdie oproep van Paulus nie te oordryf nie. Aan die eenkant is daar die uiterste om nét "brood en water" vir jouself te gebruik omdat jy daarvan ook aan die lewe kan bly – om jouself te martel deur jou álles te ontsê. Aan die anderkant, as jy jou eie gewete die enigste norm maak, kan jy jou maklik aan oordaad skuldig maak.

Die Woord van God gee ons 'n baie duidelike algemene riglyn:

God se gawes, oordeelkundig gebruik vir dié doel waarvoor Hy dit bestem het, kan ons nooit laat struikel nie. Sy gawes het Hy bestem tot ons voordeel – nie tot ons nadeel nie. So is voedsel nie net gemaak om ons bloot aan die lewe te hou nie, dit is ook gemaak om ons te verbly – om te geniet. OORMATIGE gebruik is egter verkeerd. KLERE is ook nie net daar om ons te bedek nie, dit dien ook as versiering. Só dank ons God dan ook deur ons behoorlike, netjies en keurige kleredrag.

Waarom sou God dan bome, blomme, vrugte – ja, álles – só mooi geskape het as ons dit nie mag geniet nie? Die paradysopdrag lui dan ook dat die mens – as *verantwoordelike* wese – moet waak en werk in die tuin van Eden, maar ook dat hy mag *geniet* van die vrugte van die bome van die Tuin.

So het Hy ook goud, silwer, diamante en marmer kosbaarder gemaak as ander gesteentes en metale sodat dit vir ons meer waardevol kan wees. Dit moet ons besef en insien en goed verstaan, nl. dat alles vir ons so goed en so mooi geskape is sodat ons God ook dáárdeur as die Gewer kan *leer ken* en Sy goedertierenheid teenoor ons met danksegging sal erken – sal raaksien. Is dit nou dankbaarheid as ons ons ooreet of besope drink sodat ons totaal onbekwaam is om elkeen ons eie Godgegewe roeping te vervul?

Alles wat ons het en is, het ons nie sélf verwerf nie, maar is gawes uit God se hand en BEHOORT DAAROM AAN HOM. Ps. 24:1 sê vir ons baie duidelik: "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en dié wat daarin woon" en 1 Kor. 3:23 sê: "Maar julle behoort aan Christus en Christus aan God." God het van ons NIKS nodig nie – alles is buitendien syne. As ons dan gee – aan Sy Kerk of aan ons naaste, behoort dit uit DANKBAARHEID te wees. Ons moet nie net wil *ontvang* en niks *teruggee* nie. Ons moenie slaaf word van ons eie besittings nie!

Die kerklike diens van barmhartigheid druk juis die gemeente se verbondenheid aan mekaar se onderlinge nood uit en die verantwoordelikheid vir mekaar se welvaart. Deut. 5:11 gee ons 'n duidelike opdrag: "Want die arme sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee Ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en arme in jou land." Met hierdie opdrag *toets* God ons gesindheid aan ons reaksie.

Die "ONSE VADER" stip ook vir ons duidelik aan hoe afhanklik ons van ons Hemelse Vader is. Ons bid "*Gee* ons vandag ons daaglikse brood." Ons vra God om te GEE. Daarmee erken ons Hom as die GEWER – en wàt Hy gee, is 'n GAWE en NIE ONS VERDIENSTE NIE – SY gawe is ook nooit ons BESITTING nie.

As ons bid vir "vandag" en "daagliks" dui dit op ons VOORTDURENDE AFHANKLIKHEID maar waarsku dit ons terselfdertyd teen ongesonde versameling. Let op die dubbele *ONS* "*Gee* ONS vandag ONS daaglikse brood." Ek bid nie net vir myself nie, maar ook vir my naaste – vir ons sáám – en as my broer, my naaste, nie het nie, dan gee ek van dit wat ék van God verkry het ook vir hom sodat hy ook kan eet en versadig word en God dan daarvoor kan dank.

Alles kom van God af. Dit impliseer dat ek nie onvergenoegd of ontevrede mag wees met dit wat ek gekry het nie. Ek moenie heeldag my eie toestand beklaag en ander, aan wie God meer geskenk het as aan my, sit en beny nie. Immers 1 Sam. 2:7 sê: "Die Here maak arm en maak ryk", en 1 Tim. 6:6–8 "Die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie, dit is duidelik dat ons nie iets daaruit kan wegneem nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees."

Wie armoede nie gelate kan aanvaar nie, sal ook nie rykdom kan hanteer nie. Wie met 'n eenvoudige maaltyd ontevrede is, sal hom aan oordaad skuldig maak as sy tafel oorlaai is. 'n Mens het sterk bene nodig om rykdom verantwoordelik te kan dra. Tereg kan ons saam met Agur vra: "Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is." (Spreuke 30:8.) Om ons gawes reg te gebruik, moet ons SELFBEHEERSING aan die dag lê.

Verder moet ons waak teen LUIHEID en "elkeen vlytig arbei in ons goddelike beroep," want luiheid dui op ondankbaarheid teenoor God. God gee aan elke mens 'n roeping en van elkeen eis hy rentmeesterskap. Ja, NIE

net hy wat tien talente ontvang het sal moet rekenskap gee nie, maar ook hy wat net een ontvang het. Géén werk, hoe onaansienlik ookal in eie oë, is só gering dat dit nie in God se oë skitter en deur Hom as kosbaar geag word nie!

En as ons dieper kyk, lê daar in die woorde van Jesus, soos opgeteken in Lukas 16:10–11, 'n wêreld vol betekenis opgesluit: "As ons nie eers in die geringe saak van geld en eiendom getrou is nie, hoe sal ons dan in die veel groter saak van die koninkryk van God getrou kan wees?"

Wat kan ons nog verder sê oor hierdie saak? Miskien net dit:

1. Alles wat ek het, o Heer,
   Ja, alles wat ek is
   Alles wat ek ooit kan wees
   Alles waar my oog op rus

2. Ja, elke dag se stukkie brood
   en elke klein genot
   alles, alles weet ek, Heer
   Kom van die goeie God

3. Neem in genade aan u kind
   wat altyd méér wil hê
   wat altyd meer wil vra en eis
   as wat u Woord ons sê

4. Laat leef my uit u hand, o God
   van sawens laat tot soggens vroeg
   en skenk my u genade Heer
   want dis vir my genoeg!

VRAELYS VIR GROEPBESPREKING MET ANTWOORDSTEL

1. *Vraag:* Lees 1 Kor. 4:7 en bespreek die volgende stelling: Wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?
   Antw.: Naak kom ons in die wêreld, naak gaan ons daaruit. Ons bring niks met ons saam nie, en neem niks saam weg nie.
2. *Vraag:* In die geval van 'n Kommunistiese bewindsoorname in Suid-Afrika, soos byvoorbeeld in Zimbabwe, sou dit vir jou moeilik wees om van alles waarvoor jy hard gewerk het, afstand te doen.
   Bespreking.
   Antw.: Ons moet daarteen waak om té verknog te raak aan aardse besittings, sodat dit vir ons moeilik is om daarvan afstand te doen.
   Paulus: 1 Kor. 7:30, 31 – "Die wat koop moet wees asof hulle dit nie besit nie. Ja, die wat met die dinge van die wêreld te

doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken is aan die verbygaan."

Ons moet bereid wees, as God dit so beskik, om ons besittings te laat vaar.

3. *Vraag:* Noem verkeerde wyses waarop 'n mens aan jou besittings kan kom.
   Antw.: Diefstal, onregverdige wins, dobbelary, valse reklame, buitensporige rente of fooie.
4. *Vraag:* Op grond van die Woord van God, wat is die regte wyse om jou besittings te verkry?
   Antw.: Harde deugsame werk, eerlike handel, billike rente.
5. *Vraag:* Wat is volgens die Woord van God die verkeerde en die regte aanwending van besit?
   Antw.: Gierigheid, verkwisting – verkeerd.
   Reg – Om in eie lewensbehoefte te voorsien, tot hulp van minderbevoorregtes, tot eer van God; vir instandhouding van Kerk en Staat.
6. *Vraag:* Wat is die gevare van rykdom?
   Antw.: Dat ons God kan vergeet en afvallig raak.
7. *Vraag:* Wat is die voordele van rykdom?
8. *Vraag:* Het armoede ook voordele?
9. *Vraag:* Het armoede ook nadele?
10. *Vraag:* Is God teen rykdom gekant en ten gunste van armoede?
    Antw.: NEE! Dit is dan Hy wat alles gee. So het hy self vir Abraham en Salomo ryk gemaak.

INDIVIDUELE VRAELYS

Voltooi individueel in 10 minute se tyd.

1. Noem vyf positiewe maniere waarop 'n mens jou besit kan gebruik tot eer van God?
2. Noem na aanleiding van die lesing en bespreking vier wyses waarop 'n mens jou besit verkeerd kan aanwend of bekom?

Antwoordstel vir aanbieder as hulp vir nasien van individuele pogings

Vraag 1 se antwoord:

Barmhartigheid- en liefdesdiens.
Bely jou afhanklikheid teenoor Gewer.
Betoon dankbaarheid teenoor God.
Geniet dit as gawes van God.
Dien die Heer van die Kerk daarmee in die gemeente.

Betoon daadwerklike naasteliefde en diens.
Wees 'n toonbeeld van iemand wat met blymoedigheid gee.
Bly getrou tot in die minste.
Goeie versorging van huis en gesin.

Vraag 2 se antwoord:

Geldgierigheid, diefstal, onregverdige wins, dobbelary, oneerlikheid, verkwisting, drankmisbruik en dwelmverslaafdheid.

N Wat verwag die Kerk van sy jongmense

SAAMGESTEL DEUR DS. W.J. SLABBERT

Doel

om aan die jongmense die insig te bring dat:

- die Kerk nie die kerkraad of regeerders is nie, maar die Kerk is sy lidmate;
- in die Kerk dit om wat God van ons as gelowige lidmate verwag, gaan;
- daar gevra word om betrokkenheid.

Voorbereiding

1. Reël met 'n predikant of ander kundige as spreker en oorhandig die inhoudstuk, *Bylaag 1*, as riglyn vir die gesprek.
2. Berei *Bylaag 2* op transparant voor of dupliseer die bylaag om as opsommingsvel te gebruik. *Bylaag 2* kan òf op transparant òf blaaibordvel geskryf word.
   Reël vir 'n blaaibord, potlode en los bladsye vir elke jongmens.
   Indien 'n oorhoofse projektor beskikbaar is, reël vir 'n aantal blanko transparantvelle en penne met die oog op die terugrapportering van die opdrag in *Bylaag 5*. Na afloop van die spanbespreking, deel die jeuggroep in besprekingsgroepe van 5–7 lede (laat elke groep 'n gespreksleier aanwys).
3. *Lokaalinrigting:* plaas stoele in kringe van 5–7 lede – rondom tafels, indien moontlik.

Verloop van program

1. *Opening:* 1 Petrus 2:1–9
Gebed
Sing: Ges. 10:1, 2 en 3.
2. *Inleiding tot onderwerp*
   Programleier dra die inhoud van bylaag voor (soos saamgevat in *Bylaag 2*).
3. Lesing oor die onderwerp: *Wat verwag die Kerk van sy lidmate? Bylaag 1.*
   (a) Die Lesing kan begelei word met die inhoud van *Bylaag 3* op transparant of op blaaibordvelle.
   (b) Groeplede se betrokkenheid kan behou word deur 'n opsommingsvel, *Bylaag 3*, aan hulle uit te deel met die oog op aantekeninge.

4. Groepbesprekingsopdrag n.a.v. die inhoud van bylaag.
   (a) Terugrapportering van groepe se mening oor die verskillende vrae.
   (b) Die predikant of ander kundige moet geleentheid kry om na afloop van elke vraag die geleentheid tot repliek te kry.

5. Indien genoeg tyd beskikbaar is, of in opvolging van hierdie bespreking by 'n volgende geleentheid, kan die opdrag vir groepbespreking gegee word soos vervat in die bylaag.
   (a) Groepe rapporteer terug.
   (b) Die predikant se repliek moet elke keer daarop gerig wees om aan die teenwoordiges uit te wys dat in baie gevalle die funksionering van ampte of die erediens platval a.g.v. 'n gebrek aan betrokkenheid of respons van die kant van die lidmaat.

6. *Afsluiting*
   Programleier lees aan die groep voor uit Heb. 10:19–25.
   Teenwoordiges kan oorweeg om die skriflesing te volg deur dit gelyktydig in hulle eie Bybels te lees.

BYLAAG 1

Lesing: WAT VERWAG DIE KERK VAN SY JONGMENSE

Inleiding

1. Daar is 'n besondere verhouding tussen die Kerk en sy jongmense, 'n diep verbondenheid.
2. Hierdie verbondenheid het tot uiting gekom in die volgende:
   * doop op vroeë ouderdom;
   * die Kerk se opsig oor die gesin waar aangespoor is tot die uitleef van die doopbelofte;
   * kategese-onderrig vanaf 6-jarige ouderdom;
   * die erediens se deure wat altyd oop was en *die* ampsdraers wat altyd beskikbaar was – ook vir die kind om te benut.
3. *Konklusie:* Die Kerk maak van sy kant erns met die opdrag: "Laat my lammers wei."

Kerk en sy jong lidmate is nie twee groepe wat langs of teenoor mekaar staan nie

1. Kerk beteken: dié wat aan die Here behoort.
2. Kerk word gevorm deur gelowiges.
3. Kerk is die hele liggaam van Christus waarin kerkraad én lidmate 'n

eenheid voor God vorm – die Kerkraad het in hierdie liggaam 'n bepaalde roeping maar is origens netso lidmate soos enige ander lidmaat.

4. *Konklusie:* Kerk is nie die Kerkraad òf die volwassenes nie.

   * Die jong lidmaat is netso deel van die Kerk as enige ander lidmaat.
   * Die jong lidmaat staan in dieselfde roeping as enige ander lidmaat.

5. *Konklusie:*

   * Die vraag is nie: Wat verwag die Kerk van sy lidmate nie.
   * Die vraag is: Wat verwag die jong lidmaat van homself en sy medelidmate?

Die Kerk is die liggaam van Christus. Hy is die Hoof en Heer van die Kerk

1. Wat in die Kerk verwag word van mense is nie mensgeformuleerde eise nie – dit is dinge wat afgelees word uit die Woord en waarop mense in gehoorsaamheid aan God antwoord.
2. Die werklike vraag is dus: Wat verwag God van sy gelowiges wat hy in sy Kerk laat tuiskom?

Wat God verwag, is geen geheim nie

1. Wat in die Kerk verwag word van mense is nie mensgeformuleerde eise nie – dit is dinge wat afgelees word uit die Woord en waarop mense in gehoorsaamheid aan God antwoord.
2. Die werklike vraag is dus: Wat verwag God van sy gelowiges wat hy in sy Kerk laat tuiskom?

Wat God verwag, is geen geheim nie

1. Dit kan uit die Woord afgelees word.
2. Die Kerk het dit opsommenderwys saamgevat in die vier belydenisvrae.
3. Die inhoud van hierdie vrae met die strekking daarvan word vir ons duidelik deur die kategesejare.
4. Ons antwoord op hierdie vrae beteken dat ons gewillig is om hierdie roeping van God te beantwoord met geloof en dankbaarheidsdade.

Waartoe verbind ons onsself met die aflegging van geloofsbelydenis?

Ons verbind ons daartoe om uit vertroue en liefde vir God, in antwoord op sy liefde:

* met die Heer "saam te leef"
  – in volgehoue verkeer met Hom in Sy Woord en gebed te staan;

– in die volgehoue naspeur van Sy heilige wil en die gehoorsaamheid daaraan te staan en
* met die gemeente saam te leef as medegelowiges wat in woord en daad die eer verkondig van Hom wat ons tot sy wonderbare lig geroep het.

Wat beteken dit in die praktyk van die alledaagse lewe?

1. In die intieme huiskring:
   * Skrifondersoek
   * Gebeslewe
   * Uitleef van die liefdesgebod.
2. In die gemeentekring:
   * Deelname aan erediens en sakramente
   * Ampswerk wanneer daartoe geroep.
   * Offergawes
   * Barmhartigheidsdiens
   * Die aanwending van eie tyd, geld, kragte en talente soos nodig mag wees in die gemeente.
   * Die bereidheid om self gebou en onderrig te word in die geloof deur gesprekke, ampsdraers, Bybelstudie, groepbyeenkomste in die gemeente, ens.
3. In die wêreld:
   * Deur woord en daad dit duidelik te laat word dat God ons lewensgang beheer en dat Sy wil vir ons belangrik is.
   * Instrument te wees waardeur andere gebring kan word onder geklank van die Woord.

Watter houding en optrede strook nie met wat God van ons verwag nie?

1. * 'n lewenspatroon wat spreek van geen of min verbondenheid aan God.
   * Geen diepgaande geloof.
   * Oppervlakkige godsdiensbeoefening.
2. 'n Lewenspatroon wat in stryd is met die wil van die Here.
3. 'n Lewenspatroon van ONBETROKKENHEID:
   * immer op die rand van die Kerk leef;
   * onwil om mee te leef in die gemeente;
   * in massa te verdwyn en tevrede te wees as geen aanspraak op eie deelname gemaak word nie en
   * immer ander belange wat soveel tyd en kragte neem dat geen tyd meer oor is vir 'n lewe as lewende lidmaat van die gemeente nie.

Slotvraag:

* Is ons bereid om te luister en te antwoord op dit wat die Heer van ons verwag?
* Is ons bereid om onsself in so 'n mate daarmee te vereenselwig dat die uitleef daarvan nie 'n pliggestalte is nie, maar 'n beeld projekteer van 'n dankbare mens?

BYLAAG 2

INLEIDING

Huidige situasie

1. Daar is 'n neiging by mense tot onbetrokkenheid in die algemeen, ook t.o.v. die Kerk en sy aktiwiteite.
2. Groterwordende weerstand kom teen die Kerk se poging om mense tot werklike betrokkenheid by die instandhouding van hul eie geloofslewe en aktiewe meelewing in die geemente te bring, voor.
3. Die gemeenskap van die Heiliges, soos dit in 'n bepaalde gemeente uitgeleef word, word oorskadu deur mense se behoefte om eerder hulleself uit te leef in ander belangegroepe waar hul vriende is of waar 'n gemeenskaplike belangstelling gedeel word.
4. In 'n wêreld waar veelvuldige aansprake op die mens se tyd en betrokkenheid gemaak word, beklee die Kerk nie meer 'n vanselfsprekende voorkeurposisie nie, maar word dit beskou as 'n belangegroep waaraan deelgeneem kan word of wat gelaat kan word, na gelang van 'n mens se belangstelling of omstandighede.

Konklusie

Die Kerk met sy ampte word nie meer gesien as 'n gesagsinstansie wat 'n bindende beroep op 'n mens se aandag en betrokkenheid kan maak nie. Die posisie is bereik dat die gemeente nie meer gedra word deur die geloofstrewes van sy lidmate nie. Eerder het die Kerk en baie lidmate teenoor mekaar te staan gekom en word die Kerk, sy aktiewe lidmate en ampsdraers as 'n bedreiging beskou vir die vryheid wat die individu homself veroorloof, ook in sake wat sy godsdiens raak.

Vraag:

Mag die Kerk deur sy ampsdraers die lidmaat oproep tot betrokkenheid en indien wel, watter soort betrokkenheid?

BYLAAG 3

Hierdie inhoud kan gebruik word op enige van die volgende maniere:

1. Op transparant tydens die lesing.
2. Op blaaibordvelle as opsomming van die lesing.
3. As hoofpunte op 'n opsommingsvel wat vooraf aan groeplede uitgedeel word met die oog op die maak van aantekeninge.

Wat verwag die Kerk van sy Jongmense?

1. Watter band bestaan daar tussen die Kerk en sy jongmense?
2. Wie is die Kerk?
3. Watter gevolge het dit vir die verband wat tussen Kerk en jongmens bestaan?
4. Watter lig werp die feit dat die Kerk die liggaam van Christus is, op die vraag?
5. Watter middele bestaan daar om duidelikheid te verkry oor wat God van sy gelowiges verwag?
6. Waartoe verbind 'n mens jouself met belydenis van geloof?
7. Watter konsekwensies hou aflegging van geloofsbelydenis vir die gelowige in by
   * die intieme huiskring,
   * die gemeentekring en
   * die wêreld?
8. Watter lewenspatrone strook nie met wat God van ons verwag nie?

BYLAAG 4

OPDRAG VIR GROEPBESPREKING

Bespreek die volgende vrae/stellings en gee telkens 'n motivering vir u antwoord – ook met Skrifgetuienis, indien toepaslik.

1. Die Kerk is daarvoor te blameer as lidmate nie meer meeleef in die gemeente nie. Waar/Onwaar

   Motivering: .....

   .....

2. Die Kerk doen nie veel om jong belydende lidmate die volle konsekwensies van hulle belydenisbelofte te laat begryp nie. Waar/Onwaar

Motivering: .....

.....

3. Skrifondersoek, diensbywoning en meelewing in die gemeente dra nie wesenlik daartoe by om 'n mens se geloof op vaster fondamente te plaas nie. Waar/Onwaar

Motivering: .....

.....

4. Dit is onaanvaarbaar dat die Kerk homself die reg toe-eien om opsig te hou oor die lewe van lidmate, ook binne gesinsverband en om mense aan te spreek oor bv. drankmisbruik, huweliksprobleme, ens. Waar/Onwaar

Motivering: .....

.....

5. Die Kerk doen nie veel om ruimte en geleentheid te skep vir sy jongmense om bearbei te word en kerklik aktief mee te leef nie. Waar/Onwaar

Motivering: .....

.....

BYLAAG 5

DIE JONGMENS SE SIENING VAN DIE GEMEENTE SE FUNKSIONERING

Besprekingsopdrag

Formuleer as groep die tekortkominge waarvan julle bewus is of dinge wat julle anders gereël sou wou hê t.o.v. elk van die volgende:

1. Die verloop van die erediens.
2. Die ampswerk van die predikant.
3. Die ampswerk van die ouderling.
4. Die wyse waarop lidmate deelneem en meeleef in die gemeente.

O Dienswerk van die gelowige

SAAMGESTEL DEUR DS. J. COETZEE

Doel

Dit is noodsaaklik dat elke jong belydende lidmaat afsonderlik, en ook as jeuggroep in die gemeente, sal besin oor hulle betrokkenheid by die lewe en werk van die gemeente. Die jongmense moet die beskikbare leefruimte waarbinne 'n gelowige sy geloof kan uitleef en sy dienswerk kan verrig, deeglik ontgin en benut. Die doel van hierdie stuk is om u as jeuggroep te lei tot 'n verantwoordelike besinning oor u dienswerk as gelowiges.

Voorbereiding

1. *Spreker:* Wys 'n verantwoordelike persoon aan om die inhoudelike gedeelte voor te berei, d.w.s. met die oog daarop om dit te kan voordra.
2. *Hulpmiddels:* 'n Blaaibord en skryfmateriaal.
3. *Lokaalinrigting:* Rangskik die tafels en stoele so dat die kursusgangers in groepe kan sit.

Verloop van program

1. Deel die kursusgangers in groepe en laat elke groep 'n spanleier aanwys.
2. Skriflesing
3. Gebed
4. Sing
5. Lewer die lesing (sien Bylaag 1), ongeveer 20 minute.
6. Identifiseer vervolgens die terreine waar die dienswerk (Priesterskap van die gelowige) verrig kan word met die kursusgangers.
   Metode:
   * konsolideer al hierdie gegewens tot die volgende hoofgroepe of soos wat u dit die beste vind:
     – Erediens – liturgie en prediking
     – Ampswerk
     – Kategese
     – Herderlike sorg
     – Barmhartigheidsdiens
     – Evangelisasie
     – Gemeente-aktiwiteite en funksies

     } 30 minute
   * Verdeel die grootgroep in kleingroepe vir die bespreking van *een of meer* van bogenoemde aspekte in kleingroepverband. (20 minute)
   * Skryf die volgende stellings op die blaaibord. (Hierdie stellings moet eers deur elke kleingroep bespreek word en in ag geneem word by die

bespreking van die verskillende terreine van dienswerk wat aan elke groep toegewys is):
- Die dienswerk in die Kerk is die verantwoordelikheid van die ampsdraers alleen.
- Jongmense moet in die gemeente gesien maar nie gehoor word nie.
- In die gemeente word genoeg geleentheid geskep en duidelike riglyne gegee vir die dienswerk van die gelowiges. (20 minute)

* Na afloop van die kleingroepbesprekings word die gemotiveerde aanbevelings vir groter betrokkenheid van die jeug by die dienswerk in die gemeente aan die grootgroep gerapporteer. Hierdie aanbevelings word beoordeel, doelwitte word gestel en, soos nodig, onder die aandag van die kerkraad gebring. (15 minute)

7. *Afsluiting*
   Lees Ef. 4:11–12. Dit is duidelik dat ons nie maar kan indons en hoop om êrens te tref nie. 'n Weermag kan nie die oorlog suksesvol veg as daar probeer word om te veg met soldate sonder offisiere nie. Die juiste weg van die Skrif is dat deur die ampte die gelowiges toegerus word vir hulle dienswerk. Die jeuggroep moet steeds bly vra om hierdie toerusting.

Lesing: DIENSWERK VAN DIE GELOWIGE

Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie spanpoging van die kursusgangers, moet ons eers kortliks stel wat ons verstaan onder "gemeenskap van die gelowiges" en "dienswerk van die gelowiges".

1. Lees: Hand. 2:43–47 (lid van jeuggroep)

Wanneer ons die geheel van Hand. 2 noukeurig bekyk, kan ons die volgende kernpunte uitlig:
Die Skrifte word uitgelê met betrekking tot Jesus Christus (Hand. 2:36).
Mense kom tot die geloof en word gedoop (Hand. 2:38).
Hulle leef en werk as gemeente (Hand. 2:42–47).

Wat is egter die opvallende in verse 43–47?

Opvallend is die sterk *gemeenskapskarakter* (vgl. die begrippe "onderlinge" en "gemeenskaplike").

Net na die uitstorting van die Heilige Gees is die gemeenskap van die gelowiges duidelik geopenbaar. Die eerste Christene het volhard in die gemeenskap. Wat hier bedoel word, is die harmonieuse saamwees waar hulle dieselfde gesindheid gehad het, met geestelike gawes mekaar gedien het, met stoflike gawes mekaar gedien het en in die erediens saam God

KITAL

verheerlik het en saam ontvang het uit die leer van die apostels. Dit het alles gebeur omdat elkeen van hulle deur *die geloof* in Jesus Christus ingelyf is.

In 1 Joh. 1:3 lees ons: "Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is met die Vader en sy Seun, Jesus Christus." Almal wat in Jesus Christus glo, het deel aan hierdie gemeenskap wat deur die Heilige Gees bewerk word.

Wie só deel het aan God, het ook deel aan mekaar (1 Joh. 1:7). Veral deur die nagmaal word die gemeenskap aan Christus en van die gelowiges aan mekaar sigbaar. Paulus sê dat die beker die gemeenskap met die bloed van Jesus Christus is en dat die brood die gemeenskap met sy liggaam is. Omdat die gelowiges almal deel daaraan het, is hulle mense wat aan mekaar gemeenskap het. (1 Kor. 10:16–17).

2. Vanuit hierdie gemeenskapskarakter volg noodwendig die dienswerk teenoor die Here en teenoor mekaar

Die "gemeenskap bestaan daarin dat elkeen die gawes wat hy of sy ontvang het aanwend tot nut van die ander. In 1 Kor. 12, Rom. 12:1–8 en Ef. 4:11–16 lees ons van die verskeidenheid gawes wat die Heilige Gees gee en waarmee die gelowiges mekaar moet dien tot eer van God. So bou die liggaam (dit is kerk, gemeente) homself op in liefde.

Die Christelike Kerk vind dus sy wese en doel daarin dat dit as 'n gemeenskap van Gelowiges, 'n *dienende* gestalte het. Dit is 'n diensgemeenskap. Christus se hele lewe, sy menswording tot by kruisiging was 'n nederige stuk dienswerk waarin Hy Homself gegee het as 'n losprys vir baie. Uit hierdie dienswerk moet die gelowige se dienswerk voortvloei.

Elkeen wat in Christus se gemeenskap opgeneem is, kom outomaties in hierdie stroom van dienswerk tereg. Na sy hemelvaart sit Christus sy dienswerk op aarde voort deur middel van sy liggaam op aarde, die gemeente. Deur al sy dienswerk het die kerk net een doel: Om Christus aan die wêreld te verkondig. Hierdie dienswerk van die Kerk neem 'n eie struktuur en patroon aan volgens die eise en voorskrifte van die Skrif.

3. Waar staan u met betrekking tot hierdie dienswerk?

In die lig van bogenoemde gegewens is dit duidelik dat *elke gelowige lidmaat* deel is van die gegewe arbeidsmag van die Kerk.

Dit is dus nodig om vir *onsself rekenskap* te gee van ons betrokkenheid by die dienswerk wat in die Kerk verrig moet word.

Ons het per slot van rekening by *belydenis* van geloof belowe om saam te werk tot die bloei van die Godsryk in die algemeen en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder.

P Lewe na die dood

SAAMGESTEL DEUR DS. J.M. DELPORT

Doel

Na afloop van die lesing sal jongmense in staat wees om te kan aantoon dat na die aardse lewe, daar 'n ander lewe is wat ons as die ewige lewe kan bely.

Voorbereiding

1. Bepaal vroegtydig die gepaste datum, tyd en plek van die byeenkoms.
2. Reël betyds met 'n predikant of ander kundige om die aangehegte studiestuk na bestudering aan te bied.
3. Stel die deelnemers in kennis van die onderwerp wat bespreek gaan word sodat hulle ook die volgende skrifgedeeltes vooraf kan lees: 1 Tes. 4:13–14; 1 Kor. 15, 2 Kor. 5:1, Lukas 16:19–31, Lukas 19 en Lukas 23.
4. Verkry en rangskik hulpmiddels vroegtydig reg.

Hulpmiddels

1. Oorhoofse projektor, trasparante, penne en skerm.
2. Blaaibord, penne en papier.
3. Bybel vir elke deelnemer, notaboek en potlood.
4. Afgerolde vraelyste en voorbereide transparant met hoofpunte.

Lokaalinrigting

1. 'n Groot genoeg saal/konsistorie met voldoende tafels en stoele wat in 'n V-formasie geplaas is sodat elke deelnemer die aanbieder kan sien.
2. Verdeel deelnemers in groepe van 5, 7 of 9.
3. Plaas oorhoofse projektor, skerm en blaaiborde so dat elke deelnemer gemaklik aanbiedinge daarop kan volg.

Verloop van program

1. Lees: 1 Korintiërs 15:35–58
2. Gebed
3. Sing: Gesang 149:1 en 2

Lesing

1. Lesing oor die "Lewe na die dood" met behulp van hoofpunte op transparante. (20 minute)

2. Deel vraelyste na afloop van lesing uit.
3. Kleingroepbespreking aan die hand van vraelys. (± 30 minute)
4. Rapporteer terug in grootgroepbespreking. (30 minute)
5. Evalueer. (10 minute)

Sluit die verrigtinge met sang en gebed.

HOOFPUNTE VIR TRANSPARANT

1. *As ons sterf:*

* dood skei sterflike liggaam en onsterflike siel,
* aardse lewe hou op,
* gelowige het 'n huis van God – ewig in die hemel en
* dood skei siel en liggaam.

2. *Tyd tussen dood en wederkoms:*

1. * siel verhuis nie om in 'n nuwe liggaam voort te leef nie en
   * siel leef voort na dood.
2. Verblyfplek vir gelowige tot wederkoms:
   * toestand van geluksaligheid en
   * Paradys en boesem van Abraham.

3. *Wederkoms van Christus:*

* kan oordeel tussen lewende en dode,
* opstanding van die vlees,
* gelowige word met verheerlikte liggaam in hemel opgeneem en
* ewige teenwoordigheid van Christus.

4. *Ongelowiges:*

* ewige verderf,
* buite God se genade,
* plek van pyniging en sielesmart en
* plek van geween en gekners van tande.

VRAELYS

1. Wat gebeur as 'n mens te sterwe kom? (Bespreek)

2. Wat gebeur met die siel van die mens direk na sy sterwe tot voor die wederkoms van Christus?
3. Wat gebeur met die liggaam en siel by die wederkoms van Christus?
4. Hoedanig sal die opstandingsliggaam van die gelowige wees?

Lesing: LEWE NA DIE DOOD

Wanneer ons die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe bely, is daar eintlik twee sake wat direk voortvloei uit hierdie belydenis.

Ten eerste bely ons dat daar 'n einde sal kom aan hierdie aardse lewe van ons, m.a.w. ons sal sterf.

Ten tweede bely ons dat daar na hierdie aardse lewe 'n ander lewe sal wees.

Wat gebeur as ons sterwe?

Uit die Woord van God kan ons hierdie vraag antwoord deur te sê die dood is 'n skeiding van die twee elemente waaruit die mens bestaan. D.w.s. die dood is 'n skeiding tussen liggaam en siel (gees) sodat elkeen van die elemente na sy betrokke bestemming kan gaan. Die dood beteken dus nie dat die mens geheel en al ophou om voort te bestaan nie. Die dood is slegs dié skeiding tussen die onsterflike siel en die sterflike liggaam. Wanneer hierdie skeiding plaasvind, gaan die liggaam terug na die aarde waaruit hy kom (stof tot stof) en die siel van die gelowige gaan na die Here om altyd by Hom te wees. Wanneer ons dít begryp, kan ons verstaan waarom Paulus in 1 Tes. 4:13–14 sê, met betrekking tot die ontslapenes, dat hy nie wil hê dat die mense moet treur soos die ander wat geen hoop het nie. Verder verstaan ons dan ook wat Paulus bedoel in 2 Kor. 5:1 as hy sê dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n huis van God het, ewig in die hemel.

M.b.t. die onsterflike siel wat na die Here gaan, kan ons verwys na die opmerking van Christus aan die kruis toe hy vir die kwaaddoener gesê het "Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." Christus praat ook van God as die God van Abraham, Isak en Jakob. God is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes. Abraham, Isak en Jakob het wel gesterf (liggaam en gees is geskei), die liggaam het teruggekeer tot die aarde, maar die onsterflike siel leef voort.

Sterwe is dus die skeiding tussen liggaam en siel. Die liggaam keer terug tot die aarde terwyl die siel van die gelowige na die Here gaan ('n plek van geluk) terwyl die siel van die ongelowige na 'n plek van ongeluk en swaarkry gaan.

Wat gebeur in die tyd tussen ons sterwe en die wederkoms van Christus

Wanneer ons oor hierdie tydperk praat, moet ons onmiddellik daarop wys dat die siel in hierdie tyd bewustelik voort leef. Onmiddellik moet ons egter ook daarop wys dat daar nie 'n verhuising van die siel plaasvind soos sommige mense beweer nie. Met hierdie verhuising van die siel beweer die voorstanders van die reïnkarnasieteorie, word die mens se siel telkens weer in 'n nuwe liggaam gebore wanneer die ou liggaam sterf.

Na aanleiding van Christus se opmerking teenoor die kwaaddoener aan die kruis (Luk. 23:43) en die gelykenis van die rykman en Lasarus (Luk. 19:31), kan ons sê die siel van die mens leef bewustelik voort onmiddellik ná die dood (skeiding van liggaam en siel). Uit hierdie verhaal van die rykman en Lasarus leer ons ook dat Lasarus en die rykman albei – gelowiges en ongelowiges dus – onsterflik is en bewustelik voortleef direk na hulle sterwe.

Maar wat is die verblyfplek waar die onsterflike siel bewustelik voortleef?

In die Ou Testament kom die woord doderyk dikwels voor waar dit die betekenis van ryk van die dode, die vergaderplek van die afgestorwe siele, daar waar hulle in 'n onliggaamlike tussentoestand verkeer, dra (vergelyk Gen. 37: 35, Ps. 16:10, Jes. 14:9–16, Eseg. 32:21).

Ook die Nuwe Testament leer dat daar 'n verblyfplek is tussen die aardse lewe en die wederkoms van Christus. (Vergelyk Luk. 16:19–31, Lukas 23:43 en Fil. 1:23.) Die Nuwe Testament gaan egter ook verder deur te sê dat daar 'n tweërlei toestand en 'n tweërlei plek in die doderyk is. Onmiddellik na die dood word die gelowiges reeds opgeneem in die Paradys van geluksaligheid en heerlikheid of in die boesem van Abraham, net soos daar ook onmiddellik na die dood reeds smarte in die doderyk beleef word. Hierdie toestand van geluksaligheid wat die gelowige beleef en van smarte wat die ongelowige beleef, is slegs voorlopig omdat dit slegs geestelik beleef word. Na die wederkoms van Christus word liggaam en siel verenig en dan kan die volkome heerlikheid deur die gelowige en die volle smart deur die ongelowige, vir ewig gesmaak word.

Wederkoms van Christus

Oor hóé die wederkoms van Christus sal wees, laat die Bybel ons nie in die duister nie. Die terugkoms van Christus sal sigbaar wees. (Hand. 1:11, "Gallileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die Hemel toe sien opgaan het.")

Wanneer hierdie wederkoms sal plaasvind, weet niemand nie. In Matt. 24:36 lees ons: "Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie,

nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit."

Met die eerste koms van Christus het hy gekom om die wat verlore is te soek en te red, en met sy wederkoms kom hy om die lewende en die dode te oordeel. Op die dag van Christus se wederkoms sal dan ook die opstanding van die vlees plaasvind. Oor hoe hierdie opstandingsliggaam sal lyk, is daar baie vrae. Sal die opstandingsliggaam presies lyk soos die liggaam wat in die aarde weggelê is? Sal die opstandingsliggaam net so maer of vet of gebreklik wees?

As antwoord op hierdie vrae kan ons sê die opstandingsliggaam sal dieselfde wees, maar ook verskillend. Die opstandingsliggaam sal bv. geen gebrek hê nie, want die "verheerlikte liggaam waarmee die verloste sal opstaan en wat die beeld van Christus gelykvormig sal wees (Fil. 3:21), is onversoenbaar met 'n gebrekkige of misvormde liggaam. Die opstandingsliggaam van die gelowige sal 'n verheerlikte liggaam wees, d.w.s. hy sal vry wees van die sonde en die gevolge van die sonde en al die gebreke en tekortkominge is die gevolge van die sonde. Met die verheerlikte liggaam sal die gelowige opgeneem word in die hemel. Die Bybel sê nie vir ons waar die hemel presies is nie. Dit is die plek van volmaakte geluk. Dit is ook nie 'n plek waar die uitverkore volk passief sal wees nie. Diegene wat in die hemel is, sal sing tot eer van God. Hulle sal ook in 'n feestelike stemming verkeer met Abraham, Isak en Jakob. In die hemel sal daar ook eenheid wees, want almal is deur dieselfde bloed, die bloed van Jesus Christus, gewas. Wat sekerlik die grootste bron van heerlikheid en geluk is, is die ewige teenwoordigheid van Christus.

Die ongelowiges sal ègter die ewige verderf binne gaan. Waar die hel is, word nie vir ons gesê nie. Dit is 'n plek buite die hemel, 'n gevangenis, ja dit is 'n plek waarvandaan die rook van die pyniging opstyg tot in alle ewigheid, dit is 'n plek waar die vuur nie geblus word, en dit is 'n plek waar daar vir ewig 'n geween en 'n gekners van tande sal wees.

KITAL

Q Beroep (arbeid) en roeping

SAAMGESTEL DEUR DS. J. COETZEE

Doel

Om die verband tussen arbeid en roeping aan te toon as 'n riglyn by die keuse van 'n beroep en die vorming van die regte gesindheid ten opsigte van die beroep.

Metode

1. Kennisinset: lesing – Beroep (arbeid) en roeping (tydsduur: 15 minute).
2. Die volgende raamwerk van die lesing kan deur middel van 'n transparant vertoon word soos wat met die lesing gevorder word:

BEROEP (ARBEID) EN ROEPING

Inleiding

Die huidige arbeidsituasie.

Arbeid in die lig van die Bybel

* Arbeid as opdrag van God
* Arbeid as navolging van God

Arbeid is dienswerk

* Arbeid is diens aan God
* Arbeid is diens aan medemens
* Arbeid is diens aan die arbeidende mens self.

Ons beroep, beroepskeuse en roeping

Samevatting

* Arbeid is 'n opdrag van God, 'n geleentheid tot diens aan God, die medemens en die arbeider self.
* Roeping is 'n lewenshouding of gesindheid.
* Arbeid (beroep) as lewensroeping is 'n kwaliteit en gesindheid wat getoon word in die beroepsituasie.

3. Die volgende sake kan deur 'n transparant vertoon word vir bespreking in die kleingroep (40 minute) met terugrapportering (40 minute) aan die grootgroep na afloop van die lesing:

* 'n Mens se arbeid word beïnvloed deur sy vertolking van die wêreld en sy lewe in die wêreld. (10 minute)
* Arbeid as opdrag gaan gewoonlik net met moeite gepaard. (10 minute)
* Elke kleingroep moet 'n beroepskeuse maak wat dan geëvalueer word aan die hand van die volgende vrae (20 minute):
  – Waarom kan ek hierdie beroepskeuse sien as 'n opdrag van en roeping deur God?
  – Hoe kan ek my beroepskeuse uitleef as roeping in my verhouding met God, my medemens en myself?

Afsluiting

Sluit die verrigtinge af met sang en gebed.

Lesing: BEROEP (ARBEID) EN ROEPING

Inleiding

In ons moderne wêreld is daar op die arbeidsterrein baie moeilike probleme. Die karakter van arbeid is van só 'n aard dat daar dikwels vir die mens in die beoefening van sy beroep bitter min vreugde en werkstevredenheid is.

1. Aan die een kant het ons die verskynsel dat industrialisasie die mens deel gemaak het van 'n proses. In roetinewerk, soos die bediening van 'n masjien wat ook gewoonlik met swaar skofwerk en lang ure gepaard gaan, word die gees van die arbeider in 'n groot mate uitgeskakel, terwyl die liggaam oorbelas word. Aan die ander kant bestaan die gevaar van 'n té geringe liggaamlike belasting met 'n oorbelasting van die gees en verstand van die mens, wat noodwendig spanning meebring en dit wat daarmee gepaard gaan.
2. Die gebruik van die masjien (meganisasie) maak die mens deel van 'n proses van massaproduksie. Die arbeider sien dikwels nie meer die produk van sy werk nie, want hy het slegs deel aan 'n proses. Hy werk *naas* mense, maar nie werklik *saam* met mense nie.

   Die gevolg is die ontsieling van die arbeid. Die dagtaak word 'n stuk werk wat in 'n bepaalde tyd afgehandel moet word sodat 'n volgende persoon in die produksieproses sy deel kan bybring.

Arbeid in die lig van die Bybel

1. Arbeid as opdrag van God

Ons hoor dikwels die stelling dat arbeid slegs moeite en verdriet is, want die Bybel sê dan dat die mens in die sweet van sy aangesig sy brood sal eet! Dit is nie die volle waarheid nie.

Dit is so dat daar baie moeite en verdriet aan ons arbeid verbind is, maar arbeid as sodanig is nie 'n vloek of 'n las nie. Dit is nie 'n straf wat die mens opgelê is deur God nadat die sondeval plaasgevind het nie. (Gen. 3:23).

Reeds vóór die sondeval ontvang die mens die opdrag om die aarde te bewerk (Gen. 2:5–15). Wat wel waar is, is dat ook die mens se arbeid deel in die vloek wat as gevolg van die sonde op die hele lewe van 'n mens druk. As gevolg van die sonde van die mens het daar 'n verandering gekom in die verhouding tussen die mens en die aarde. Die mens loop hom as 't ware vas teen 'n weerstand van die skepping. (Gen. 3:17 en 18).

Ons moet hier goed onderskei. Die mens self word nie vervloek nie – hy word getref deur die vloek wat oor die aarde uitgespreek word. Arbeid as sodanig word ook nie vervloek nie, maar ondervind die nadeel van die vloek wat oor die aarde uitgespreek is. Die opdrag om te arbei word moeiliker uitvoerbaar.

Deur die offer van Christus is ons losgekoop van die sonde. So kry die lewe van 'n gelowige nuwe sin – ook sy arbeid kan sinvol en vreugdevol wees as dit verrig word in die geloof in Christus. Deur die krag van die opstanding van Christus, kry ook die werk van die gelowige betekenis (Rom. 8:20, 21 en 1 Kor. 15:58).

2. Arbeid as navolging van God

* Volgens die Bybel is die mens arbeider omdat hy navolger van God is. Hy moet in ses dae al sy werk doen, soos wat God in ses dae die skepping voltooi het. Oor ons arbeid lê daar dus iets van die glans van die beeld van God. Ons opdrag tot arbeid lê opgesluit in die feit dat ons gemaak is na die beeld van God. In hierdie beeld lê ook die roeping wat die mens het om God te eer. Die arbeid van die mens is dus 'n onderdeel van die mens se uitvoering van hierdie roeping.
* Die mens het dus nie 'n keuse om arbeid te verrig al dan nie. Hy is geskape deur God en het so die opdrag tot arbeid ontvang. Hierdie opdrag kan ook afgelei word uit die gebod om op die sewende dag te rus. Die mens het die opdrag om op die tyd deur God bepaal, te rus. Dit is alleen moontlik in die lig van die opdrag om ook op die tyd deur God bepaal, te werk! God wil nie dat die mens 'n slaaf van sy arbeid of beroep word nie. Die arbeidende mens verloor iets van die adel van geskape

wees na die beeld van God as hy nie ook gehoor gee aan die grens wat God gestel het, nl. die rus nie.

Arbeid is dienswerk

1. Arbeid is diens aan God

Die opdrag wat God aan die mens gee om te werk, moet uitgevoer word in die skepping. Die mens is deel van God se skepping – 'n besondere deel. God stel die mens aan om te heers oor die skepping.

In Psalm 8 besing die digter die eer en heerlikheid van God. Dit word bevestig deur die wonder van dit wat God geskep het. As heerser oor en bewerker van God se skepping, moet die mens sy opdrag só in verantwoordelikheid teenoor God uitvoer, dat God geëer en verheerlik word deur die arbeid van die mens.

Ook by die uitvoering van hierdie opdrag is die mens gebonde aan die Wet van God, soos dit saamgevat word in die gebod van liefde tot God en die naaste. Die mens kan sy opdrag om oor die skepping te heers alleen volbring in liefde tot God en die naaste.

Hoe druk die mens in sy arbeid sy liefde tot God uit? Dit gaan hier om die gesindheid waarmee die mens sy arbeid verrig. 'n Gesindheid van eerbied vir God en dankbaarheid vir die voorreg om in opdrag van God te kan arbei, is 'n vereiste. Die regte gesindheid hou ook die besef in van 'n diepe afhanklikheid voor God en 'n bereidheid om ook in jou beroep te handel volgens die wil van God. So 'n gesindheid dryf ons nie alleen tot arbeid nie, maar word ook duidelik in ons arbeid. Die doel van elke stukkie werk wat ons verrig, moet altyd wees om God daardeur te verheerlik.

2. Arbeid is diens aan die medemens

Daar is beroepe waar die verhouding tot 'n medemens 'n direkte verhouding is. Ons dink hier aan die versorgende en diensverlenende beroepe soos bv. verpleging en maatskaplike werk. Daar is ook ander beroepe waar daar 'n minder direkte verhouding tot 'n medemens is, bv. 'n persoon wat in 'n fabriek werk en op sy eie met sy masjien 'n deel doen van 'n bepaalde produksieproses. Selfs in hierdie geval is daar tog op een of ander manier 'n onderlinge verband tussen arbeiders en tussen hulle arbeid. In ons arbeid en beroep sal ons nooit ons medemens uit die oog mag verloor nie, nie eers in ons gesinsverband en huishouding waar elkeen sy plig het nie.

Die liefde teenoor die naaste moet ook in ons arbeid na vore kom. Die doel van ons arbeid is dus die eer van God én die welsyn, dus die belange van die naaste. Ons arbeid is dus gebonde aan die norme van die liefde tot God en tot die medemens.

KITAL

Die besteding van dit wat ons deur ons arbeid verdien, kom ook hier ter sake. Dit wat die mens ontvang as loon op sy arbeid, ontvang hy nie net vir homself nie. 'n Mens wat dankbaar teenoor God is vir dit wat hy ontvang het, sal dit ook met ander wil deel. Die arbeiders het dus 'n verpligting tot die onderhouding van die gemeente/kerk sodat die evangelie uitgedra kan word.

Hiermee saam is elkeen geroep tot die diens van barmhartigheid. So moet elkeen as staatsburger ook sy deel bydra (belasting) tot die groei en welsyn van die staat.

3. *Arbeid is ook diens aan die arbeidende mens self*

Daar is mense wat so opgaan in hulle eie arbeid ter wille van hulleself, dat hulle arbeid op hulleself gerig is en geen rekening hou met die medemens of selfs God nie. So 'n mens word 'n slaaf van sy werk. Uiterlik vertoon hy 'n beeld van volle verantwoordelikheid en toegewydheid. Weens fisiese en psigiese tamheid en oorbelasting ontstaan by so 'n mens 'n innerlike werkloosheid. 'n Oorbelasting van verantwoordelikheid en roeping in die arbeid, kan arbeid en beroep sinloos en doelloos maak.

Die regte perspektief is dat die mens so moet arbei dat hy in sy eie lewensonderhoud moet voorsien. In Gen. 1:28 vind ons dat die mens ingeskakel word om die aarde te bewerk sodat dit vrugte (produkte) kan oplewer wat noodsaaklik is vir die lewensonderhoud van die mens.

Ons beroep, beroepskeuse en roeping deur God

Teenoor die ontsieling of ontwoording van arbeid, is dit van die grootste belang dat ons ons werk sal sien in die lig van die roeping deur God. Die kerkhervormers het ons daarop gewys dat die roeping van God nie iets is wat tot 'n mens kom wat hom terugtrek in 'n klooster nie. Roeping geld vir elke mens in sy beroepsfeer. God roep ons nie *uit* die wêreld of *uit* die lewe uit nie, maar juis *in* die lewe, in die beroepslewe.

In die moderne arbeidsituasie is dit nie altyd maklik om jou werk as 'n goddelike roeping te sien nie. In die geloof is dit egter moontlik. Ook in die mees beskeie beroep kan ons God dien en ook tot diens wees van ons medemens en onsself.

Elkeen van ons mag dus sy beroep of beroepskeuse sien as 'n goddelike roeping. Dit is verkeerd om net die werk van die predikant, dokter of verpleegster te sien as die enigste beroep waardeur 'n mens 'n roeping vervul.

Soos op al die terreine van ons lewe het ek as Christen nie die reg om slegs my eie begeertes na te volg as dit kom by my eie beroepskeuse nie. Ek moet my as Christen afvra op watter plek en op watter wyse ek deur my

arbeid die beste in diens van God en van my medemens kan staan en so op die beste manier my lewensbestemming kan bereik.

Samevatting

1. Arbeid is 'n opdrag van God aan die mens om in navolging van God saam met God te werk. Arbeid is 'n geleentheid tot diens aan God, die medemens en die arbeider.
2. Roeping is 'n lewenshouding, lewenswyse en lewenstyl in jou arbeid. Dit verskaf die kwalitatiewe dimensie in 'n kwantitatiewe produksiesituasie. Dit beteken dat "roeping" alle lewensterreine deursuur. Dit is nie soseer om-geroep-te-wees vir 'n besondere taak nie, maar dit is eerder die kwaliteit en gesindheid wat 'n mens in sy besondere beroep of arbeid na vore laat kom.
3. Arbeid as lewensroeping is dus arbeid as lewensdiens. Dit beteken dus dat arbeid nie die roeping is nie, maar dat:
   Arbeid gesien moet word as 'n geleentheid tot diens; as 'n geleentheid om die heerskappy van God te demonstreer. Die wyse en die kwaliteit waarop met mense, dinge en jouself omgegaan word, maak van 'n beroep 'n roeping.

R Aborsie

SAAMGESTEL DEUR DS. R.M. NAUDÉ

Doel

Om jongmense te laat kennis neem wat aborsie is. Voorts moet jongmense gelei word om te kan bepaal wanneer aborsie strydig met Gods Woord sal wees.

Voorbereiding

Om dié program geslaagd aan te bied, moet die volgende voorbereidings getref word:

1. *Spreker*
   Reël vooraf met 'n predikant/jeugouderling/kundige om die onderwerp te bestudeer en aan te bied aan teenwoordige jongmense.
2. *Uitdeelstukke*
   Dupliseer die lesing om ter geleëner tyd aan teenwoordiges uit te deel.
3. *Hulpmiddels*
   'n Oorhoofse projektor mag gebruik word om 'n opsomming van die lesing aan teenwoordiges te vertoon. 'n Blaaibord en skryfmateriaal is noodsaaklik.

Lokaalinrigting

1. Hou die byeenkoms in die kerksaal, konsistorie of enige ander ruimte wat groot genoeg is om teenwoordiges rondom tafels te akkommodeer.
2. Maak voorsiening dat kursusgangers in groepe van ±5–7 om 'n tafel plek inneem.
3. Rangskik die tafels en blaaibord (ook oorhoofse projektor indien gebruik) so dat al kursusgangers die spreker kan sien.

Verloop van die program

1. Laat teenwoordiges in groepe verdeel en by die tafels plaasneem.
2. Skriflesing (Ps. 139), gebed en sang.
3. Die aangewese persoon lewer die lesing en kan van 'n transparantopsomming gebruik maak om belangrike punte onder die aandag te hou. Aanwesiges maak ook opsommings terwyl die lesing aan die gang is met die oog op latere beantwoording van die kontrolevrae. (30 minute)
4. Na afloop van die lesing word die gedupliseerde stukke aan teenwoordiges uitgedeel.

5. Die groepe wys vervolgens elkeen 'n groepleier aan wat die kleingroepbespreking kan lei n.a.v. die gegewe vrae wat aan die einde van die lesing staan en wat namens die span teruggerapporteer word.
6. Kleingroepbespreking word gevoer n.a.v. die kontrolevrae aan die einde van die lesing. (30 minute)
8. Elke groepleier sal vervolgens namens die span terugrapporteer. Die teruggerapporteerde gedagtes word kernagtig op die blaaibordvelle neergeskryf en na aanleiding hiervan word 'n grootgroepbespreking gevoer, saamgevat en sluiting verkry. (30 minute)

Afsluiting

Die verrigtinge word met sang en gebed afgesluit.

Lesing: ABORSIE

Daar bestaan twee soorte aborsies. Die een word abortus provocatus genoem. Dit dui op die afdrywing van 'n vrug uit die moederskoot wat daarbuite nog nie lewensvatbaar is nie. Hierdie is 'n kunsmatige aborsie. Dit tweede soort aborsie word spontane aborsie genoem. Hierdie aborsie vind op 'n natuurlike wyse plaas as gevolg van gesondheidsredes. Dit staan ook bekend as 'n miskraam. Wanneer ons oor aborsie praat, dan word die abortus provocatus, die kunsmatige aborsie, bedoel.

Dit is belangrik vir die bespreking oor aborsie om te weet wanneer die menslike lewe begin. Die algemeen aanvaarbare siening is dat die menslike lewe begin wanneer die eiersel in die baarmoeder van die vrou bevrug word. Van daardie oomblik af is die eiersel lewensvatbaar en kan gepraat word van 'n mens-in-wording. Prakties beteken dit dat wanneer 'n vrou die vermoede het dat sy swanger is, sy reeds 'n mens in haar dra. Hierdie mensie is nie maar net een of ander orgaantjie of 'n ongewensde gewas wat verwyder kan word nie. Hierdie embrio lyk reeds op 'n vroeë stadium soos 'n volledige mens. Drie weke na bevrugting is die kop van die embrio reeds sigbaar. Die hart klop en voer bloed deur sy eie bloedsomloop. Na agt weke dryf die kind beskermend in vrugwater. Sy gesig, hande en voete is reeds sigbaar. Dit is dus belangrik dat ons die embrio sal sien as voluit mens wat geregtig is om te lewe. Aborsie is dus niks anders as die beëindiging van hierdie lewe nie.

Dit beteken egter nie dat daar geen moontlikheid bestaan dat 'n aborsie uitgevoer kan word nie. Ons moet ook 'n onderskeid maak tussen vrye aborsie en wettige aborsie.

* Vrye aborsie is dié aborsie wat gedoen word op aanvraag. Vir die voorstaanders van hierdie tipe aborsie is geen werklike rede nodig om aborsie te doen nie. As 'n vrou nie 'n kind in die wêreld wil bring nie dan versoek

sy dat die kind verwyder word en dit word gedoen. Dit het selfs voorgekom dat iemand gevra het vir 'n aborsie omdat die swangerskap 'n gesinsvakansie in Europa sou verongeluk. Daar is ook baie ander faktore wat agter vrye aborsie kan skuil: ligsinnigheid, gemaksug, luiheid en egoïsme. Ons kan nie anders as om die vraag te vra of 'n ander se lewe geneem moet word ter wille van die lewe wat ons wil lei? As 'n ongetroude meisie swanger raak, moet haar kind dan boet met sy lewe vir die onverantwoordelike optrede van sy moeder? Vrye aborsie kan nie anders beskrywe word as die wederregtelike neem van die lewe van 'n voorgeboortelike kind nie.

* Aborsie is wettig wanneer dit dringend noodsaaklik is as gevolg van ernstige omstandighede. Wettige aborsie is nie die wederregtelike neem van 'n lewe nie, maar dit bly die neem van 'n lewe. Juis daarom moet met groot verantwoordelikheid toelating tot aborsie gegee word. Die volgende is 'n paar redes wat in aanmerking geneem moet word vir wettige aborsie. Hierdie redes word indikasies genoem:

Die mediese indikasie

Wanneer swangerskap lewensgevaarlik is vir die moeder of as dit blywende en ernstige skade vir die gesondheid van die moeder beteken, kan aborsie toegelaat word.

Hierin lê twee elemente opgesluit, nl. die vitale en die terapeutiese indikasies. Die vitale indikasie beteken die direkte dood van die kind om die lewe van die moeder te red. Die terapeutiese indikasie beteken dat die ontwikkeling van die kind gevaar vir die moeder inhou. Die vitale indikasie is dikwels 'n noodsaaklike rede vir 'n aborsie. Die lewe van 'n moeder word as belangriker geag as dié van die ongebore kind omdat die afsterwe van die moeder 'n groot leemte sou geskep het binne gesinsverband. In die geval van die terapeutiese indikasie waar die gevaar nog in die toekoms lê, is dit moeilik om te beoordeel of aborsie regverdigbaar is of nie. Die vraag is of daar van bedreiging sprake kan wees as dit nog nie teenwoordig is nie? In so 'n geval sou dit beter wees om geduld te beoefen en die gesondheid van die moeder en die ontwikkeling van die kind dop te hou en te soek na 'n uitweg om die lewe van die moeder en kind te red.

Die Psigiatriese indikasie

Swangerskap kan die psigiese lewe van 'n vrou ernstig bedreig. As hierdie psigiese gesteldheid van die moeder nie 'n tydelike insinking is nie maar die swangerskap blywende ernstige skade tot gevolg kan hê, dan word aborsie 'n noodsaaklikheid. Aborsie word in so 'n geval verdedigbaar as die moeder 'n volwaardige lewe sal ontbeer as die kind gebore sou word.

Hierby moet egter in gedage gehou word dat psigiese probleme psigiatriese behandeling vra. Aborsie is nie 'n geneesmiddel nie.

Die Juridiese indikasie

Wanneer swangerskap die gevolg is van 'n kriminele handeling soos aanranding of geslagsverkeer van 'n minderjarige of vertraagde, word aborsie 'n moontlikheid.

As voorwaarde vir toelating tot aborsie moet die egtheid van die aanranding bo alle twyfel bewys word. 'n Aanranding moet dadelik aangemeld word by die polisie. 'n Onmiddellike ingryping deur 'n vaginale uitspoeling is hier geoorloof. 'n Swangerskap wat ten spyte hiervan voorkom kan die gesinslewe verwoes. 'n Aborsie is geoorloof alhoewel dit nie al die skade wegneem wat gedoen is nie.

Aborsie moet nie gesien word as reël nie, maar as 'n uitsondering wat in uiterste omstandighede toegepas kan word. Die rede hiervoor is dat die Bybel 'n positiewe waardering van die lewe het en ons oproep om lewe te beskerm en te bewaar. Dit geld ook vir die mens voor die geboorte. (Vgl. Ps. 139:13–16). God ken die embrio, daarom is ons verantwoording aan God verskuldig as hierdie lewe geneem word.

VRAE

1. Noem die twee soorte aborsies.
2. Wanneer begin die menslike lewe?
3. Hoe moet ons die embrio sien?
4. Wat is aborsie?
5. Wat is vrye aborsie?
6. Wat is wettige aborsie?
7. Wat is 'n indikasie?
8. Noem die 3 indikasies vir wettige aborsie?
9. Is swangerskap buite die huwelik 'n rede vir aborsie?
10. Wat sê die Bybel oor die embrio?

S Nagmaal

SAAMGESTEL DEUR DR. M.J. DU P. BEUKES

Doel

Kursusgangers moet in staat wees om aan die hand van die gegewe kursusmateriaal die volgende te kan weergee:

1. Waarom dit noodsaaklik vir 'n gelowige is om nagmaal te gebruik.
2. Dat dit sonde is om weg te bly van die nagmaal.
3. Wie nagmaal moet gebruik.
4. Wie nie nagmaal mag gebruik nie.
5. Hoe dikwels 'n gelowige nagmaal behoort te gebruik.

Tyd	Aktiwiteit	Tegniek	Bron
15 min.	Lesing oor die nagmaal	Lesing	Inleier en oorhoofse projektor
15 min.	Vraelys individueel invul	Kennisinset	Vraelys
30 min.	Kleingroepkonsensus oor vraelys	Kennisinset	Vraelys
30 min.	Grootgroepterugrapportering en bespreking	Evalueer	Blaaibord en pen

Voorbereiding

1. Reël betyds met die predikant wat die lesing na aanleiding van die referaat sal aanbied oor die datum, tyd en plek van byeenkoms.
2. Vermeerder vroegtydig genoeg vraelyste.
3. Die volgende hulpmiddele word gebruik:
   * Oorhoofse projektor
   * Blaaibord, pen
   * Papier en potlode vir kursusgangers.

Lokaalinrigting

1. Maak gebruik van 'n groot genoeg saal/konsistorie waarin tafels en stoele in die waaierbandformasie geplaas word, sodat elke kursusganger die spreker, aanbieder en blaaiborde/oorhoofse projektor kan sien.
2. Verdeel kursusgangers in groepe van 5, 7 of 9.

Verloop van program

By aanvang van kursus moet spanindeling reeds afgehandel wees.

Opening:

Lees: 1 Korintiërs 11:17–34
Gebed
Sing: Gesang 325 vers 2

Aktiwiteite

1. Lesing oor die Nagmaal.
2. Deel vraelyste uit na lesing.
3. Kleingroepbespreking nadat dit individueel voltooi is.
4. Rapporteer in grootgroep deur groepantwoorde op blaaibord neer te skryf.
5. Evaluering deur predikant.
6. Sluit af met gebed.

Lesing: DIE NAGMAAL

Hoekom moet ons nagmaal gebruik?

Ons moet nagmaal gebruik omdat Jesus Christus dit self beveel het. Wanneer die apostel Paulus die instellingswoorde van die nagmaal vir ons gee, sê hy dat Jesus Christus self gesê het "Doen dit tot my gedagtenis." Hierdie woorde van Jesus is 'n uitdruklike bevel. Jesus het nie gesê as jy so dink of as jy so voel moet jy nagmaal gebruik nie – jy moet dit doen. Dit beteken dat elke Christen wat sonder goeie rede wegbly van die nagmaal, besig is om te sondig.

Waarom het Jesus Christus beveel dat elke gelowige nagmaal moet gebruik? Op hierdie vraag word vir ons 'n baie duidelike antwoord gegee in ons "Geloofsleerboekie" vrae en antwoorde 58 en 59. In vraag 58 word gevra: "Hoe skenk God ons geloof". Die antwoord: God, die Heilige Gees, werk die geloof in ons as ons die Woord van God hoor. Die mens kan nie self sy geloof verwerf of verdien nie, God met Sy Gees gee dit. God gee dit nie op enige willekeurige wyse nie, God gee dit in die besonder deur die Bybel wat die kerk aan ons verkondig. Ons moet egter nie net tot die geloof kom nie, ons moet glo totdat ons die laaste asem uitblaas. Ons geloof moet voortdurend versterk word. In vraag 59 word gevra: Hoe word ons geloof sterk gemaak? Die antwoord: "Ons geloof word versterk deur die hoor van Gods Woord en die gebruik van die sakramente." Op 'n hoorbare wyse verkondig die Bybel aan ons: Jesus Christus het vir al jou sonde betaal. Hy

het jou deel gegee aan die ewige lewe. Hierdie selfde waarheid verkondig die nagmaal op sigbare wyse aan ons. Net soos God die gepredikte Woord gebruik om ons te verseker dat Jesus alles gedoen het vir ons saligheid, net so doen Hy dit deur die nagmaal. Deur die nagmaal gee God aan ons geloof in Jesus Christus, deur wie ons deel het aan die saligheid. Dikwels gebruik ons nagmaal en na die nagmaal voel ons miskien nog presies soos voor die nagmaal. Maar tog onbewustelik is ons geloof versterk. Die mens wat werklik omgee vir sy geloof en vir sy saligheid sal daarom nie sondermeer van die nagmaal wegbly nie.

Is dit sonde om weg te bly van die nagmaal?

Sonde is nie alleen wat ons doen nie, maar ook dit wat ons nie doen nie. As die Bybel beveel dat ons as gelowiges die nagmaal moet gebruik en ons doen dit nie, dan sondig ons natuurlik. As jy wegbly van die nagmaal dan sê jy indirek: My geloof is groot en sterk, so groot en sterk dat ek die versterking wat die Here my wil gee as onnodig beskou. Wegbly van die nagmaal is 'n teken van wil slimmer wees as God. As jy wegbly van die nagmaal dan sê jy indirek: Here u weet nie wat goed en reg is nie, ek weet self en daarom gebruik ek nie nagmaal nie. Jy sê dan indirek: Here, u wil vir my geloof gee deur die nagmaal, ek weet beter, ek kan op my eie wyse geloof verkry.

Wie moet nagmaal gebruik?

Ons het reeds gesê dat die nagmaal ons geloof versterk. Dit beteken dan outomaties dat die nagmaal gebruik moet word deur mense wat reeds glo. Die kerk stel die vereiste van mense wat reeds glo en belydenis van geloof gedoen het. Hierdie eis word om twee redes gestel: Hulle wat nagmaal gebruik, moet die liggaam van die Here kan onderskei (1 Kor. 11:29). Dit beteken die nagmaalganger moet weet waarom dit in die nagmaal gaan. Dit kan hy alleen weet as hy in hierdie waarheid gekatkiseer is.

Die Kerkraad moet toesien dat die nagmaal nie ontheilig word nie, dat ongelowiges nie nagmaal gebruik nie. Die Kerkraad kan alleen weet of mense gelowiges is as daardie mense hulle geloof bely het. Die "Geloofsleer" sê: "Hulle wat goed weet wat geloof is en gelowig leef, moet nagmaal gebruik." (Antwoord 71.) Geloof en goeie werke is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As jy glo dan leef jy ook soos 'n gelowige. As jy roekeloos leef dan beteken dit jy glo nie en dan mag jy nie nagmaal gebruik nie.

Wie mag nie nagmaal gebruik nie?

Uit bogenoemde is dit reeds duidelik dat die ongelowiges en daarby is

ingesluit die wat leef in stryd met die gebooie van God, nie nagmaal mag gebruik nie.

Daar is vandag baie gelowiges wat nie nagmaal gebruik nie. Hulle verskoning is gewoonlik: Ons is onwaardig om nagmaal te gebruik. Hulle dink die nagmaal is alleen ingestel vir sondelose, volmaakte mense. As dit van die mens se sondeloosheid en sy volmaaktheid afhang, dan mag niemand nagmaal gebruik nie, want geen mens is sondeloos en volmaak nie. As ons sondeloos en volmaak was, dan was die nagmaal nie nodig nie.

Baie verwys na die nagmaalformulier en sê ek is besmet met een van die sondes wat in die nagmaalformulier opgenoem word, naamlik "alle afgodsdienaars, almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander skepsele aanroep; almal wat aan beelde eer bewys; alle towenaars en waarsêers wat vee of mense of ander dinge besweer en aan sodanige beswering glo; alle veragters van God, van Sy Woord en van die heilige Sakramente; alle Godslasteraars; almal wat begeer om tweedrag, sektes en muitery in kerke en wêreldlike regerings aan te rig; alle meinediges; almal wat hulle ouers en owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twissoekers en dié wat in haat en nyd teen hulle naaste lewe; alle egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, woekeraars, rowers, dobbelaars, gierigaards en al diegene wat 'n ergerlike lewe lei."

As ons almal eerlik wil wees dan moet ons erken dat ons elkeen al een of ander tyd een of meer van die sondes gepleeg het wat hier opgenoem word. Dit beteken nou nie dat ek dan moet wegbly van die nagmaal nie. Die formulier gaan verder *"Hulle almal moet, solank as hulle in sulke sondes volhard* hul van hierdie spyse onthou wat Christus alleen vir Sy gelowiges ingestel het." Eers as jy weet 'n bepaalde iets is sonde en daarmee aanhou, moet jy jou van die nagmaal weerhou. Die formulier noem hierdie sondes nie op om ons daarmee van die nagmaal weg te dryf nie. Hy noem dit op sodat ons sal heengaan en afsien van ons sonde om volgende keer met vrymoedigheid aan te sit. Soms gebeur dit dat jy in kwaai vriendskap leef met ander mense. Al jou pogings om die probleme uit die weg te ruim, is tevergeefs. Moet jy dan wegbly van die nagmaal? Nee, as jy alles gedoen het wat jy kan om die probleem uit die weg te ruim, dan kan jy seker nagmaal gebruik. As ons glo in Jesus Christus en leef soos gelowiges dan kan ons nagmaal gebruik, al is ons geloof nie volkome en ons werke nie volmaak nie.

Hoe dikwels moet ek nagmaal gebruik?

In die eerste Christelike gemeente het die gelowiges elke dag nagmaal gebruik. Later is die nagmaal weekliks gehou. Calvyn wou die nagmaal maandeliks hou, maar is deur die stadsowerheid verbied. Hy het toe volstaan met 'n kwartaallikse viering. Vanweë lang afstande en min predikante het ons voorouers die gebruik van vier keer per jaar gehandhaaf. Dit

sal seker goed wees as ons meer keer per jaar kan nagmaal hou. Die vier keer per jaar wat die kerk nagmaal bedien, moet die minimum wees wat ons dit gebruik. Ons behoort ons lewe so in te rig dat ons nie een nagmaal mis nie. As ons let op ons eie ongeloof en kleingeloof en onthou dat God met die nagmaal ons geloof wil versterk, dan kan ons dit nie bekostig om een nagmaal afwesig te wees nie.

VRAELYS – NAGMAAL

1. Toon aan uit die volgende dat dit noodsaaklik vir die gelowige is om nagmaal te gebruik:
   * Die instellingswoorde van die nagmaal: "Doen dit tot My gedagtenis."
   * Antwoord 59 van die Geloofsleer "Ons geloof word versterk deur die hoor van Gods Woord en die gebruik van die sakramente."
2. Waarom is dit sonde om weg te bly van die nagmaal?
3. Wie moet volgens die Geloofsleer nagmaal gebruik?
4. Mag mense wat nie in Jesus glo nie nagmaal gebruik?
5. Mag mense wat sê dat hulle in Jesus glo, maar volhard in ergerlike sondes, nagmaal gebruik?
6. Moet 'n mens eers sondeloos wees voordat jy nagmaal gebruik?
7. Wat moet 'n mens doen as jy in ergerlike sonde leef en die nagmaal is op hande?
8. Hoe dikwels behoort 'n gelowige nagmaal te gebruik?

T Die wederopstanding van die vlees

SAAMGESTEL DEUR DS. H.J. BOTES

Doel

Na afloop van die program sal elke deelnemer in staat wees om in sy eie woorde te kan weergee wat dit beteken as die kerk leer: "Ons glo in die wederopstanding van die vlees."

Hulpmiddels

1. 'n Swartbord wat in twee kolomme verdeel kan word, of twee blaaiborde.
2. Vraelyste wat na afloop van die bespreking uitgedeel word.
3. 'n Bybel vir elke deelnemer.

Lokaalinrigting

1. Hou die byeenkoms in die kerksaal of konsistorie waar daar genoeg ruimte, stoele, ens. is.
2. Verdeel die teenwoordiges in groepe van nie meer as agt per groep nie en sorg dat elke groep só bymekaar sit dat hulle die spreker kan sien.

Metode van aanbieding

1. Die predikant bied die inhoudelike deel van die program aan. (30 minute)
2. Die jongmense sit in groepe dwarsdeur die aanbieding van die hele program.
3. Die besware teen die leer van die opstanding word op die een blaaibord geskryf, terwyl die Bybelse siening op die ander een neergeskryf word.
4. 'n Keuse van psalms of gesange vir gebruik tydens die opening en afsluiting kan gemaak word uit die volgende:
   * Psalms 32 en 118:11–14.
   * Gesange 142, 143, 144, 145, 146, 147, 148, 149, 150, 151 en 152.
5. Nadat die stof behandel is, bespreek die kleingroepe dit waartydens vrae deur die groepe geformuleer word. (20 minute)
6. Vervolgens word geleentheid gebied dat elke groep se vrae gestel kan word vir beantwoording deur die predikant.
7. Dan word 'n waar/onwaar-vraelys individueel deur elke teenwoordige voltooi, waarna konsensus in spanverband verkry word. (Sien addendum: *Vraelys.)* (20 minute)

8. Die spanleiers ruil die span se antwoorde uit en die predikant verskaf die antwoorde en die puntewaarde, terwyl die vraelyste nagesien word.
9. Hierna word die punte opgetel en op die blaaibord neergeskryf om te bepaal watter span wen. Dit kan op die volgende manier gedoen word:

Span	A		B		C		D	

10. Afsluiting met gebed en sang.

Verloop van program

1. Skriflesing uit 1 Kor. 15.
2. Gebed.
3. Sang (sien punt 4).
4. Die predikant behandel die inhoud van die program soos uiteengesit. Telkens kan bespreking onderbreek word deur aangewese tekste op te soek en een van die jongmense te vra om dit voor te lees.
5. Die groepe bespreek die praatjie en formuleer die vrae.
6. Elke spanleier stel namens sy span die vrae en dit word dan op die blaaibord neergeskryf, waarna die predikant dit beantwoord.

Inhoud

1. Inleiding

Sondag na Sondag bely ons saam met alle ware Christene: *Ons glo in die wederopstanding van die vlees.* Daar is egter talle mense en selfs godsdienste wat sê dis waansinnig om so iets te glo, byvoorbeeld die mense wat al die klem op die mense se verstand laat val en redeneer iets kan net geglo word as dit vir die verstand aanvaarbaar is. Omdat die opstanding van die vlees vir die verstand so totaal onmoontlik is, verwerp hulle hierdie belydenispunt summier.

Allerhande besware word gewoonlik aangevoer om te bewys dat die opstanding onmoontlik is, soos byvoorbeeld: As al die mense wat deur alle eeue heen dood is, gelyktydig moet opstaan, sal daar nie genoeg plek vir almal op aarde wees nie. Of vrae soos die volgende word gevra: Hoe kan 'n mens lewend word as sy liggaam tot stof verweer het? Wat van dié wat verdrink het en bv. deur roofvisse verteer is.

Van die vernaamste sektes wat die opstanding ontken, is die Jehowagetuies en die Apostelsekte. Hulle sê prontuit die Kerk dwaal as hy leer: Ons glo in die opstanding van die vlees.

2. Wat leer die Bybel i.v.m. die saak

Volgens 1 Kor. 15, veral vanaf vers 14, word dit duidelik gemaak dat die

Kerk op grond van Bybelse getuienis bely as die Kerk sê: Ons glo in die wederopstanding van die vlees.

As ons 1 Kor. 15 van naderby bekyk, sien ons dat Paulus hier in twisgesprek tree met mense in sy tyd wat beweer: "dat daar geen opstanding van die dooies is nie."

Nou redeneer Paulus soos volg:

* Christus is *opgewek* uit die dode, en hy voer daarvoor verskillende bewyse aan (verse 4–8).
* As Christus dan werklik opgewek is (d.w.s. as dit 'n histories vasstaande feit is) dan is daar mos 'n opstanding van die dooies.
* Voorts maak Paulus hierdeur duidelik dat daar 'n noue verbondenheid is tussen Christus se opstanding en die opstanding van ons mense. Dit blyk duidelik uit verse 13–23.

  As ons dit ontken, dan sê Paulus, is ons geloof en prediking inhoudloos (vers 14), dan kan ons maar soos die heidene sê: "Laat ons eet en drink en vrolik wees want môre sterf ons" (vers 32).

3. Dus, die eerste belangrike saak waaraan ons aandag moet gee, is: Die feit dat Paulus in 1 Kor. 15 sê daar is 'n noue verbondenheid tussen ons opstanding en Christus s'n. (D.w.s. ons opstanding sal soos syne wees. Hierdie feit word in ander skrifgedeeltes ook bevestig, bv. Rom. 8:11, Rom. 8:29, Fil. 3:21 en II Kor. 4:4.)
4. As die Bybel ons leer dat ons opstanding sal soos Christus s'n wees, moet ons vervolgens kyk hoe het *Hy* opgestaan.

   * Volgens Lukas 24:36 het Christus liggaamlik opgestaan.
   * Volgens Lukas 24:39 sê Christus: "Kyk na my hande en my voete: Dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."

     Christus het dus in die liggaam waarin Hy geleef en gesterf het opgestaan.

5. Samevatting

* Die Bybel leer dus:
  Ons sal opstaan soos Christus opgestaan het.
* Sy opstanding was liggaamlik.
* Die Kerk bely dus korrek as hy sê "Ons glo in die wederopstanding van die vlees."

6. Die Verheerlikte liggaam

Alhoewel hierdie selfde liggaam van my opgewek sal word, kan dit in sy aardse vorm nie die Koninkryk van die hemel beërwe nie. (1 Kor. 15:50)

As dit dan so is, is die opstanding dan mos nutteloos. Hoe staan die saak?

Antwoord:

* Dit is dieselfde vlees wat opstaan, maar –
* hierdie vlees word (soos Fil. 3:21 dit stel) "verander om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam."

  Uitvoerig maak Paulus dan ook hierdie saak van die verheerlikte liggaam (waarin ons swakke, sterflike liggame verander sal word) in 1 Kor. 15:35 vervolgens duidelik met verskillende beelde, bv. met die beeld van die koringkorrel (uit die wêreld van die landbou).

Slotsom

As ons al hierdie Bybelse gegewens in aanmerking neem, kan 'n mens net tot die slotsom kom: Die Kerk is Bybels korrek as hy bely: "Ons glo in die opstanding van die vlees."

Oor die hele saak van die opstanding, het Luther die volgende gesê in 'n preek wat hy op 11 Mei 1544 gehou het:

"Vir die verstand is die opstanding van die vlees 'n bespotlike ding ... maar ons het hier met 'n artikel van die *geloof* te doen, die geloof wat juis 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie ... Diegene wat sê dat die vlees nie kan opstaan nie omdat dit vir hulle verstand onmoontlik lyk, vergeet die hoofartikel van die Christelike geloof, nl.: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde..." Hulle wat sê dat die opstanding van die vlees onmoontlik is omdat dit vir die oog van die verstand so lyk, vergeet dat God almagtig is, dat die aarde aan Hom behoort, en die volheid daarvan (Ps. 24) en dat alle dinge vir Hom, die Almagtige, moontlik is al lyk dit ook vir ons verstand 'n bespotlike ding."

Daarom:

* Met my lewe behoort ek aan God – nie soos 'n lemoen wat ek kan uitsuig en dan vir God teruggooi nie.
* My liggaam is iets werd ómdat dit ewigheidswaarde het.

ADDENDUM: VRAELYS

Individueel				**Span**	
Waar	Onwaar	1.	"Wederopstanding" beteken weer opstaan.	Waar	Onwaar
Waar	Onwaar	2.	Ons sal opstaan soos Christus opgestaan het?	Waar	Onwaar

Waar	Onwaar			Waar	Onwaar
		3.	Christus se opstanding was liggaamlik?		
		4.	Christus het geëet na sy opstanding?		
		5.	God het alles uit niks geskape?		
		6.	God wat 'n mens uit stof geskape het, kan 'n mens wat tot stof vergaan het weer opwek?		
		7.	Dit was Paulus wat gesê het: Laat ons eet en drink want môre sterf ons.		
		8.	Christus was die eerste mens waarvan ons in die Bybel lees wat uit die dood opgestaan het.		
		9.	Die opstanding van Jesus Christus is volgens die Bybel die opstanding van Sy vlees, op so 'n wyse dat Sy opstandingsliggaam 'n *verheerlikte liggaam* was.		

U Vanwaar die voorleser in die erediens?

SAAMGESTEL DEUR DS. J.H. VAN HEERDEN

Doel

Om die teikengehoor te laat begryp waar die instelling van 'n voorleser in ons erediens vandaan kom. (Hierdie lesing kan ook so "gemanipuleer" word om ander sake van belang aan te sny, soos bv. die gewigtigheid van die skriflesing as element van die erediens, die plek en taak van die ouderling in die erediens en gemeente, die behoefte aan beter toerusting van ampsdraers en lidmate en persone om die toerusting te behartig.)

Voorbereiding

1. *Spreker*
   Reël vooraf dat iemand aangewys word om die inhoudelike gedeelte van die stuk deur te werk om die onderwerp te kan inlei.
2. Dupliseer die *vraelyste* asook die opdragte vir besprekings.
3. Versamel die nodige *hulpmiddels*, te wete vraelyste, afgerolde studiestukke, opdragvorms en blaaibord/e. 'n Oorhoofse projektor kan gebruik word tydens die lesing om die hoofpunte op 'n skerm te flits.

Lokaalinrigting

4. Rig die lokaal vroegtydig so in dat die kursusgangers in groepe (nie meer as agt per groep) om die tafels versamel, met dié voorbehoud dat almal die spreker kan sien.
5. Hou rekening met die feit dat die teikengehoor in spanne gedeel moet word voordat die kursus begin.

Verloop van die program

1. Verdeel groep jongmense in kleingroepe en laat hulle as sodanig plek inneem rondom die tafels. Laat elke groep 'n spanleier aanwys.
2. Skriflesing.
3. Gebed.
4. Sing.
5. Lesing word gelewer. (20 minute)
6. Deel vraelyste uit, en laat elke lid dit voltooi. (20 minute)
7. Elke groep vergelyk afsonderlik in spanverband die antwoorde op vrae 15 tot 21, bespreek dit, en bereik konsensus indien moontlik. (15 minute)

8. Opdrag 1 of/en 2 word aan elke groep gegee en uitgevoer. (30 minute)
9. Elke groep rapporteer terug in die grootgroep m.b.t. opdrag/te op die blaaibord. (15 minute)
10. Evaluering van die opdrag geskied in die grootgroep onder leiding van die predikant. (15 minute)
11. 'n Afskrif van "Vanwaar die voorleser ..." en 'n korrek voltooide vraelys word aan elke lid gegee.
12. Afsluiting.

Lesing: VANWAAR DIE VOORLESER IN ONS EREDIENS?

In byna al die gemeentes van ons kerk is dit die gebruik dat 'n ouderling die voorsang opgee, en dat hy die Wet en Belydenis voorlees. In hierdie gebruik verskil ons van die meeste ander kerke. Tog is die gebruik van 'n voorleser nie 'n nuwe gebruik nie. Sy taak was in die beginjare van die Christelike Kerk anders as nou, en het van tyd tot tyd, en van plek tot plek verskil, maar hy was van die vroegste jare af 'n bekende figuur in die Kerk. Dit blyk duidelik uit 'n studie wat ds. J.J.P. Müller, 'n predikant van ons Kerk, gemaak het en wat gepubliseer is in "Hervormde Teologiese Studies", 'n teologiese tydskrif van ons Kerk. (H.T.S., Jan. 1964, bladsy 79–102).

1. Die Nuwe Testament

In Kol. 4:16 staan daar: "Wanneer hierdie brief klaar by julle voorgelees is, moet julle reëlings tref dat dit ook in die gemeente van die Laodisense voorgelees kan word; en die een wat van Laodisea af sal kom, moet ook by julle voorgelees word." Uit hierdie, en ook ander tekste, soos bv. 1 Tess. 5:27, Open. 1:3 en 1 Tim. 4:13, blyk dit dat die voorlesing van die Bybel by die erediens baie belangrik was. Dit is egter nie so duidelik presies wie vir die voorlesing verantwoordelik was nie. Die gegewens is ook nie voldoende om bindende afleidings daaruit te maak vir ons gebruik vandag nie.

2. Die vroeg-Christelike Kerk

'n Mens moet onthou dat Bybelgedeeltes in daardie tyd nog met die hand oorgeskryf is en daarom skaars was. Verder kon min mense lees. Dit was ook waar van baie wat in die erediens moes preek. So het dit gebruiklik geword dat iemand wat goed kon voorlees gereeld uit die Ou Testament voorgelees het en ook die apostels se briewe voorgelees het. Die taak om voorleser te wees, is onderskei van die dienswerk van leraars, ouderlinge en diakens. Die voorleser se taak was dus om die skriflesing te doen en gewoonlik is 'n besondere lidmaat hiervoor aangewys. By die keuse van 'n voorleser is daar gelet op sy geloof en sy lewenswandel.

Selfs waar daar nie iemand was wat kon preek nie, is dit as baie belangrik beskou dat die skriflesing gereeld moes voortgaan. Slegs hier en daar is 'n voorleser toegelaat om die skriflesing ook uit te lê waar 'n prediker nie beskikbaar was nie.

3. Die Reformatoriese tyd en daarna

Gedurende die Middeleeue is die skriflesing heeltemal verwaarloos. Eers met die Hervorming van die Kerk is die onmisbare waarde van die Bybel weer begryp. Die skriflesing het weer soos in die begin die belangrikste deel van die erediens geword. Dit was 'n groot werk om die inhoud van die Bybel van voor af vir kerkmense te leer. So het die werk van voorleser ook weer belangrik geword. In baie gemeentes is daar tot 'n uur voor die erediens reeds begin met voorlesing uit die Bybel. Die voorleser het hierdie voorlesing behartig of was die prediker daarmee behulpsaam.

Met die uitvinding van die boekdrukkuns het Bybels meer vryelik beskikbaar geword. Al hoe meer mense het ook geleer om te lees. So het die voorleser algaande weer op die agtergrond getree, behalwe in streke waar daar 'n baie groot tekort aan predikante was. In daardie gevalle het die voorleser die bykomstige taak gekry om goedgekeurde preke voor te lees na die skriflesing.

In Nederland het sake bietjie anders verloop. Daar het die voorleser later 'n vaste instelling geword. Hy moes ook die voorsang opgee en voorlees en verder ook die Wet en Belydenis. Soms moes hy ook die kinders katkiseer en het hy opgetree as sieketrooster.

4. Die Kaapse Kerk

Die Nederlandse gebruik is aan die Kaap voortgesit. Die voorleser het selfs meer werk gekry. Behalwe die skriflesing voor die erediens, het hy ook huweliksgebooie afgekondig en die bewys van lidmaatskap van vertrekkende of nuwe lidmate bekend gemaak. Tog is daar lateraan al hoe meer van hierdie gebruik afgewyk. Teen 1885 het die voorleser heeltemal uit die Kaapse Kerk verdwyn.

5. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die Voortrekkers het baie van die gebruike van die Kaapse Kerk, onder andere dié van die voorleser, met hulle meegebring na die Transvaal. Vanweë die groot tekort aan predikante het die voorleser 'n belangrike figuur gebly. Selfs waar daar 'n predikant was het die voorleser behoue gebly omdat die gemeentes baie uitegestrek was. Die voorleser was gewoonlik ook kategeet, sieketrooster en onderwyser. Hy is deur die kerkraad aangestel en het gewerk in oorleg met die predikant.

Mettergaan het die voorleser egter ook in die Hervormde Kerk op die agtergrond geraak. Die predikant het self die Skriflesing waargeneem in die erediens en 'n ouderling het die voorsang opgegee asook die Wet en Belydenis gelees. Sedert ongeveer 1950 tree ouderlinge om die beurt op as voorleser.

6. Die ouderling as voorleser vandag

Die werk van voorleser is nie 'n nuwe taak in die Kerk nie. Tog verskil die taak van 'n voorleser soos ons hom ken in ons Kerk vandag heeltemal van dit wat tradisioneel 'n voorleser se taak was.

BYLAAG 1

Waar/Onwaar-vraelys oor die voorleser in ons erediens

	Waar	Onwaar
1. Die voorleser is vandag 'n bekende figuur in al die kerke.		
2. Die werk van 'n voorleser soos ons dit ken in ons Kerk, verskil baie van die werk wat 'n voorleser vroeër gedoen het.		
3. In die tyd van die apostels is die gereelde voorlees van die Skrif as baie belangrik beskou.		
4. Ons lees daarvan in die Nuwe Testament.		
5. In die vroeg-Christelike kerk kon party van die predikers nie lees nie.		
6. Gedurende die Middeleeue is die skriflesing heeltemal verwaarloos.		
7. Die Kerkhervormers het gesê dat die Bybel die enigste bron en maatstaf is vir ons geloof en lewe.		
8. In die tyd van die Hervorming was die werk van 'n voorleser baie belangrik.		
9. In daardie tyd kon 'n voorleser ook sy eie preek lewer as hy wou.		
10. In Nederland moes die voorleser ook ander werk doen, soos bv. om kinders te katkiseer.		
11. In die begin was predikante skaars in die Kaapse Kerk.		
12. Voorlesers was toe baie nodig.		
13. Die Voortrekkers het die gebruik van 'n voorleser saamgebring na die Transvaal.		

KITAL

14.	Voorlesers het in Transvaal dikwels die predikant bygestaan in die vroeë jare.	
15.	Die voorleser tree sterk op die voorgrond in dié tyd waarin die Kerk groot waarde heg aan die kennis van die Bybel.	
16.	Hoe skaarser predikante was, hoe belangriker het die werk van voorlesers geword.	
17.	Dit is 'n ouderling se werk om toesig te hou dat die Skrif rég gepreek word.	
18.	Dit is 'n ouderling se werk om ook toesig te hou oor die lewe en die leer van elke lidmaat.	
19.	Die Wet van God en die Belydenis is vir 'n ouderling belangrik vir sy werk.	
20.	Net die predikant mag in die erediens praat.	

BYLAAG 2

OPDRAG VIR GROEPBESPREKING

1. Oor die eeue heen het die Kerk geoordel dat kennis van die Skrif van onmisbare belang is. In tye van nood het die Kerk bekwame lidmate aangewys om deur hulle dienswerk in hierdie behoefte te voorsien. By tye het hierdie persone ook kinders onderrig in die kennis van die Skrif.
2. Beantwoord en bespreek die volgende vrae:

   Is daar vandag onder lidmate genoegsame kennis van die Skrif?
   Is daar by lidmate 'n behoefte om meer kennis?
   Sal beter kennis van die Skrif meebring dat 'n mens meer nut kry uit die prediking?
   Is daar enige verband tussen die tekort aan predikante en die Skrifkennis van lidmate?
   Indien wel, kan die Kerk iets leer uit die voortdurende gebruik van die Kerk oor die eeue heen?
   Indien wel, is dit nog toepaslik in ons veranderde moderne samelewing?
3. Die ouderlinge moet toesig hou oor die regte prediking van die Skrif en oor die leer en lewe van die Gemeente. Die werk van die voorleser het nooit hierdie taak ingesluit nie. Van sy eintlike taak het daar eintlik niks oorgebly wat nie deur die predikant oorgeneem is nie. Aan die anderkant is ons gebruik van ouderlinge wat om die beurt die Wet en Belydenis in die erediens voorlees, 'n gebruik wat baie onlangs ontstaan het.

   Sou dit enige werklike verskil maak as die predikant ook die voorlees van die voorsang, Wet en Belydenis oorneem?

Die toesigtaak van die ouderling word gedoen aan die hand van die Wet en die Belydenis. (Die Wet sê hoe ons moet lewe, en die Belydenis sê hoe ons moet glo.) Is dit nie om die rede tog sinvol dat juis die ouderling die Wet en die Belydenis aan die Gemeente voorlees nie?

V Christenskap en Afrikanerskap

SAAMGESTEL DEUR PROF. S.J. BOTHA

Doel

Om toehoorders te laat verstaan dat Christenskap en Afrikanerskap nie met mekaar in botsing is nie; eerder dat my Christenskap vir my groter verantwoordelikhede in die uitlewing van my Afrikanerskap te weeg bring.

Voorbereiding

1. Reël betyds met die aanbieder (heelwaarskynlik 'n predikant) i.v.m. die datum, tyd en plek van byeenkoms.
2. Vermeerder vroegtydig genoeg afskrifte van die lesing vir oorhandiging aan toehoorders – natuurlik ná afloop (vir bewaring en latere verwysing). Indien so verkies, moet die kontrolevrae ook gedupliseer word.
3. 'n Oorhoofse projektor kan gebruik word om die hoofpunte van die lesing aan te toon en 'n blaaibord waarop toehoorders se kontrolevraeantwoorde aangeteken kan word, is wenslik.

Lokaalinrigting

1. Maak gebruik van 'n saal/konsistorie waarin tafels en stoele in die waaierbandformasie geplaas word. Die tafels en stoele moet natuurlik so geplaas word dat elke kursusganger die aanbieder en moontlike projeksiedoek kan sien.
2. Verdeel kursusgangers in groepe van 5, 7 of 9.

Verloop van program

1. Opening: lees 'n gepaste Skrifgedeelte, doen 'n gebed en sing 'n toepaslike Psalm/Gesang. (5 minute)
2. Die aanbieder lewer die lesing – verkieslik deur van 'n transparant wat hyself voorberei het gebruik te maak waarop die hoofpunte aangedui is. (20–30 minute)
3. Hierna word die kontrolevrae aan toehoorders uitgedeel of voorgehou vir individuele beantwoording en daarna vir bespreking in die kleingroep. (20 minute)
4. Die aangewese groepleier (wat vooraf deur elke groep aangewys word) rapporteer dan die groep se antwoord terug aan die aanbieder wat die antwoorde op 'n blaaibord neerskryf. (20 minute)

5. Die aanbieder lewer hierna kortliks kommentaar op die antwoorde wat ontvang is en verkry sluiting. (10 minute)
6. Afsluiting: sang en gebed. (5 minute)

Lesing: CHRISTENSKAP EN AFRIKANERSKAP

Dit is goed om rekenskap te gee oor die vraag òf en hoe ek tegelyk Christen en Afrikaner kan en moet wees. Dit is goed om verantwoording te doen omdat daar mense is wat sê dat 'n Christen nie ook nog 'n volksmens en patriot, 'n Afrikaner, kan wees nie. Maar dit is ook ter wille van onsself goed om ons te verantwoord oor die korrekte verhouding tussen Christenskap en Afrikanerskap. Ons kan die vraag ook bietjie anders formuleer en so stel: Kan ek tegelyk lidmaat van die kerk en lid van 'n volk wees en wat is die korrekte verhouding tussen kerk en volk?

Nou is daar twee uiterstes wat ons dadelik wil afwys. Aan die een kant is daar 'n onbybelse vermenging van kerk en volk. In die eerste geval kan ook weer twee houdings onderskei word. Die eerste houding word militant gepropageer deur die Wêreldraad van Kerke en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Volgens hierdie siening is die Nuwe Testamentiese Kerk een groot wêreldbroederskap en moet grense tussen nasies en volkere binne die kerk totaal uitgewis word. Wie die verskille tussen nasies en volkere nog binne die kerk wil erken, skend die universaliteit van die kerk van Christus. Veral by ons in Suid-Afrika, waar ons verskillende rasse het, moet die kerk se antwoord op die verhoudingsprobleme die vertoning van 'n kleurlose, raslose, volklose broederskap wees. 'n Tweede houding stam uit die Piëtisme. Hiervolgens word die kerk en elke gelowige losgemaak van sulke aardse sake soos volk en nasie, omdat die kerk en gelowige hom alleen besig moet hou met die persoonlike wedergeboorte en bekering van individue en die toestand van die eie siel.

Ten opsigte van die tweede uiterste kan ook twee houdings onderskei word: Òf die kerk kan as 'n nuttige diensmaagd van volk en staat gesien word en dan mag die kerk ook nie die volk of die regering kritiseer of teregwys oor sondes nie, òf die kerk moet die eie volk as uitverkore volk van God ophemel en feitlik verafgod soos in Nazi-Duitsland onder Hitler gebeur het.

Wat sien ons nou wel as die korrekte verhouding tussen kerk en volk? Die Nederduitsch Hervormde Kerk aanvaar uitdruklik die volkskerkgedagte. Vir dié Kerk beteken dit dat daar 'n noue verbondenheid tussen kerk en volk moet wees. Die Kerk verstaan dit egter so dat in die begrip volkskerk, nie die begrip *volk* nie, maar die begrip *kerk* die *bepalende* is. Dit gaan dus om die kerk van Jesus Christus met alles wat ons van die kerk bely. Maar nou neem die kerk van Jesus Christus tog binne die raamwerk

en kultuurmilieu van elke volk 'n organisatoriese gestalte aan en om effektief die Evangelie te verkondig, praat die kerk ook die taal van die volk.

Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk beteken dit dat die Kerk openbaring is van die een, algemene, heilige, Christelike kerk binne die Afrikanervolk. Nou sien die Kerk dit so dat hy verantwoordelik is vir die Afrikanervolk, om dié volk rondom die Woord van God te vergader en aan die volk die Woord te verkondig soos dit op alle terreine van die volkslewe moet geld. Die evangelie moet die bepalende invloed hê op die staatkundige, maatskaplike en kulturele lewe wat die volk voortdurend daartoe oproep om 'n heilige gemeenskap te wees wat voortdurend tot eer van God leef.

Die Kerk wil die ideale van die Afrikanervolk toets aan die Woord en voortdurend daaraan rigting gee. Die Kerk sien dus dat hy 'n roeping en verantwoordelikheid teenoor die Afrikanervolk het en nie dat daarmee 'n wesensverband tussen kerk en volk bestaan nie.

As individuele lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk is ek dus in die eerste plek lidmaat van die kerk van Jesus Christus met alles wat dit inhou. Aan Jesus Christus behoort ek en Hom moet ek gehoorsaam, dien en bely. Tog hou ek nie daarmee op om lid van die Afrikanervolk te wees nie en praat ek nou ook nie skielik 'n ander taal nie. Meer as ooit is ek nou medeverantwoordelik vir die volk waarbinne God my die lewe gegee het om as lidmaat van die kerk mee te werk en te streef daarna dat elke lid van hierdie volk en elke terrein van hierdie volk se lewe gekersten sal word en voortdurend hervorm sal word na die eise van Gods Woord. Daarom sal ek ook my deel doen om die beste belange van hierdie volk te dien en teen te staan wat vir die volk skadelik is.

Dit beteken nie dat ek die Afrikanervolk sal gaan beskou en ophemel en verabsoluteer as die enigste goeie en uitverkore volk wat hom teenoor ander volke kan verhef en wat nooit foute kan maak nie. Inteendeel, as Christengelowige, wat myself voortdurend moet toets aan en hervorm na die eise van die Woord, is dit my roeping en taak om my medevolksgenote ook daartoe op te roep en om krities vanuit die Woord my volk te help bou. Hierby moet ook 'n ander belangrike aspek in gedagte gehou word. Die Afrikanervolk het die onverdiende voorreg ontvang om binne die wieg van die Christendom gebore te word. Dit gee nie die Afrikaner die reg tot selfverheffing en selfgenoegsaamheid nie, maar dit bring vir die Afrikanervolk as volk en elkeen van ons as individuele lede van die volk, 'n duiselingwekkende verantwoordelikheid mee om as Christengelowiges in gehoorsaamheid teenoor God te lewe. Dit vra van my as gelowige Christen, lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk, dubbele verantwoordelikheid en getrouheid om my roeping en taak teenoor kerk en volk na te kom.

My Afrikanerskap is dus nie in botsing met my Christenskap nie, maar my Christenskap bring vir my groter verantwoordelikhede mee in my uitlewing van my Afrikanerskap.

KONTROLEVRAE

1. Watter aspek is die belangrikste: Afrikanerskap of Christenskap? Motiveer.
2. *Die volkskerkgedagte*. Sê in jou *eie* woorde wat jy daaronder verstaan.
3. Watter *gesindheid* moet ek as Christen en as Afrikaner teenoor ander taal- en rassegroepe openbaar? Verduidelik kortliks jou antwoord.
4. Ons sê "... my Christenskap bring vir my groter verantwoordelikhede mee in my uitlewing van my Afrikanerskap." Noem ongeveer *vyf* moontlikhede/areas waarbinne hierdie verantwoordelikhede na vore tree.

W Die Christen en televisie

SAAMGESTEL DEUR DS. P.J. VAN STADEN

Doel

Om die kursusganger te laat besef dat dit van die TV-kyker afhang of TV 'n seën of euwel is.

Voorbereiding

1. Berei die studiestuk *(Bylaag 1)* deeglik voor om die onderwerp te kan inlei.
2. *Hulpmiddels*
   Versamel die nodige hulpmiddels, te wete twee blaaiborde, skryfpapier en potlode.
3. *Lokaalinrigting*
   Rangskik die tafels en stoele so dat die kursusgangers in groepe kan sit.

Die program self

1. Deel die kursusgangers in groepe en laat elke groep 'n spanleier aanwys.
2. Skriflesing.
3. Sing.
4. Gebed.
5. Hou 'n *dinkskrum* oor die voor of nadele van televisie. (30 minute)

   Skryf al die voor- en nadele genoem op die blaaiborde neer.
   (In plaas van 'n dinkskrum kan twee kursusgangers vooraf aangewys word om die voor- en nadele te debatteer en daarna volg 'n grootgroepbespreking. As u baie tyd vir voorbereiding het, kan u selfs 'n situasieskets (rolspel) skryf waarin bv. die negatiewe en positiewe aspekte van televisie in 'n gesinsopset verbeeld word, aan die hand waarvan bespreking gevoer word deur middel van vraelyste.)
6. Lewer die lesing. (30 minute)
7. Grootgroepbespreking met terugrapportering op die blaaibord. (15 minute)
8. Evaluering van bespreking en gevolgtrekking. (15 minute)
9. Afsluiting.

Lesing: DIE CHRISTEN EN TELEVISIE

1. Inleiding

Die woord *televisie* se grondbetekenis is om ver te laat sien en dis presies

wat hy ook doen. In die proses vra hy ons volle aandag; ons oog en oor is immers betrokke, van terloops daarmee omgaan soos bv. met die radio is daar nie sprake nie en daarom is sy invloed soveel meer.

Dié besondere eienskappe (kan) veroorsaak dat TV tegelyk tot groot voordeel, maar ook tot groot nadeel gebruik kan word. Soos bv. 'n inspuiting – ons kan moeilik net praat van die nadele daarvan. Dit hang af of dit reg gebruik word. As dit verkeerd gebruik word, kan dit noodlottig wees. So ook TV. Dit het egter gekom om te bly en dit gaan net nie werk om absoluut negatief daaroor te wees nie. As ons dit nie as "venster op die wêreld" gebruik nie, gaan ons kultureel en opvoedkundig skade ly. As ons dit egter verkeerd gebruik (of as dit óns gebruik!) kan dit bitter nadelig en werklik "kougom vir die oë", "idiot box" en 'n "eenoogmonster" wees. Alles hang dus af van wat ons daarmee doen.

Daar is baie navorsing hieroor gedoen (by ons veral deur die RGN). Kom ons kyk na van die bevindings m.b.t. eerstens, inligting en opvoeding en tweedens, sosiale verhoudings.

2. Inligting en opvoeding

Dis natuurlik 'n onskatbare voordeel dat ons ooggetuies kan wees van gebeure oor die hele wêreld, dat afstande so oorbrug word en ons horison verruim word. Dink maar hoeveel belangrike persone en nuusgebeure deesdae selfs vir kinders bekend is. Hoe leer 'n mens nie jou eie plek in die wêreld ken nie! Op vele terreine kan belangstelling werklik op 'n besondere manier gestimuleer word.

Omdat die oë ingespan word, kan TV van onskatbare waarde vir opvoeding wees, hoewel dit seker nie tot sover genoeg benut is nie. Sommige geleerdes dink egter nie veel van die opvoedkundige moontlikhede van TV nie: 'n mens moet leer deur te dink en self uit te vind en dit doen TV juis nie. Ander gaan verder: vir 'n kind in elk geval, is dit direk nadelig. Baie tyd wat nodig is vir liggaamlike, sosiale en geestelike ontwikkeling (om nie te praat van studie en lees nie), word passief voor die TV deurgebring, verbeeldingryke spel wat nodig is vir ontdekking, redeneer, denke en emosionele belewing ly skade. Dis nog nie al nie, sê ander: TV vernietig die verbeelding van 'n kind – die beelde wat die kind moes bou, word vir hom klaargemaak gegee. TV het al en sal nog baie passief en lui maak om te dink. Dit, dink ek, kan ons met sekerheid sê.

RGN-ondersoeke toon nie veel negatiewe invloed op TV-kykers by ons aan nie. Huiswerkgewoontes en leespatrone het nie veel verander nie behalwe dat minder strokiesprente en fotoverhaalboekies gelees is, wat sekerlik 'n baie positiewe gevolg is. Dit groot hoeveelheid buitelandse programme (waar baie negatiewe invloed gevind is) waarsku egter dat ons wakker moet loop. Soos op alle gebiede, hang dit ook hier af van die vraag: hoe gebruik ons TV? Miskien kan ons sport ook hierby insluit. Dit hang

van ons af of TV tot aktiewe deelname en tot groter belangstelling stimuleer en aan die ander kant of dit passiwiteit bevorder.

3. Sosiale verhoudings

Ook hier geld dit: óns is grootliks verantwoodelik daarvoor of daar 'n positiewe invloed van uitgaan òf 'n bitter negatiewe, of kommunikasie en goeie verhoudings bevorder word en òf dit afgebreek word.

TV kan 'n gesin vrugbaar bymekaar hou wat aand vir aand uitmekaar sou spat, mits hulle geleentheid skep om met mekaar (ook oor die programme) te gesels; dit kan egter ook 'n gesin beroof van tye om gesellig in gesprek met mekaar of met opbouende speletjies besig te wees. As jy hom toelaat, kan hy ook gesellige etenstye en tye vir huisgodsdiens omver gooi.

Hy tas ouerlike gesag aan, sê baie ouers. Dis egter nie altyd 'n geregverdigde beskuldiging nie. Dalk moet ons in die verband eerder sê dat TV die vermoë het om alles te vergroot: juis daar waar swakhede is, word dit duideliker as ooit blootgelê. Dit skep nie soseer spanning nie, maar waar spanning is, word dit soveel groter. Dit kan juis 'n vergrootglas wees om 'n gesin te toon wie hy is. Dis ook ons wat moet besluit of ons ampsdraers met die TV gaan laat meeding en of 'n belangrike besoek nie dalk kan ontaard in 'n frustrasie vir almal nie.

Dat die groot hoeveelheid geweld op TV op die lang duur 'n skadelike invloed moet hê, daaroor is baie navorsers eenstemmig (veral bv. in Amerika waar 'n 14-jarige reeds ongeveer 11 000 moorde gesien het). Dit moet mense leer om met geweld saam te leef sodat hulle onbetrokke en onsimpatiek teenoor ander word in bv. ongelukke en aanrandings. Sommige navorsers toon aan dat geweld op TV beslis mense meer gewelddadige optrede laat sien as oplossing vir probleme, veral vir mense wat aggressief van geaardheid is. (Daarteenoor is daar diegene wat bevind het dat geweld op TV in sommige gevalle kan dien as afleier en juis mense soms minder aggressief maak.) Dit kan direk misdaad bevorder, is baie se mening: 'n voorbeeld is die vlaag bomdreigemente na 'n besondere film oor Amerikaanse TV van 'n bom in 'n vliegtuig. Wat nog van die kind in Los Angeles wat betrap is toe hy besig was om fyn glasstukkies in sy ouers se kos te gooi net om te sien of dit so goed werk soos op TV?

Bevindings van die RGN wys duidelik dat dit nie hoef te lei tot verswakking van sosiale verhoudings nie. Inteendeel, navorsing toon dat jongmense by ons meer hartlik was en meer gehou het van sosiale deelname en groepsaktiwiteite. Hulle was ook meer suksesvol in hulle menseverhoudings. Die verklaring hiervoor is miskien dat die nuwigheid van TV 'n onderwerp van bespreking kan wees. Miskien ook dat daar identifikasie met 'n sekere karakter plaasvind of dat sosiale gedrag nageboots is wat eie sosiale verhoudings vergemaklik het.

4. Gevolgtrekking

TV kan baie aan ons doen. Ons moet egter sorg dat dit óns is wat doen: dat dit hý is wat die gas bly en óns die baas. Hy mag nie ons tye na sy smaak en tot ons ongerief reël nie. Hy mag nie ons werk oorneem nie en ons moet nie van hom verwag wat hy nie is nie. 'n Kinderopvoeder veral, is hy beslis nie. Daar sal geleentheid geskep moet word om saam met ons familie rondom die TV te sit en oor programme te praat sodat almal gehelp word om 'n smaak te vorm. Kyk krities – dis die eerste reël – neem standpunt in en as dit afgeskakel moet word, verduidelik waarom. As dit nodig is, maak ook beswaar deur die regte kanale.

Kyk krities. Hierdie kan 'n gevaarlike wapen wees om ons gewoond te maak aan dinge wat vir ons vreemd is (en moet wees!). Onthou ook: hy het die vermoë om te werk soos 'n vergrootglas – goeie eienskappe beter laat vertoon en swakkes swakker. Hy kan dus ook handig in die politiek gebruik word om 'n (soms ten onregte) gunstige of ongunstige beeld van 'n leier te skep. Besef dit en kyk krities.

Dit bring ons by die volgende reël: Kyk aktief. Moenie 'n beeld vorm oor bv. 'n openbare figuur slegs as gevolg van die indruk op TV nie – lees oor hom en luister. Lees waar dit moontlik is voor en na programme.

Vir Bybelprogramme: hou 'n Bybel byderhand en gaan soek agterna verder. TV kan mens passief en verbeeldingloos maak. Dit mag ook aanleiding daartoe gee dat mense nie meer hulleself kan vermaak nie en altyd vermaak wil word.

Nog 'n goue reël: Kyk selektief. Beplanning is 'n moet. Bepaal vooraf watter programme gekyk gaan word en help die jongeres daarmee. As daar gaste kom, besluit of dit sinvol vir almal is as die stel aanbly – indien nie, skakel dadelik af.

Gebruik TV, laat hy 'n venster vir jou wees, maar moenie deur hom gebruik word nie – hy kan nogal 'n ongemaklike baas wees.

X Kerk en sekte

SAAMGESTEL DEUR DS. W.J. SLABBERT

Doel

Om die groeplede negatief te oriënteer teenoor die aanvaarding van lidmaatskap van sektekerke.

Hierdie bespreking wil nie detailkennis oor die leer van verskillende sektegroepe deurgee nie, maar die punt onderstreep dat in die beoordeling van 'n sektegroep, die korrektheid van hulle leer, die swaarste moet weeg.

Voorbereiding

1. Reël met 'n predikant om die bespreking waar te neem.
2. Dupliseer genoegsame eksemplare van bylaes soos aangeheg by hierdie skets.
3. Hulpmiddels: blaaibord (2 indien moontlik) en pen, plakband, muur om blaaibordvelle te plak.
4. *Lokaalinrigting:* Genoeg tafels (indien moontlik) en stoele vir die verwagte getal persone. Plaas die stoele in groepies van 5 tot 8 vir die gespreksgroepe.
5. Beplan die indeling van groepe sodat mense van naastenby dieselfde ouderdom in elke groep is. By jonger groepe kan 'n volwassene geplaas word om as groepleier op te tree.

Verloop van program

1. *Plasing* van gespreksgroepe.
2. *Skriflesing:* 2 Tim. 3:10–17
   Gebed
   Sing: Ges. 306:1
3. *Kenmekaarsessie:*

Opdrag aan groeplede om die volgende inligting aan die groep bekend te maak:

* Naam en van
* Beroep
* Waar woon hy/sy
* Hoeveel weet hy/sy van sektegroepe en hul leer.

4. Bespreking van onderwerp

Inleiding
Programleier lei die onderwerp in deur die stellings te maak soos in *Bylaag 1*.

Opdrag vir kleingroepbespreking
Bepaal as span die name van 5 Reformatoriese Kerke en 10 sektegroepe.

Terugrapportering
Spanne noem die keuses wat hulle gemaak het en dit word op blaaibord-velle geskryf onder die hoofde Kerk/Sektes.

Konklusie
Programleier wys die groep daarop dat daar blykbaar 'n verwarring bestaan oor wat Kerk en sekte is aangesien sekere name onder verkeerde hoofde genoem is of op albei lyste verskyn.

Kennisinset
Wat is Kerk en wat is sekte?

* Voorbereiding: Elke groeplid ontvang 'n afskrif van *Bylaag 2* en 'n skryfding om eie aantekeninge van die lesing te maak.
  Die lesing geskied aan die hand van die twee gangbare definisies van 'n Kerk en 'n sekte. Moontlike inhoud vir so 'n lesing verskyn in *Bylaag 3*.

Kontrole
* Elke groeplid ontvang 'n vraelys oor die inhoud van die lesing, *Bylaag 4*, en 'n spanopdrag word gegee om as groep antwoorde te formuleer.
* 'n Antwoordlys, *Bylaag 5*, word aan elke groep voorsien om hulle antwoorde te korrigeer.
* Moontlike vrae en probleme met die beantwoording van die vraelys word nou deur die programleier beantwoord voordat oorgegaan word na die volgende aksie.

Opdrag aan groepe
Bespreek die waar/onwaar-stellings in die vraelys, *Bylaag 6*, en stel 'n groeplid aan om 'n spanantwoord, met 'n motivering waarom u span so besluit het, aan die grootgroep weer te gee.

Kontrole
Spanne kry geleentheid om hulle antwoorde terug te rapporteer.
Repliek volg na elke stelling deur die inleier.

Afsluiting
Programleier trek 'n samevattende konklusie.

KITAL

5. Addenda

Indien die bespreking verder gevoer word, bv. tydens 'n kamp, kan die volgende bygevoeg word:

Ideëberaad oor redes waarom mense by sektegroepe aansluit. (*In Gesprek met die Sekte*, A.C. Barnard, pp. 48–61, gee volledige inligting.)

Selfstudie
Indien nader ingegaan wil word op die volgende sake:
Optrede teenoor sektes
Die onbetrokke lidmaat
Sektekenmerke
Leer van sekere sektegroepe

* Voorbereiding: 'n Vraelys oor die inhoud van 'n sekere bron word opgestel en as naleesopdrag aan 'n bepaalde groep gegee.
* Terugrapportering kan geskied deur 'n memorandum te verskaf of aan elke groep geleentheid te gee om in 'n toespraak van 5 minute die inhoud van hulle studie weer te gee.
  Voorbeeld van sodanige vraelyste verskyn onder *Bylaes 7, 8, 9 en 10.*

BYLAAG 1

INLEIDING

1. Sektegroepe is 'n alledaagse verskynsel en hulle lidmaatskap groei vinnig in die laaste dekade.
2. Daar is 'n algemene gees van verdraagsaamheid teenoor die bestaan van sektes.
3. Die Kerk staan 'n groot getal lidmate af aan sektes a.g.v. huwelike.
4. Daar is 'n kwynende begrip by lidmate dat die sektekerk beoordeel moet word in die lig van die Woord.
5. Hierdie saak word vir 'n mens aktueel in gevalle waar
   * liefdesverhouding met 'n sektelidmaat tot stand kom en
   * 'n uitnodiging na 'n sekte-erediens gerig word deur 'n vriend.

BYLAAG 2

KERKE EN SEKTES

1. Wat is 'n Kerk

'n Kerk is 'n vergadering van gelowiges wat deur Christus deur sy Woord en Gees bymekaar gebring is. Hierdie Kerk word deur God in geloof en gehoorsaamheid bewaar deur dieselfde Woord en Gees en word regeer deur die ampte wat God daarvoor ingestel het.

Die kenmerke van die ware Kerk is die volgende:

* Daar waar die Woord reg bedien word.
* Die sakramente volgens die instelling en bedoeling van Christus bedien word.
* Waar die orde bewaar word volgens die opsig en tug, soos in die Skrif na vore kom.

2. *Wat is 'n sekte?*

'n Sekte is:

* 'n godsdienstige groep mense.
* Wat as groep hulle afgeskei het van die Kerk en nou vyandig teenoor die Kerk staan.
* Hulle afskeiding regverdig deur te konstateer dat die Kerk dwaal op een of meer onderafdelings van die geloofsleer.
* Hierdie onderafdelings verhef tot hoofsake waarvan die saligheid van mense afhanklik is.
* Hulleself beskou as die enigste ware gelowiges op aarde.

BYLAAG 3

Lesing: KERK EN SEKTE

Wanneer ons praat oor die onderwerp "Kerk en Sekte", dan moet ons eerstens vir onsself uitmaak wat ons bedoel met "Kerk" en wat ons bedoel met "Sekte".

A. DIE KERK

1. Definisie

"'n KERK is 'n vergadering van gelowiges wat deur CHRISTUS deur SY WOORD en GEES bymekaar gebring is. Hierdie KERK word deur GOD in geloof en gehoorsaamheid bewaar deur dieselfde WOORD en GEES en word regeer deur die AMPTE WAT GOD DAARVOOR INGESTEL HET.

Die kerk het 'n geestelike regering wat bestaan uit ampsdraers, naamlik herders, ouderlinge en diakens waardeur die kerk toegerus word met die Woordbediening, die tugoefening en die barmhartigheidsdiens sodat die kerk ook sy roeping om die evangelie in die wêreld te verkondig, kan vervul.

Die amp van die ouderling:

Die woord "ouderling" is uit die OU TESTAMENT geneem en daarmee

KITAL

word 'n persoon aangedui wat 'n regeeramp in die kerk beklee *(lees Eks. 18:19 e.v.)* Hierdie benaming word gebruik om twee soorte mense wat in die kerk van CHRISTUS dien aan te dui *(lees 1 Tim. 5:17)*. Uit hierdie gedeelte maak ons die afleiding dat daar in die kerk van daardie tyd twee soorte van ouderlinge was – diegene wat gepreek het en diegene wat oor die gemeente opsig gehou het. Hierdie tweede groep het saam met die leraars die gemeente regeer. Uit die twee gedeeltes kan ons die afleiding maak dat die ouderlinge in 'n gemeente hoofsaaklik belas is daarmee om te regeer en opsig te hou. Met die woord opsig bedoel ons: hulle moet sorg dat alles in die gemeente ordelik, stigtelik en in ooreenstemming met GOD SE WOORD verloop. Ons kan dit ook anders stel: hulle moet oor die gemeente "wag hou" net soos herders oor 'n kudde skape wag hou, sodat daar nie wolwe tussen die skape inkom nie *(lees Hand. 20:28–29)*. Dit beteken ook dat hulle die opdrag uit die WOORD VAN GOD het om die dissipline en tug in die kerk te handhaaf.

Maar om die werk tot eer van GOD en tot vooruitgang van die gemeente van CHRISTUS te doen, moet hy lewe volgens die voorskrif van Paulus in *1 Tim. 3:1–7*.

In ooreenstemming met wat ons baie kortliks hierbo uit die Bybel gesien het, word die taak van die ouderlinge, in die Kerkwet, soos volg beskryf: hulle moet sorg dat gemeentelede die erediens getrou bywoon, gereeld nagmaal gebruik en hulle kinders laat doop; self die voorbeeld stel; sorg dat die WOORD VAN GOD gereeld en reg verkondig word; opsig hou oor die leer en lewe van die predikante en die lewe van lidmate; hulle moet almal wat vervreem raak van die kerk bearbei, ens.

Die predikant

Sy eerste en belangrikste werk is om die EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS TE VERKONDIG. Naas hierdie taak het hy saam met die ouderlinge ander verantwoordelikhede ook.

Die diaken

Wat betref die amp van die diaken, kan u in Hand. 4:34–35 en in Hand. 6:1–6 gaan lees hoe, waar en waarom dit ontstaan en ingestel is.

Hulle werk is hoofsaaklik om die offergawes in te samel en om die offergawes aan die behoeftiges uit te deel.

2. Kenmerke

Hierbo het ons kortliks iets gesê oor DIE KERK, nl. WAT dit is (DEF.); daarna het ons ook kortliks gekyk na die maniere waarop GOD SY KERK hier op aarde regeer. Hy gebruik mense om die werk hier op aarde te laat

voortgaan, vir die doel het Hy bepaalde ampte ingestel waarvan ons in sy WOORD lees. Nou kom ons by 'n volgende baie belangrike saak, en dit is nl. die vraag: HOE KEN ONS DIE WARE KERK UIT of AAN WATTER TEKENS OF KENMERKE KEN ONS DIE WARE KERK UIT?

(a) Waar die Woord van God reg "bedien"/verkondig/gepreek word

Dit is die wil van GOD dat die WOORD suiwer verkondig sal word. Aangesien JESUS CHRISTUS die volkome, allesinsluitende, allesmovattende doel van God met die mens op 'n sigbare manier aan ons (= mense) bekendgemaak het, moet die lewe, werk, doel en betekenis van Jesus Christus se lewe en werk altyd in die middelpunt van die verkondiging staan. Hiermee probeer ons sê dat JESUS CHRISTUS as gekruisigde, opgestane en as die EEN wat weer kom, verkondig moet word. Waar en hoe geskied VERKONDIGING?:

deur die prediking,
tydens kategese-onderrig,
tydens huisbesoek,
tydens hospitaalbesoek,
tydens Bybelstudie en
by jeugbyeenkomste.

So kan ons voortgaan om tye, plekke en geleenthede te noem waar verkondiging plaasvind. Die belangrike saak wat in hierdie eerste kenmerk van die Kerk na vore kom is dit: JESUS CHRISTUS is die HOOF van die KERK en ons is sy eiendom, daarom moet ons HOM alleen dien. In die verkondiging van die KERK kan daar geen ander uitgangspunt wees as HY nie en kan daar ook geen ander doel wees as HY nie.

(b) Waar die sakramente volgens die instelling en bedoeling van Christus bedien word

CHRISTUS het net TWEE sakramente ingestel, nl. die DOOP en die NAGMAAL. Sakramente is tekens en seëls van dié genade van GOD dat ons deur CHRISTUS álleen verlos kan word van sonde. 'n Sakrament sê presies dieselfde as wat in die prediking gesê word. Die enigste verskil is net dit: die sakramente verkondig die genade van GOD aan ons op 'n SIGBARE MANIER. So bv. "verseker die doop ons van dieselfde dinge as Gods Woord, maar op 'n *sigbare wyse*, d.w.s. dat Jesus se bloed ons reinig van sonde". Die nagmaal verkondig op sy beurt weer op 'n sigbare wyse aan ons dat Jesus vir ons gekruisig is.

(c) Waar die orde en tug bewaar word, soos in die Skrif na vore kom

Wanneer die kerk sien dat sy lidmate ongehoorsaam is aan die Woord van

God, moet die kerk hierdie lidmate vermaan en hulle van die kerk afsny indien hulle nie gehoor gee nie. Vir die doel van die afsnyding van die gemeente bestaan daar 'n formulier wat genoem word die "FORMULIER VIR DIE BAN OF AFSNYDING VAN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS". As die kerk hierdie verantwoordelikheid nie nakom nie is so 'n persoon ongehoorsaam aan GOD en hou daardie kerk op om as deel van die WARE KERK GEREKEN TE WORD.

By al drie hierdie kenmerke het ons telkens gepraat van die Skrif/Bybel, om daarmee aan te dui dat die sake nie deur mense uitgedink is nie, maar dat God die dinge aan ons gee en dat ons daarom nie anders kan as om daarop ag te slaan nie.

B. SEKTES

Kenmerke:
'n Sekte is 'n groep mense wat:

(a) godsdienstig is – hulle noem hulle self 'n kerk wat gebonde is aan GOD se WOORD, en tog blyk dit uit hulle leer dat hulle eerder aan hulle eie wil meer gesag verleen as aan Gods Woord.

Bv. die Apostelsekte

– Die apostelamp is vir hulle die Godgewilde plaasvervanging van CHRISTUS. Die sentrale waarheid van die SKRIF, nl. verlossing deur CHRISTUS alleen word deur hulle verwerp, want hulle beskou die apostelamp as 'n ewige instelling waarsonder geen mens die saligheid kan beërwe nie.
– Lees Hand. 1:21–22 i.v.m. die vereistes waaraan 'n apostel moet voldoen.
– Naas die twee sakramente waarvan ons in die BYBEL lees, het hulle nog 'n derde sakrament, nl. beseëling. (Hand. 8:17, Hand. 19:16).
– Hulle aanvaar ook nie die gesag van die BYBEL as die enigste en onfeilbare WOORD VAN GOD nie. Van die Bybel sê hulle stigter in S.A., ene NIEHAUS, "Ons het glad nie nodig om vir die Bybel te vra of dit reg is nie", en "Dis lui en trae herders wat hulle laat drink uit die vuil putwater van die Bybel",

(b) afgeskei het van die kerk en nou vyandig teenoor die kerk staan – bv. DIE GETUIES VAN JEHOVAH. Hulle bestempel die bestaande kerk as BABILON of die ORGANISASIE VAN SATAN. Predikante word veroordeel as verleiers en aanbidders van die duiwel. Hulle bekeringsaksies word met geen ander doel gedoen nie as om vir hulleself die saligheid te verdien,
(c) hulle afskeiding regverdig deur te konstateer dat die kerk dwaal op een

of meer van die onderafdelings van die geloofsleer, en dan hierdie onderafdelings verhef tot hoofsake waarvan die saligheid van mense afhanklik is – bv. die AGS. Hulle leer kom by implikasie daarop neer dat die mens die saligheid kan *verdien* deur "volmaak te lewe". Dit beteken dat die mens CHRISTUS se verlossingswerk aan die kruis nie nodig het nie. Die implikasie hiervan is dat vraag 23 in die GELOOFS-LEER verkeerd is,

(d) hulleself beskou as die enigste ware gelowiges op aarde – bv. MORMONE. In 1820 sien hulle stigter Joseph Smith twee engele in 'n visioen wat aan hom die opdrag gee dat hy hom by geen bestaande kerk moet aansluit nie, aangesien die kerke almal op 'n dwaalspoor is. In 1823 ontdek hy goue plate waarop die "evangelie" geskryf is; hy ontvang dan ook 'n sg. profetiese bril waarmee hy die "evangelie" vertaal en die eindresultaat is dan die BOEK VAN MORMON. Hierdie boek staan naas die BYBEL, so ook moontlike toekomstige visioene. Vir hulle bestaan erfsonde ook nie.

C. Telkens wanneer ons met 'n sektegroep te doen kry, het ons gewoonlik 'n probleem met die beoordeling van die betrokke groep se opvattings. Juis a.g.v. die feit dat dit so moeilik is om 'n oordeel te vel wanneer ons met hulle te doen kry, is daar in werklikheid net een manier om te bepaal of hulle reg of verkeerd is, en dit is nl. om dit wat hulle sê te beoordeel deur gebruik te maak van die BYBEL. Die Bybel is die onfeilbare Woord van GOD waardeur HY Homself aan ons bekendmaak. In die Bybel leer ons alles wat ons behoort te weet wat nodig is vir ons om te weet i.v.m. ons saligheid. Bv., wanneer ons by die Jehovah Getuies hoor dat CHRISTUS maar net 'n mens by uitnemendheid is, moet ons dit gaan toets deur te luister wat die BYBEL i.v.m. die GODHEID VAN CHRISTUS sê. So kan ons dan die gedeeltes in die BYBEL self laat praat oor die GODHEID VAN CHRISTUS. (Lees bv. Joh. 10:30 en Joh. 14:9.)

Juis omdat daar soveel dwalings in die wêreld bestaan, kan ons nie sommer ons eie kerk verlaat en na 'n sekte toe oorgaan nie. Ons het al gewys op die verskille tussen KERK en SEKTE en ons het ook al daarop gewys dat die WARE KERK sekere kenmerke vertoon. Dit is sake wat van lewensbelang vir elke WARE GELOWIGE is. Ons moet onthou dat net GOD ons kan red van sonde. Vir die doel het Hy sy Woord aan ons gegee sodat ons alles te wete kan kom i.v.m. ons verlossing. Maar GOD het verder gegaan en aan die KERK wat HY deur die dood van CHRISTUS gestig het, hierdie WOORD ook gegee met die opdrag dat alles wat daarin staan aan die wêreld verkondig moet word. Die kerk is niks anders as 'n instrument in die hand van GOD waardeur HY genade en verlossing aan die mens wil laat verkondig nie. 'n Mens word dus nie deur die kerk gered nie maar deur GOD – alleen d.m.v. die kerk.

Die belangrike saak waarop 'n mens moet let wanneer 'n mens voor die keuse staan: KERK OF SEKTE, is of duidelik uitgemaak kan word watter een van die twee gehoorsaam is aan die WIL van GOD soos dit in die BYBEL na vore kom.

BYLAAG 4

KERK EN SEKTE

Beantwoord in spanverband die volgende vrae na aanleiding van die voorafgaande lesing.

1. Formuleer die verskil wat werklik saak maak tussen 'n kerk en 'n sekte.
2. Mag 'n mens sommer net jou kerk verlaat en by 'n sektegroep aansluit?
3. Waarna kyk 'n mens as jy moet besluit of 'n bepaalde kerk vir jou aanvaarbaar is?
4. Wie red 'n mens: die kerk of die Here?
5. Waarom is die kerk dan so belangrik in 'n mens se lewe?
6. Maak dit nie saak aan watter kerk mens behoort nie?
7. Wat is die belangrikste taak van die ouderling?
8. Waarom is hierdie werk van die ouderling so belangrik?
9. Noem 3 voorbeelde van dinge wat deur sektes tot voorwaardes vir saligheid verhef is.

BYLAAG 5

1. Die verskil lê daarin dat hulle die Bybel verskillend uitlê en verstaan.
2. Nee.
3. Mens moet kyk of die Bybel daar reg verkondig word en die sakramente reg bedien word.
4. Here.
5. Die kerk leer 'n mens *wat* jy van God moet glo en *hoe* jy voor hom moet lewe.
6. Dit maak baie saak, want wat jy van God glo en hoe jy Hom dien, sal afhang daarvan hoe jy onderrig is, m.a.w. in watter kerk jy onderrig is.
7. Opsig en tug – toesien dat lidmate die lewe voer wat voor God in orde is.
8. Mense dwaal baie maklik af van die regte lewenswyse of raak afvallig in die geloof. God wil deur sy ouderlinge keer dat mense sommer afdwaal.
9. Doop by die AGS.
   Sabbat by die Sabbatariërs.

BYLAAG 6

1. Daar is min verskil tussen 'n kerk en 'n sekte. Waarom?
2. 'n Mens behoort hom te voeg by die kerk of sekte waar hy tuis voel. Waarom?
3. Dit is nie 'n kerk wat 'n mens red nie. Waarom?
4. Die mense in alle kerke dien maar net een Here. Waarom?
5. Wanneer 'n lidmaat van 'n sektekerk by jou huis aanklop vir 'n gesprek is dit onverstandig om hom weg te wys? Waarom?
6. Leraars by sektegroepe preek beter as leraars van die susterskerke. Waarom?

BYLAAG 7

DIE ONBETROKKE LIDMAAT

Inleier

Waarom sou jy sê is dit belangrik om te kyk na onbetrokke lidmate as ons praat oor die gevare van die sektewese en die feit dat mense in groot getalle by sektes aansluit?

Kry hierdie inligting uit in 'n kort spansbespreking. Hierdie inligting sal as die stof vir julle span se inleierstoespraak dien.

Bron: *Julle sal my getuies wees* – prof. D. Booysen.

1. Wie bedoel ons as ons praat van afvalliges of vervreemdes?
2. Waarin het Israel se afwyking gelê by die goue kalf-episode?
3. Watter rol speel die gebrek aan geloofskennis by afvalligheid?
4. Wat leer Heb. 10:25 ons van afvalligheid en die gemeente?
5. Wanneer ontstaan die probleem van afvalligheid?
6. Som die probleem van afvalligheid in 3 stellings op.
7. Hoe herken ons die afvalliges in die gemeente?
8. Wat bedoel ons as ons sê hierdie mense neem 'n passiewe houding in.
9. Hoe ken ons die vervreemdes?
10. Dink julle die gevaar is groot dat hierdie mense (afvalliges en vervreemdes) uiteindelik by sektes kan beland? Waarom sê julle dit?

BYLAAG 8

OPTREDE TEENOOR SEKTES

Bron: *In gesprek met die sektes* – A.C. Barnard, bl. 63–71.

Inleier

Jou inleiding kan die gedagtes weergee soos op bl. 63, eerste 2 paragrawe, vermeld.

Vrae:

1. Waarom is kennis van die Skrif so broodnodig in 'n gesprek met 'n sektariër?
2. (a) Waarin onderskryf die Kerk waarin hy offisieël glo?
   (b) Watter waarde het hierdie kennis vir 'n gesprek met 'n sektariër?
3. Watter waarde het dit vir 'n lidmaat om kennis te hê van die tegnieke en metodes van die sektes?
4. Hoe moet ons optrede wees in ons daaglikse kontak met sektemense?
5. Hoe moet 'n mens optree as jy uitgenooi word na byeenkomste en waarom?
6. Watter metode volg die sektariër wanneer hulle mense tuis besoek (bl. 65) en watter mense probeer hulle dan bereik?
7. Watter optrede moet mens volg wanneer 'n sektariër by jou huis kom om met jou te praat en wanneer hulle literatuur kom versprei?

BYLAAG 9

JEHOWA-GETUIES

Inleier

Die inleier moet die vrae 1–4 self beantwoord en dit by wyse van inleiding aan die groep deurgee om daarna die ander vrae te beantwoord.

Bronne: *Die Hervormer:* Mei 1962, bl. 5 en Des. 1972, bl. 8
IBC-studiestuk 78

1. Wie was die "vader" van die Jehova-sekte?
2. Was sy lewe voorbeeldig soos hy beweer het?
3. Wat is die naam van die tydskrif wat Russell in 1879 begin het?
4. Waarvan is die leer van die Jehova-getuies 'n sytak?
5. Kan die wederkoms bereken word soos die Jehova-getuies al gedoen het?
6. Hoe het Russell die wederkoms bereken? Noem 3 tydvakke?
7. Hoe moet Lev. 26:18 werklik verstaan word?
8. In watter jaar sou die wederkoms volgens Russel plaasvind?
9. Wat het toe in daardie jaar gebeur?
10. Waar staan dit dat niemand die dag en uur van die wederkoms weet nie?
11. Wat dink Russell van die leer van die Drie-eenheid?

12. Wie is Jesus, volgens Russell?
13. Watter teksgedeeltes dui op die Drie-eenheid?
14. Wie het in die tweede en derde eeu n.C. beweer dat Christus maar net 'n mens is?
15. Watter Algemene Kerkvergadering het hierdie opvatting verwerp?
16. Wie het volgens Russell lewend geword in Christus?
17. Wat ontneem hulle die Verlosser?
18. Waar lees ons oor die Godskap van Jesus?
19. Watter betekenis heg hulle aan die kruisdood van Christus?
20. Wat is die kerk en wat is die gemeente?

BYLAAG 10

SEKTEKENMERKE

Inleier

Lees bladsye 7–12 van die boek wat hier genoem word om 'n inleiding te kan gee vir die vrae wat deur die groep beantwoord moet word.

Bron: *In gesprek met die sektes* – A.C. Barnard.

Skrif:

1. Wat is die wortel van die Skrifdwaling van die sektes?
2. Wat is die dwaling van Marcion?
3. Wat leer die sektes oor die inspirasie van die Skrif?
4. Noem drie misbruike van die Bybel deur die sektes.
5. Watter kwaad word gedoen deur 'n deelwaarheid van die Skrif te verhef tot middelpunt?
6. Wie moet die middelpunt wees waaruit alles gesien moet word?

Kerk

7. Wat is die gesindheid van die sekte teenoor die kerk?
8. Wat lei tot isolasie van die sekte?
9. Wat verstaan die sektes onder die getal 144 000 van Openbaring?
10. Wat is die sektes se siening oor hulself m.b.t. hulle saligheid?
11. Onder watter kritiek behoort die kerk te staan?

Ampte en persoon van Christus

12. Hoe word die ampte deur die sektes misbruik?
13. Wat is die prys wat hiervoor betaal word?

KITAL

14. Wat het Maarten Luther raakgesien as onderskeid tussen Kerk en sekte?
15. Is dit reg om die persoon van Jesus te kort te doen?
16. Is Jesus van die sektes dieselfde as die Jesus van die Skrif?

Heiliging en die Heilige Gees

17. Waarin bestaan heiliging vir die sektes?
18. Wat beteken heiliging werklik?
19. Waarby staan en val die kerk?
20. Hoe werk die Heilige Gees?

Kital

ISBN 0 7986 0950 8